

‘N KLEIN KATEGISMUS VAN DIE KATOLIEKE KERK



‘n Publikasie deur DIE ORATORIUM UITGEWERY™



KATEGGESE

INHOUD

- 1 WAT KATOLIEKE GLO
DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS
- 2 HOE KATOLIEKE HUL GELOOF VIER
DIE KERK EN DIE SAKRAMENTE
- 3 HOE KATOLIEKE LEEF
VOORSKRIFTE EN GEBOOIE
- 4 HOE KATOLIEKE BID
DIE ONSE VADER-GEBED

Wat beteken dit om 'n Christen te wees? Is Katolieke regtig anders? In 4 afdelings kyk ons na WAT KATOLIEKE GLO, HOE KATOLIEKE HUL GELOOF VIER, HOE KATOLIEKE LEEF en HOE KATOLIEKE BID.

In hierdie oorsig van DIE KATOLIEKE GELOOF, kan jy leer en verstaan wat die Kerk oor 2000 jaar reeds bely het en steeds glo waar te wees.

1 WAT KATOLIEKE GLO

DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS



EK GLO IN GOD, DIE ALMAGTIGE VADER,
DIE SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE;
EN IN JESUS CHRISTUS,
SY ENIGGEBORE SEUN, ONSE HERE,
WAT ONTVANG IS VAN DIE HEILIGE GEES,
GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA;
WAT GELY HET ONDER PONTIUS PILATUS,
GEKRUISIG, GESTORWE EN BEGRAWE IS;
WAT NEERGEDAAL HET NA DIE DODERYK,
DIE DERDE DAG
WEER OPGESTAAN HET UIT DIE DODE,
OPGEVAAR HET NA DIE HEMEL
EN SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD,
DIE ALMAGTIGE VADER;
VANWAAR HY SAL KOM OM TE OORDEEL
DIE LEWENDE EN DIE DODE.
EK GLO IN DIE HEILIGE GEES,
DIE HEILIGE KATOLIEKE KERK,
DIE GEMEENSAP VAN DIE HEILIGES,
DIE VERGIFNIS VAN SONDES,
DIE WEDEROPSTANDING VAN DIE VLEES,
EN DIE EWIGE LEWE.
AMEN.

1. EK GLO IN GOD, DIE ALMAGTIGE VADER

☞ 'GAAN UIT DIE HELE WÊRELD IN EN VERKONDIG DIE EVANGELIE AAN DIE GANSE MENSAP' (MARKUS 16: 15).

☞ 'GAAN DAN HEEN, MAAK DISSIPELS VAN ALLE NASIES, EN DOOP HULLE IN DIE NAAM VAN DIE VADER EN DIE SEUN EN DIE HEILIGE GEES; EN LEER HULLE OM ALLES TE ONDERHOU WAT EK JULLE BEVEEL HET' (MATTEUS 28: 19-20).

Dit is die opdrag wat Jesus aan sy dissipels gegee het en dieselfde opdrag is deur die apostels aan hul opvolgers deurgegee, en dit bly die opdrag van die Kerk van vandag. Die Kerk getuig en verkondig sodat almal kan glo en hoop, lewe en liefhê soos Jesus geglo en gehoop, geleef en liefgehad het. Die Kerk bewaar dié heilige oorlewering oftewel Tradisie en bewaar dit teen enige vervalsing en dwaling.

Die Kerk beskik oor drie Geloofsbelydenisse: ① DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS, ② DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA-KONSTANTINOPEL en ③ DIE GELOOFSBELYDENIS VAN ATHANASIOS. Al drie het ontstaan as getroue samevattinge van die boodskap wat deur die apostels oorgelewer is. In hierdie kategismus maak ons gebruik van die bondigste een – die Apostoliese Geloofsbelydenis. Hierdie geloofsbelydenis vorm deel van die Doopformulier. Elkeen wat gedoop word, moet sy geloof bely. Die dopeling gebruik die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis om sy eie geloof uit te druk. Deur dieselfde woorde te gebruik wat Christene oor die hele wêreld heen gebruik om hul verbondenheid met God die Vader, met Jesus Christus sy Seun en met die Heilige Gees te verwoord, bely die dopeling sy verbondenheid met die Universele, d.w.s. Katolieke Kerk.

Hierdie geloofsbelydenis van alle Christene begin met die woord 'ek'. Want elkeen in die groter geloofsgemeenskap het sy eie persoonlike verhouding-ding met God. Niemand kan namens iemand anders sê 'ek glo' nie.

1.1 EK GLO

Ek is 'n mens – gebore as seun of meisie. Ek het 'n vader en 'n moeder, broers, susters en familieledede. Ek leef in 'n gemeenskap met baie ander mense, met diere en plante, met alles wat op aarde leef. Mense kan sien en hoor, leer en onthou, dink en planne beraam.

Hulle kan huise bou, wilde diere tem, siektes genees en die lewe aan ander deurgee. Hulle kan die heeël verken en na die maan reis, die see oorsteek en bomme uitvind wat al die lewe op aarde kan vernietig. Mense kan waarneem en vergelykings maak.

Mense praat met mekaar, hulle leer van mekaar. Hulle het mekaar nodig. Moeilike dinge word makliker wanneer daar iemand is vir wie jy kan sê: Ek reken op jou. Jy is my vriend. Ek luister na wat jy sê, want ek weet dat jy my belange op die hart dra. Jy beur my altyd weer op en gee my nuwe hoop. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek vertrou jou. Ek glo in jou.

'N GETROUE VRIEND IS 'N MAGTIGE SKUTSMUUR;

WIE HOM VIND, HET 'N SKAT GEVIND'

JESUS SIRAG 6: 14

1.2 EK GLO IN GOD

Mense glo in hulleself. Maar baie glo ook nog in iets wat groter is as hulleself. Hulle glo in God. Van Hom verwag hulle antwoorde op dié vrae wat die menslike verstand te bowe gaan. Vrae soos: Hoekom is ek hier? Waarom moet ons sterf? Waar kom die groot verskeidenheid van lewe vandaan? Skuil daar 'n oorsaak agter dit alles? Het my lewe 'n doel? Wat gee sin aan lyding?

In alle tye en by alle volke roep mense na God. Hulle soek Hom om van Hom te leer hoe om hulleself en hul wêreld te begryp. Wie goed na die skepping kyk, wat so mooi georden is en soveel verskeidenheid vertoon, herken daarin die hand van God. Die skepping is 'n weerkaatsing van God.

Maar daar is meer direkte maniere om **God te leer ken** en seker te word van sy bestaan. Want God swyg nie. Hy laat Homself ken, Hy openbaar Homself aan ons sodat ons Hom werklik kan ontmoet. Daarom beskik ons oor die getuienis van die profete van die Eerste Verbond – dié profete wat deur God gestuur is. 'n Leermeester van die jong Kerk het geskryf: *'Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun'* (Hebreërs 1: 1).

Christene vertrou op die getuienis van die **Bybel**. Ons glo dat God die volk Israel uit alle volkere van die wêreld uitgekies het om 'n **Verbond** met hulle te sluit. Deur hierdie een volk sou alle volkere op aarde moet leer dat daar een God is en dat Hy 'n plan het vir die mensdom. Die geskiedenis van hierdie Verbond tussen God en die volk Israel is opgeteken in die boeke van die **Eerste of Ou Testament**.

Deur die geskiedenis van hierdie Bybelse ontmoetinge tussen God en Israel leer ons God ken. Ons ontdek hoe Hy is en wat Hy van – en vir – ons mense wil hê.

Moses het sy skape in die woestyn laat wei. Daar sien hy 'n brandende doringbos wat nie uitbrand nie. Toe hoor hy 'n stem wat met hom praat: *'Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob ... Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hul onderdrukkers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte'* (Exodus 3: 6-7).

Die groot en almagtige God het Homself tot hierdie volk verbind. Hy het medelye met hulle – Hy ly saam met hulle. Deur Moses wil Hy hulle na vryheid lei. Moses is egter bang. Hy wil nie hierdie groot taak op hom neem nie. Hy vra Hom wat uit die vuur met hom gepraat het, wat sy naam is. God sê: 'EK IS WAT EK IS' (Exodus 3: 14). Dit is geen gewone naam nie. God is die Een wat is – wat daar is vir die mense. Hy is daar vir ons – vir elke mens afsonderlik en vir almal saam deur al die eeue heen.

'MAAR NOU, SO SÊ DIE HERE, JOU SKEPPER...

WEES NIE BEVREES NIE, WANT EK HET JOU VERLOS:

EK HET JOU BY JOU NAAM GEROEP:

JY IS MYNE.

AS JY DEUR DIE WATER GAAN, IS EK BY JOU;

EN DEUR DIE RIVIERE – HULLE SAL JOU NIE OORSTROOM NIE;

AS JY DEUR DIE VUUR GAAN, SAL JY JOU NIE SKROEI NIE,

EN DIE VLAM SAL JOU NIE BRAND NIE.

WANT EK IS DIE HERE, JOU GOD,

DIE HEILIGE VAN ISRAEL, JOU HEILAND'

JESAJA 43: 1-3

Job was 'n vroom man wat sy lewe aan God toevertrou het. Hy het God op 'n ander manier leer ken. Ongeluk het Job getref. Rowers het sy veekuddes gesteel en sy herders vermoor. Sy huis het op sy kinders ingestort – sewe seuns en drie dogters is onder die puin begrawe. Self is hy getref deur kwaadaardige swere oor sy hele lyf. Hy sit op 'n ashoop en krap hom met 'n potskerf.

Dit kan tog nie God wees wat die vrome Job met soveel ongeluk getref het nie! Job se vrou en sy vriende dring daarop aan dat hy sy rug keer op hierdie God, wat sy goeie lewe met soveel kwaad vergeld het. Maar Job hou voet by stuk en sê: As ons die goeie dinge uit God se hand aanvaar, moet ons dan nie ook die slegte nie?

Geloof beteken:

• om daarop te vertrou dat God daar is, dat Hy daar is vir alle mense, dat Hy hulle ken en vir hulle lief is;

• om daarop te vertrou dat God daar is vir my, dat Hy my ken en lief is vir my;

• om lief te wees vir God, met my hele hart, met my hele siel en met al my krag;

• om 'ja' te sê vir God, om na sy Woord te luister en sy Wil te doen.

In 'n verwoeste stad het 'n slagoffer van vervolging die volgende geloofsbelydenis op die muur van sy sel geskryf:

EK GLO IN DIE SON,

SELFS WANNEER DIT NIE SKYN NIE;

EK GLO IN LIEFDE,

SELFS WANNEER EK DIT NIE VOEL NIE;

EK GLO IN GOD,

SELFS WANNEER HY SWYG.

God te leer ken: Die mens beskik oor die vermoë om God persoonlik te ken. Om die mens daarmee te help het God Hom aan die mens geopenbaar en gee God aan die mens die genade om hierdie openbaring in geloof te kan ontvang. Die bewyse vir die bestaan van God kan die mens nietemin voorberei op die geloof en hom help sien dat die geloof nie teen-strydig is met die menslike verstand nie. (Kategismus van die Katolieke Kerk, 35).

Bybel, Ou Testament: Die woord 'Bybel' beteken 'boek'. Wanneer Christene van die Bybel praat bedoel hulle die tekste wat deur die Kerk versamel is en as die Heilige Skrif erken word. Die eerste, grootste deel, die Ou testament, bevat die boeke waarin die volk Israel se verhaal van God se groot dae en hul eie geskiedenis opgeteken is. Daar word onderskei tussen die Wet (die vyf boeke van Moses), die Profete en die geskrifte. Die Ou-Testamentiese boeke het in die duisend jaar vóór die geboorte van Christus tot stand gekom. Die tweede en kleinste deel van die Bybel word die Nuwe Testament genoem.

Verbond: Hierdie woord dui op die verdrag wat die almagtige God met Noag, Abraham en op die berg Sinai met die hele Joodse volk gesluit het. Dié Verbond is die bewys dat Israel die uitverkore volk is. 'Ek sal julle God wees, en julle sal my volk wees'. Die Tien Gebooie is die reëls van hierdie Verbond. Elke jaar vier die Jode die Verbondsfees. Omdat God, wat getrou is, dié Verbond gesluit het, kan die mens op Hom vertrou. Selfs in die grootste nood hou gelowiges vas aan dié hoop. Hulle wag op 'n nuwe Verbond wat God aan sy volk beloof het. Die Kerk verkondig Jesus as die Messias, die Christus, deur wie God hierdie belofte vervul.

1.3 EK GLO IN GOD, DIE ALMAGTIGE VADER

Gelowige mense praat met God. Hulle soek na woorde om sy grootheid en andersheid uit te druk: U is heilig, U is heerlik, U is die Allerhoogste. Hulle werp hulle voor Hom neer en aanbid Hom.

In die Ou Testament was baie gelowige mense daarvan oortuig dat 'n mens nie God se aangesig kon aanskou en bly leef nie. Maar die Ou testament is ook vol verhale van mense wat verlang het om God se aangesig te kon sien. Mense wat niks anders wou hê as om by Hom te wees nie, omdat hulle vas geglo het dat die mens slegs by God volmaak gelukkig kan wees. Hulle het geglo dat God die sonde straf, maar

ook dat sy liefde, sy barmhartigheid duisendmaal sterker is as sy woede (die mooi ou woord waarmee God se woede uitgedruk is, is ‘toorn’).

Die feit is dat God nie Iemand is wat vir ons wil verneder nie. Hy wil nie die mens beangs maak of ons enige leed aandoen nie. Hy is lief vir die mens en wil hê dat ons ook vir Hom lief sal wees: *‘Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos...’* (Jesaja 66: 13). En: *‘Ook het Ek gedink: Jy sal My noem: My Vader! En jy sal van My nie afvallig word nie’* (Jeremia 3: 19). ‘n Gelowige man wat God goed begryp het, het verklaar: *‘Net soos ‘n vader sy kinders liefhet, so het die Here sy dienaars lief’* (Woensdag, Week Vier – Liturgiese Gebedsure).

Dit is deel van die misterie van God se liefde, dat dit soms lyk asof Hy ver van ons is, vreemd en onbereikbaar. So laat Hy ons ervaar dat sy gedagtes en weë nie ons s’n is nie (Jesaja 55: 8).

Soms, wanneer die magte van die bose ons oorweldig, kan dit vir ons voorkom asof God magteloos is. Maar tog, wanneer ons aan die einde van ons krag is, geld die woord wat God se boodskapper vir Abraham gesê het toe dié – reeds meer as 90 jaar oud – daaraan getwyfel het of hy ‘n seun sou kry, steeds: *‘Vir God is niks onmoontlik nie!’* Dit het die engel ook vir Maria gesê by die aankondiging van Jesus se geboorte.

Wanneer ons vermoeid is van harde werk, kom God na ons toe en neem Hy ons in sy arms. Hy soek die eensames op en sit by hulle soos ‘n moeder. Hy vee die tranes uit die oë van diegene wat geen hoop meer het nie. Hulle wat vol twyfels was, word weer rustig by Hom. Sy glimlag beur die moedeloos op. Niks of niemand kan Hom weerstaan nie. Sy arm is nooit te kort om te help nie. Dit veral is ons bedoeling wanneer ons sê: God is almagtig. Almagtig om te help, te vergewe en goed te doen. By Hom is daar geen kwaad of boosheid nie.

GOD SE LIEFDE IS SOOS ‘N HAND
WAARAAN ONS KAN VASHOU,
SOOS ‘N LIG WAT IN DIE DONKER NAG SKYN
EN ONS DIE PAD WYS.

2. EK GLO IN GOD, DIE SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE

Baie mense vra hulself met verwondering af: Waar kom die wêreld vandaan? Vanwaar die groot verskeidenheid van lewe? Wie het die bane van die sterre, die somer en winter, saai- en oestyd, dag en nag vir ons bepaal? Wie het die plante en diere georden en die aarde vrugbaar gemaak? Wie wek nuwe lewe in die skoot van ‘n moeder? Wat was daar aan die begin gewees, en wat sal daar aan die einde oorbly?

Deur die eeue heen het mense wat lyding moes verduur gekla: Wie laat die aarde bewe en die land oorstroom? Wie laat die reën ophou, sodat die aarde uitdroog? Waar kom ongeluk vandaan, siekte en die dood? Waar kom die kwaad vandaan, wie laat toe dat boosheid besit neem van mense se harte? Sal die bose uiteindelik die goeie oorwin, sal die dood sterker wees as die lewe?

Oral op aarde word dieselfde vrae gestel. Oral is mense begaan oor dieselfde dinge. Oral soek die wyses onder die volke na antwoorde. Hulle vertel ons oor die geheim van die begin, oor die werk van die Almagtige en verhouding wat tussen God en mens bestaan. Hulle vertel ons die *Skeppingsverhaal*.

Verlig deur die Gees van God het die priesters van Israel hul geloof in God uitgedruk, Hy wat *'die Skepper van hemel en aarde'* is. Hierdie geloofsbelydenis was so belangrik vir hulle dat hulle dit aan die begin van die Bybel geplaas het.

Skeppingsverhaal: *Dikwels praat ons van die Bybelse skeppingsverhaal. Dit kan tot die misverstand lei dat die eerste hoofstuk van die eerste Bybelboek die werklike ontstaan van die skepping noukeurig beskryf. Die inligting wat dié hoofstuk bevat is geensins bedoel om wetenskaplik opgeneem te word nie. As ons byvoorbeeld sê dat God die wêreld in ses 'dae' geskep het, beteken die woord 'dag' nie dieselfde as 24 uur nie. Wat die Bybel duidelik maak, is die feit dat tyd met God se skepping begin en dat die verskillende skepsels onderling met mekaar verbonde is. Die teks wat in die Bybel oorgelewer is, sê nie hoe die wêreld ontstaan het nie, maar deur Wie alles geskep is. Dit is 'n lofgedig waarin die volk Israel hul geloof in God bely, Hy wat die oorsprong is van alles en wat getrou bly aan sy skepping.*

2.1 ALLES KOM VAN GOD AF

'In die begin het God die hemel en die aarde geskape' (Genesis 1: 1). Met hierdie sin begin die Bybel. *'In die begin'* beteken dat daar toe nog geen mens op aarde was nie, geen man, geen vrou, geen kind, geen dier het in die bos of in die veld sy spore agtergelaat nie, daar was geen voël om 'n oggendlied te sing nie, geen vis het deur die water gegly nie, geen sonstraal kon die dag aankondig nie, geen groeiende of krimpemde maan het aan die hemel gehang nie, geen ster het in die nag geflikker nie, geen boom, geen struik, geen gras wat uit die aarde ontspring nie, geen vasteland, geen see, geen bo of onder, geen links of regs nie ... in die begin was God: *'...en die Gees van God het gesweef op die waters'* (Genesis 1: 2).

☞ Ons sê: *'Ek glo in God, Skepper van hemel en aarde'*, en bedoel daarmee dat die wêreld en alles wat dit bevat, nie uit eie krag of by toeval ontstaan het nie. Alles wat bestaan het ontstaan omdat God dit so gewil het. Sonder God kan daar geen lewe wees nie.

☞ Ons sê: Hy het die wêreld uit *'niks'* geskape, van die kleinste atoom tot die uitgestrektheid van die heelal. Daarom kan die mens, ook al weet hy niks oor God nie, tog in alles wat geskape is die hand van die Maker herken. *'Want uit die grootheid en goedheid van die skepsels kan die Oorsprong daarvan deur vergelyking gesien word'* (Wysheid 13: 5).

Die mens ondersoek die omgewing waarin hy leef, die aarde. Hy probeer verklaar hoe die groot verskeidenheid van lewende dinge in die loop van die eeue ontwikkel het. Ons **wêreldbeeld** verskil van die wêreldbeeld van die Bybel. Op die vraag na die oorsprong en die laaste doel van die lewe, is daar verskillende antwoorde. Wat ons betref, glo ons nie in die toeval nie, maar in die lewende God as die allereerste oorsaak van alles.

Deur ons geloof in hierdie God is ons in staat om die wêreld en onself te begryp. Omdat ons glo kan ons vertrou dat die wêreld en al sy bewoners aan God behoort, Hy wat in die begin daar was.

God is goed vir ons; die volk Israel het dit keer op keer ervaar en elke gelowige ontdek dit in sy eie lewe.

'IEMAND WAT BAIE NAGEDINK HET, PRYS HOM:

MAAR U ONTFERM U OOR ALMAL, OMDAT U ALLES VERMAG HET

EN U TEL NIE DIE SONDES VAN DIE MENSE NIE,

OM HULLE TOT INKEER TE LAAT KOM.

EN HOE SOU IETS IN STAND BLY, AS U DIT NIE SO GEWIL HET NIE...
 AS U DIT NIE TOT LEWE GEROEP HET NIE?
 U SPAAR EGTER ALLES, OMDAT DIT VAN U IS,
 U, HEER, IS LIEF VIR ALLES WAT LEEF.'
 WYSHEID 11: 23. 25-26

God: Vader, Seun en Heilige Gees: Christene prys God die Vader, wat die hemel en die aarde geskape het. Ons prys Jesus Christus, die Seun van God, in alle ewigheid één met die Vader as die Woord, deur Wie alles leef (vgl. Johannes 1: 1-3). Ons prys God se Heilige Gees, wat in die begin oor die waters gesweef het (vgl. Genesis 1: 2), wat die lewe skenk en dit oor die grense van aardse tyd heen bewaar. Ons bid: Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, soos dit in die begin was, so ook nou, en tot in alle ewigheid. Amen.

Wêreldbeeld: In die tyd toe die Bybel geskryf is, het die mense geglo dat die aarde 'n ronde skyf was, wat op pilare gerus het wat in die bodem van die see vasgeanker was. Daaronder was die wêreld van die dooies en daarbo die hemelgewelf, wat die waters bo die aarde geskei het van die waters onder die aarde. Vanuit die waters bo die aarde kom die reën. 'Die hemel en aarde' beteken die hele kosmos.

2.2 DIE MENS KOM VAN GOD AF

Die mens het eintlik eers laat op die aarde gekom. Water en land, plante en diere was lank voor die mens reeds daar. Israel het geglo dat God op die 'sesde dag' die laaste van sy werke, die mens, geskep het. Die mens deel die aarde met die plante en diere, maar is tog heel 'anders' en 'meer' as hulle. Dit is wat die priesters van Israel bedoel het, wanneer hulle verklaar het dat God die mens na sy eie beeld en gelykenis geskep het.

God het die mens as man en vrou geskep, sodat hulle vir mekaar 'n maat en hulp sou wees. In hul liefde vir mekaar word hulle volledig mens. Saam gee hulle die lewe, hul kennis, hul ervaring, hul liefde deur. Omdat die mens, sowel die man as die vrou, na God se beeld en gelykenis geskape is, kan hy die diere, asook sy medemense en God leer ken en leer liefhê.

Die mens kan die aarde verken, ondersoek, benut en bewerk. Hy is ook in staat om die aarde te beskadig en te verwoes. Hy sien homself tereg as 'meester' oor die aarde. Maar dit is nie die mens wat homself oor die aarde aangestel het nie. God het die laaste van sy skepsels die eerste plek in sy skepping gegee, sodat hulle nie net vir hulself en hul eie kinders sou sorg nie, maar vir alles wat op aarde leef.

God verwag van die mens dat hy 'n betroubare vennoot vir die diere en plante sal wees, dat hy 'n voorstander van die lewe sal wees en alle lewe sal beskerm, dat hy nie die aarde sal uitbuit nie, maar vir die aarde sal sorg en elke skepsel dit sal gee wat hy benodig. Man en vrou is albei verantwoordelik vir die aarde. God het die man en vrou ewe lief.

HERE, ONS AARDE
 IS MAAR EEN KLEIN PLANEET IN DIE GROOT HEELAL.
 AAN ONS IS DIE TAAK GEGEE
 OM VAN HIERDIE PLANEET 'N WÊRELD TE MAAK
 WAAR DIE BEWONERS NIE DEUR OORLOG GETEISTER,
 DEUR HONGER EN ANGS GEKWEL
 OF DEUR ENIGE SINLOSE SKEIDING VAN RAS,
 VELKLEUR OF IDEOLOGIE VERSKEUR SAL WORD NIE.

GEE ONS DIE MOED EN DIE VISIE
 OM VANDAG AL MET HIERDIE WERK TE BEGIN,
 SODAT ONS KINDERS EN KLEINKINDERS
 HULLESELF MET TROTS MENS SAL KAN NOEM.
 GEBED VAN DIE VERENIGDE NASIES

2.2 GOED OF KWAAD – LEWE OF DOOD

Ons prys God. Hy het die aarde geskape. Alle lewe kom van Hom af. En alle lewe is goed. Dit glo ons en tog wil dit voorkom asof die kwaad in ons wêreld en in onself die oorhand kan kry. Waar ons ook al kyk, vind ons tekens dat God goed is, maar ons sien ook soveel tekens van die kwaad – selfs in ons eie hart.

Daar is volke wat glo dat daar eintlik twee gode is, 'n goeie een en 'n slegte een, wat teen mekaar veg. Saam met die volk van Israel glo ons egter dat daar net Een God is. Hy het al die lewe geskep en Hy wil hê dat al sy skepsels Hom in vryheid sal dien. Hulle misbruik egter hul vryheid, hulle wil nie dien nie. Die Israeliete het geglo dat sommige van die *engele*, wat God geskep het om baie naby aan Hom te wees en sy heerlikheid te aanskou, in opstand gekom het teen hul Heer. Hulle kon nie langer by God woon nie en het in die mensewêreld gekom en die kwaad saam met hulle gebring. Hul leier, wat ons die *duiwel* noem, probeer om die mens weg van God te trek en aan sy kant te kry. Die bose verlei, en die mens is swak. Daarom waarsku Petrus ons: *'Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof...'* (1 Petrus 5: 8-9).

Ons glo dat God op die Laaste Dag, wanneer Hy die wêreld tot voltooiing bring, die magte van die bose sal vernietig. Dan begin ons nuwe en volmaakte lewe (vgl. Openbaring 20: 7-14).

Maar solank as wat hierdie wêreld en hierdie tyd bestaan, sal die bose mense bly bedrieg. Die mens is vry: Hy kan God se kant kies, na sy Woord luister en die vriend en medewerker van God word. Hy kan egter ook die kant van die duiwel kies en sowel homself as die wêreld groot kwaad aandoen.

Die kerngedeelte in die Bybel is die verhaal van Adam en Eva, die *'eerste mense'*, wat aan ons oorgelewer is. Dit is die verhaal wat op elke mens betrekking het, maak nie saak wanneer of waar hy op aarde leef nie.

Eva het God se gebod goed geken. Sy het geweet dat dit om die lewe en die dood gaan. En tog het sy na die stem van die verleier geluister: *'...sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken...'* en dit begeer. Sy eet van die vrug van die verbode boom en gee ook daarvan vir Adam om te eet. Toe gaan Adam en Eva se oë oop; hulle sien hul eie kwesbaarheid en swakheid raak. Hulle kruip weg vir God en is bang vir Hom wat hul Vriend is.

Deur Eva, die moeder van alle lewendes, deel al haar nakomelinge in hierdie *erfsonde*. Hierdie erfenis is 'n swaar las vir ons almal. Die mens sou totaal verlore gegaan het as God ons nie liefgehad het en trou aan ons gebly het nie.

PSALM 121

EK SLAAN MY OË OP NA DIE BERGE:
 WAAR SAL MY HULP VANDAAN KOM?

MY HULP KOM VAN DIE HERE WAT DIE HEMELE
EN DIE AARDE GESKEP HET.

HY SAL NIE TOELAAT DAT JOU VOETE GLY,
JOU BEWAKER SAL NIE DUT NIE.
KYK, DIE BEWAKER VAN ISRAEL SLAAP NIE,
EN HY SLUIMER SELFS NOOIT IN NIE.

DIE HERE IS JOU SKADUWEE NABY JOU,
DIE HERE IS JOU BEWAKER.
DIE SON SAL JOU BEDAGS NIE STEEK,
EN DIE MAAN OOK NIE SNAGS NIE.

DIE HERE SAL JOU BEWAAR TEEN ELKE ONHEIL,
JOU SIEL SAL HY BEWAAR.
DIE HERE SAL JOU KOM EN GAAN BEWAAR,
VAN NOU AF EN VIR ALTYD.

Die engele is die geestelike wesens wat rondom God se troon staan en Hom prys en aanbid. God het hulle opdrag gegee om oor die mense te waak en hulle te beskerm. Daarom praat ons van 'beskermengele' of 'engelbewaarders' (vgl. Psalm 91: 11). God stuur engele aarde toe as sy boodskappers. Die engel Gabriël het Maria meegedeel dat sy uitverkies is om Moeder van Jesus te word. Tydens daardie eerste Kersnag het die engele 'n loflied op die velde buite Bethlehem gesing.

Duiwel: Die Bybel gebruik baie name om na die vyand van God te verwys. Dié name maak die boosheid van sy dade duidelik: Satan, Beëlsebul, verleier, vors van die duisternis, vader van leuens, vors van hierdie wêreld.

Oersonde, erfsonde, erfskuld: Met dié woorde word die voortdurende gevolge van die eerste sonde bedoel. Dié sonde het vanaf die begin af die mens se verhouding met God nadelig beïnvloed. Elke mens is 'erfgenaar' van hierdie skuld. 'As gevolg van die erfsonde is die menslike natuur in sy kragte verswak, onderwerp aan onkunde en aan die oorheersing van die dood, en geneig tot sonde' (Kategismus van die Katolieke Kerk, 418).

3. EN IN JESUS CHRISTUS, SY ENIGGEBORE SEUN, ONSE HERE

Toe Jesus ongeveer 30 jaar oud was, het Hy sy woonplek Nasaret verlaat en na *Johannes die Doper* by die Jordaanrivier gegaan. Hierna het Hy as rondreisende prediker deur die stede en dorpe rondom die see van Galilea (ook bekend as die meer van Gennesaret) getrek en God se Blye Boodskap verkondig. Hy het gesê: 'Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie' (Markus 1: 14-15). Die mense wat Hy ontmoet het, het onmiddellik besef dat Hy 'n besondere Persoon was. Hulle het Hom gevolg om te hoor wat Hy sê en te sien wat Hy doen. Hulle was verbaas oor sy woorde en dikwels geskok deur sy manier van optrede, want Hy het so anders oor God en oor die mens gepraat as hul eie geestelike leiers in die *sinagoges*.

✠ Jesus het aan die mense wat na Hom toe gekom het gesê: 'God is vir julle. God wil julle help. Hy verag nie die armes nie. Hy wil die sondes vergewe van hulle wat kwaad gedoen het.'

✠ Jesus het gesê: 'Julle hoef nie vir God bang te wees nie. Hy wil juis hê dat julle vir Hom lief moet wees. Sy enigste verlange is dat julle my Blye Boodskap sal vertrou.'

✠ Jesus het gesê: '*Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was*' Lukas 19: 10.

Johannes die Doper: Hy was die seun van die priester Sagaria en sy vrou Elisabet, wat oud en kinderloos was. Die engel Gabriël het aan Sagaria in die tempel verskyn en hom meegedeel dat hy 'n seun sou kry wat Johannes genoem moes word. Johannes beteken 'God was barmhartig'. Johannes is deur God uitverkies. Hy het in die woestyn geleef. Aan hulle wat na hom toe gekom het, het hy gesê: 'Die oordeel van God is naby. Bekeer julle.' In die Jordaan het hy die doop toegedien vir die vergifnis van sondes. Hy was die laaste profet van Israel en die voorloper van Jesus.

Sinagoge: Die Joodse gebedshuise is 'sinagoges' genoem. In dié tyd is offerandes alleenlik in die tempel van Jerusalem gebring. Maar elke dorp en stad het sy eie sinagoge gehad.

3.1 JESUS, DIE CHRISTUS

Die Joodse volk het 'n lang geskiedenis met God. Hulle het ook 'n langdurige geskiedenis met die mense gehad. Dieselfde lot het hulle getref as wat ander klein volke getref het wat groot magtige bure gehad het. Uiteindelik is die Joodse land deur die Romeine verower en beset. Baie mense het hoop opgegee. 'Het God ons dan verlaat?' het hulle hulself afgevra. Geld sy Verbond nie meer nie? Weet Hy nie meer dat Hy ons, deur sy profete, 'n Redder beloop het nie? Iemand wat ons sal bevry en ons die vreugde sal gee om weer mens te wees. Iemand wat die vreemdelinge uit ons land sal verdryf. Iemand vir wie regverdigheid meer beteken as rykdom of hoë aansien. Iemand wat die armes hul menswaardigheid en slawe hul eie naam sal teruggee. Iemand wat God dien en ons laat sien hoe ons Hom met ons lewens kan eer.

Ons Christene glo en bely dat **Jesus** hierdie **Christus** is, die Messias. God het Hom gestuur en Hom gesalf met sy Gees (vgl. Jesaja 61: 1; Lukas 4: 18). Hy is die Verlosser, wat God aan sy volk en aan alle nasies beloop het. Hy sal sy volk bevry van hul sondes (vgl. Matteus 1: 21). Hy is dié Een op wie die regverdige gewag het. Sy naam is Jesus Christus.

JESUS VAN NASARET IN GALILEA IS:

DIE EEN WAT GOD ONS GEGEE HET;

DIE EEN WAT ONS MENSHEID DEEL;

DIE EEN WAT OMGEE VIR DIE 'KLEINTJIES';

DIE EEN WAT NIE BANG IS VIR DIE 'MAGTIGES' NIE;

DIE EEN WAT MENSE VERSTOM LAAT OOR SY DADE.

HY BIED GEEN VERSET NIE;

HY VERDEDIG HOMSELF NIE;

HY GEE HOMSELF OOR;

HY GEE NOOIT OP NIE.

OMDAT HY GELY HET,
 MAAK LYDING NOU SIN.
 OMDAT HY VERTROU HET,
 IS DAAR IEMAND WAARAAN ONS TWYFELAARS KAN VASKLOU.
 OMDAT HY GESTERF HET,
 IS DAAR HOOP VIR ONS.
 OMDAT HY UIT DIE DOOD OPGESTAAN HET,
 LOOF ONS DIE VADER EN SING ONS: HALLELUJA!

Jesus: Die naam ('n afkorting van Jehoshua of Josua) was algemeen in Israel. Dit beteken: God (Jahwe) red. Jesus doen wat sy naam sê: Hy is die Redder, Hy bring ons verlossing (heil). Daarom noem ons Hom Verlosser en Heiland.

Christus: Dit is die Griekse woord vir die Hebreuse 'messias', of 'gesalfde'. Hierdie titel is deur die konings van Israel gedra. Ook die priesters is by die aanvaarding van hul amp met gewyde olie gesalf. Dit was die teken dat die priester bevoeg was om in God se Naam op te tree. Wanneer die Jode oor die 'Gesalfde', die 'Messias' gepraat het, het hulle die langverwagte koning bedoel wat onder die beskerming van God se gesag hulle van die Romeinse oorheersing moes bevry en op Dawid se troon in Jerusalem sou heers. Christene bely Jesus van Nasaret as die Messias, die Seun van God. By die doop, die vormsel en die priesterwyding word die kandidaat met die heilige olie (chrisma) gesalf. Dit is 'n duidelike teken dat hy aan die gemeenskap van Jesus Christus behoort.

3.2 JESUS CHRISTUS, SEUN VAN GOD

Jesus Christus, die Messias, het soos niemand anders oor God gepraat nie, direk en vol vertroue. In alles wat Hy sê of doen, is Hy één met die Vader. Hy ken die wil van God. Hy hoef nie uit die heilige boeke of by die skrifgeleerdes te gaan leer nie. Daarom kon Hy hulle teëspreek, wanneer hulle in die naam van God probeer het om die vryheid van die mense, wat aan hul sorg toevertrou is, aan bande te lê en hul lewe moeilik te maak.

Jesus bring die mense na God toe en Hy bring God na die mense toe.

Hy genees die siekes op die Sabbatdag. Hy eet met **tollenaars** en raak aan die mense, wat weens hul siektetoestand uit die gemeenskap verban is. Hy vergewe sondaars in die Naam van God en Hy vermaan hulle om hul lewe te verander.

Baie mense het Jesus ontmoet. Sommige het hulself afgevra: Wie is hierdie man? Is hy 'n profeet van God? Ander het Hom onmiddellik vertrou en hul lewens aan Hom gewy. Sommige het Hom gewantrou en Hom misverstaan. Hulle het gevra: Wie het Hom hierdie gesag gegee? Ander het weer beweer dat Hy God laster. Terwyl ander hulself peinsend afgevra het: *'Wanneer die Christus kom, sal Hy meer tekens doen as wat hierdie man gedoen het?'* (Johannes 7: 31).

Hoe mense ook al oor Hom gedink het, kon hulle voel dat die geheim van wie Hy eintlik is, iets te make het met God.

Wanneer mense in Israel van iemand gesê het dat hy op 'n spesiale manier met God verbonde was, het hulle gesê: **'Hy is 'n seun van God'**. Die hele volk Israel is trouens as gevolg van hul uitverkiesing deur God **'God se seun'** genoem (vgl. Exodus 4: 22). Dié naam is ook aan die konings van Israel gegee omdat

hulle die verteenwoordigers van die eintlike Koning, God, was. Op dié dag van hul troonbestyging is die konings met die woorde *'U is my seun'* (vgl. Psalm 2: 7) vereer. Maar wanneer ons sê dat Jesus **God se Seun** is, bedoel ons baie meer daarby. Want Jesus is anders en inniger met God verbonde as die koning of die volk Israel. Daar is niks in die wêreld wat vergelyk kan word met die verhouding wat daar tussen Jesus en God bestaan nie. Die evangeliste getuig van dié feit dat God self Jesus op twee beslissende oomblikke in sy aardse lewe, sy *'Geliefde Seun'* noem. Die eerste het gebeur direk na sy doop in die Jordaan, voordat Jesus sy openbare lewe as rondtrekkende prediker tussen die volk begin het. Die tweede by sy verheerliking op die berg Tabor (ook bekend as die gedaante-verwisseling van die Here) voordat Jesus na Jerusalem gegaan het om daar te ly en te sterwe.

Toe Petrus, die eerste onder die apostels, bely het: *'U is die Christus, die Seun van die lewende God'* (Matteus 16: 16), het Jesus hom geantwoord: *'Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.'*

AAN NICODEMUS HET JESUS GESÊ:

'WANT SO LIEF HET GOD DIE WÊRELD GEHAD,
DAT HY SY ENIGGEBORE SEUN GEGEE HET,
SODAT ELKEEN WAT IN HOM GLO,
NIE VERLORE MAG GAAN NIE,
MAAR DIE EWIGE LEWE KAN HÊ'.

JOHANNES 3: 16

Tollenaars: *Hierdie was manne wat namens die Romeinse besetters die belasting opgeneem het en 'n gedeelte daarvan vir hul eie inkomste moes gebruik. Dikwels het hulle te veel gevra. Hulle is deur die volk verag en niemand wou iets met hulle te make gehad het nie.*

Seun van God: *Jesus is anders en veel inniger met God verbonde as die volk Israel en sy konings. Hy is, soos die Kerkleraars dit sê: 'God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, één in wese met die Vader.'*

Apostels: *Die woord apostel beteken 'afgesant', 'boodskapper', 'gestuurde'. Hulle was: Simon Petrus, Jakobus en Johannes (die seun van Sebedeus), Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Thomas, Jakobus (die seun van Alfeus), Taddeus, Simon die Yweraar en Judas Iskariot, wat vir Jesus verraai het (Markus 3: 16-19). Jesus het self hierdie twaalf manne onder al sy volgelingen uitgekies. Petrus is die eerste onder hulle.*

3.3 JESUS CHRISTUS, ONSE HERE

Die eerste Volk van God (Israel) het in verbondenheid met God geleef. Hul konings het in God se Naam regeer. Hul priesters het offers ter ere van God gebring. Sy gebooie is sonder meer as die wet van die land aanvaar. Dit was die enigste *'Wet'* wat op almal bindend was, sowel die magtiges as die gewone mense. In hul gebede het die Joodse gelowiges hulle tot hul *'Here'* gerig. Die woord *'Here'* is afgelei van die woord *'heerser'*, met ander woorde die een wat oor hulle heers of regeer. Die naam Jahwe, *'EK IS WAT EK IS'*, was so heilig vir hulle, dat hulle dié naam nooit durf uitspreek of neergeskryf het nie, uit vrees dat hulle dit sou ontheilig. Hulle het God dus as *'Here'* aangespreek en dank aan hul *'Here'* gebring, wat so na aan hulle is, teer en barmhartig, en wat alleen maar vra dat hulle Hom sal liefhê *'met hul hele hart en al hul krag'*.

Wanneer Christene nie net God die Vader as 'Here' aanspreek nie, maar ook Jesus Christus, wat uit die dood opgestaan het, 'Here' noem, bely hulle dat Hy God se Seun is. Terselfdertyd gee hulle uiting aan hul vertroue in Hom en hul verlange om mekaar te dien, soos Hy hulle die aand voor sy lyding opdrag gegee het om te doen met dié woorde:

'JULLE NOEM MY MEESTER EN HERE, EN JULLE IS REG, WANT EK IS DIT.
AS EK DAN, DIE HERE EN DIE MEESTER, JULLE VOETE GEWAS HET,
IS JULLE OOK VERPLIG OM MEKAAR SE VOETE TE WAS.'
JOHANNES 13: 13-14.

Om Jesus as die Heer te bely kon vir die eerste Christene ernstige gevolge inhou. Die Romeinse keiser het ook daarop aanspraak gemaak dat hulle *'here van die wêreld'* was. Baie Christene, sowel mans as vroue, het hul lewens gewaag en as martelare gesterf omdat hulle Christus as die Een en die Enigste Here gedien het en geweier het om Hom te verloën.

Die Kerk van Jesus Christus begin die viering van die Heilige Mis met die antieke Griekse gebed: *Kyrie eleison – Here, ontferm U oor ons*. En in die daaropvolgende lofsang, die Gloria, bely die Kerk: *'Want U alleen is die Heilige. U alleen is die Here. U alleen is die Allerhoogste: Jesus Christus, met die Heilige Gees in die glorie van God die Vader'*.

HIERAAN WORD ONS AS CHRISTENE HERKEN:

'AS JY MET JOU MOND DIE HERE JESUS BELY
EN MET JOU HART GLO DAT GOD HOM
IT DIE DODE OPGEWEK HET, SAL JY GERED WORD.'
ROMEINE 10: 9

3.3 DIE BYBEL: DIE NUWE TESTAMENT

Die Nuwe Testament is daardie gedeelte van die Bybel (vgl. 1.2) wat geskryf is deur lede van die Kerk van Jesus Christus. Dit bestaan uit 27 verskillende tekste wat ongeveer in die periode tussen 50 en 100 na die geboorte van Christus geskryf is deur apostels, missionarisse en leermeesters. Dit bevat 21 briewe (sendbriewe), waarvan 13 deur Paulus geskryf is, aan verskillende gemeentes. Hierdie geskifte is vroeg reeds as die bindende *apostoliese* leer vir die Kerk beskou.

Die vier evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes getuig elkeen op sy eie manier van die dade en woorde, die lyding en die opstanding van onse Here Jesus Christus. In die Handeling van die Apostels beskryf die evangelis Lukas die geskiedenis van die jong Kerk wat in Jerusalem ontstaan het onder leiding van Petrus, en die aktiwiteite van die eerste missionarisse, veral dié van Paulus. Die laaste boek van die Nuwe Testament, die Openbaring van Johannes of die Apokalips, bevat profetiese visioene en boodskappe oor die uiteindelijke oorwinning van God oor die magte van die bose.

Die Bybel bestaan uit die Ou en die Nuwe Testament. Die Kerk glo dat God se Heilige Gees die skrywers van hierdie boeke van foute bewaar het, sodat hul getuienis eg, waar en betroubaar is. Omdat hierdie skrywers in die taal en binne die kultuur van hul eie tyd geskryf het, moet dié tekste in elke tyd en vir elke gemeenskap opnuut uitgelê word. Omdat God se Heilige Gees instaan vir die waarheid van dié geskifte is hulle geldig vir alle tye. Die Bybelse geskifte wat die Kerk as eg en waar beskou, vorm die sogenaamde *kanon* van die Heilige Skrif. Hulle vorm die fondament van ons geloof en gedurende elke Eucharistieviering word daar uit hulle voorgelees.

'JESUS HET NOG BAIE ANDER TEKENS VOOR SY DISSIPELS GEDOEN
WAT NIE IN HIERDIE BOEKROL GESKRYF STAAN NIE.
HIERDIE DINGE IS EGTER NEERGESKRYF SODAT JULLE KAN GLO
DAT JESUS DIE CHRISTUS IS, DIE SEUN VAN GOD,
EN DAT JULLE DEUR TE GLO, DIE LEWE IN SY NAAM SAL HÊ.
JOHANNES 20: 30-31 (DV)

Apostolies: *Die apostels het die amp, wat Jesus self aan hulle gegee het, aan hul opvolgers, die biskoppe, deurgegee. Hierdie ketting van die Heilige Tradisie verbind ons nog steeds met die begin van die Kerk.*

Evangelies: *Die Kerk het nog altyd standvastig gehou aan die vier evangelies, die historisiteit daarvan bevestig, en hulle trou oorgelewer van geslag tot geslag.*

Heilige Gees: *Die hulp van die Heilige Gees by die ontstaan van die Bybelboeke noem ons 'inspirasie' (letterlik 'inblasing').*

Kanon: *Dit beteken 'riglyn' of 'maatstaf'. So word die versameling geskryfte genoem wat deur die Kerk as deur God geïnspireerd erken word. Slegs dié tekste mag tydens die Heilige Mis voorgelees word.*

4. WAT ONTVANG IS VAN DIE HEILIGE GEES, GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA

Ons glo en bely dat Jesus van Nasaret die Messias is, die Seun van God. Van alle ewigheid af leef Hy in die heerlijkheid van die Vader. Hy het in die wêreld gekom en het mens geword soos ons: die lewende, mensgeworde bewys van die liefde van die Vader. 'n Liefde wat alles wat die mens kan dink of sê te bowe gaan.

Die eerste godgeleerdes en volgelingen van Jesus het elkeen op hul eie manier gepraat oor die grootse geheimenis van God wat mens geword het. Johannes begin sy evangelie met 'n Christuslied, waarin gesê word: *'Die Woord (Christus) het vlees geword (dit beteken 'mens') en het onder ons gewoon. Ons het sy heerlijkheid aanskou'* (vgl. Johannes 1: 1-18).

In sy brief aan die Filippense haal Paulus uit 'n doopgesang aan. Hy beskryf die menswording van God se Seun, Jesus Christus, as 'n soort weg van 'bo' na 'benede', d.w.s. van God na die mense en weer terug na 'bo': Hy was gelyk aan God...Hy word gelyk aan ons mense...Hy het Homself verneder...was gehoorsaam tot aan die dood op die kruis...Daarom het God Hom hoog verhewe...sodat alles en elkeen in die hemel, op aarde en onder die aarde, sou bely: Jesus Christus is die Heer. (vgl. Filippense 2: 6-11).

In sy brief aan die Galasiërs beskryf Paulus die *'lewe van Jesus'* in 'n enkele sin: *'Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou gebore onder die wet, om die wat onder die wet was los te koop, sodat ons as kinders van God aangeneem kan word'* (Galasiërs 4: 4-5).

Nog duideliker skryf Johannes aan sy gemeente: *'Hierin is die liefde van God vir ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe...en ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het'* (1 Johannes 4: 9-14).

Twee van die evangeliste, Matteus en Lukas, kies 'n literêre vorm waarmee die mense vir wie hulle hul evangelies geskryf het, bekend was. Hulle vertel hoe Jesus in die wêreld ingekom het en wat sy koms vir die mense beteken. Hulle begin hul boek met die *'kinderjare'* (Matteus 1-2; Lukas 1-2) van Jesus.

4.1 GOD SE SEUN KOM IN DIE WÊRELD

Met die geboorte van Jesus begin ‘n totale nuwe fase in die geskiedenis van God met ons mense. Daarom begin ons jaartelling by die geboorte van Christus. In die mens Jesus van Nasaret het God self – as ons Broer – in die wêreld gekom. Daarom kan ons nie oor sy geboorte praat sonder om terselfdertyd oor God te praat nie. Ook Matteus en Lukas kon nie oor Jesus se geboorte praat soos ‘n mens oor enigiemand anders se geboorte sou kon praat nie. Jesus se uniekheid kom duidelik na vore in die gebeure rondom sy merkwaardige geboorte. In hul evangelies getuig hulle nie net van dit wat gebeur het nie, maar ook – ter wille van die volledige waarheid – hoe dit alles inpas in God se groot plan vir die verlossing van die mens.

☞ Lukas vertel van die engel Gabriël, wat deur God na die Maagd Maria in Nasaret gestuur is. Hy groet haar deur te sê: *‘Wees gegroet Maria, vol genade’*, en vertel haar dat sy, deur die werking van die Heilige Gees, die Moeder van God sal word: *‘Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu’* (Lukas 1: 35).

☞ Lukas vertel dat Maria *‘ja’* sê vir God se plan en daarop vertrou dat niks vir God onmoontlik is nie. Hy beskryf hoe Maria en Josef na Bethlehem gaan en hoe die stad van koning Dawid so die geboorteplek van Jesus word. Hy vertel van die herders, oor wie se koppe die hemel tydens die heilige nag oopgegaan het, van die engele se loflied wat op die aarde weerklink het en hoe die herders vir Maria, Josef en die Kindjie gevind het (vgl. Lukas 2: 1-20).

☞ Matteus vertel hoe Josef, die timmerman aan wie Maria verloof was, in ‘n droom gesien het wat God van hom verwag. Hy, Josef, afstammeling van die groot koning Dawid, moet God se Seun sy eie naam gee en Hom lid maak van Dawid se familie en ‘n ware vader vir Hom wees (vgl. Matteus 1: 18-24). Matteus het al ervaar hoe Jesus deur die meerderheid van sy eie volk verwerp is. Maar terselfdertyd het hy gesien hoe dat daar by alle volkere op aarde, mense was, wat ‘n nuwe begin wou maak en op soek gegaan het na Jesus en Hom gevind het. En dit het nie eers gebeur nadat Jesus gesterf en uit die dood opgestaan het nie. Daarom vertel Matteus die verhaal van die drie Wyse manne uit die Ooste, wat deur die ster na Bethlehem gelei is om hul geskenke aan Jesus, die Koning van die Jode, te bring. Matteus vertel ook hoe Herodes, wat koning in Jerusalem was, die Kindjie Jesus probeer doodmaak het. Daarom vlug Maria en Josef met die Kindjie na Egipte (vgl. Matteus 2).

DIE BOODSKAP VAN DIE ENGEL IN DIE HEILIGE NAG:

‘VANDAG IS DAAR VIR JULLE IN DIE STAD VAN DAWID,
DIE SALIGMAKER GEBORE, HY WAT CHRISTUS, DIE HERE, IS.’
LUKAS 2: 11

Genade: *God is heilig, ewig en in Homself volmaak. Die mens is sterflik, sondig en onvolmaak. Maar die mens kan homself oopstel vir God. Daar sou tog geen band tussen God en die mens kon bestaan, as die ewige en heilige God nie die mens besoek het en hom die kans gegee het om met God in kontak te kom nie. Dit is hierdie gawe van God wat ons bedoel wanneer ons oor ‘genade’ praat. Geen mens kan dié ‘genade’ verdien nie – dit is ‘n vrye onverdiende gawe van God. Die mens kan homself egter afsluit vir God se genade. Deur dié genade begin die mens al hoe meer op God te trek (ons is tog immers in sy beeld en gelykenis geskape), as mede-erfgename van Jesus word ons seuns en dogters van God. Daardeer is ons geroepe tot die ewige lewe – om uiteindelik van aangesig tot aangesig met God te kom. ‘...deur*

die genade van God is ek wat ek is... (1 Korintiërs 15: 10). Geen mense-oog het nog ooit gesien wat ons sal word nie. Daar is mense aan wie God nie net 'n besondere opdrag gee nie, maar ook die besondere genade om dié opdrag uit te voer.

4.2 MARIA, DIE MOEDER VAN JESUS

In die lewe van elke mens speel die moeder 'n wesenlike rol. Vir Jesus kon dit nie anders gewees het nie. Hy het so dikwels oor die Vader gepraat – sy vader in die hemel. Maria, sy moeder, word egter selde uitdruklik in die boeke van die Nuwe Testament vermeld. Tog kan en mag 'n mens jouself afvra: Watter soort vrou was sy, wat die lewe aan Jesus geskenk het en Hom so naby gevolg het?

☞ Sy was 'n jongmeisie uit Nasaret, verloof aan Josef, die timmerman. Volgens die destydse gebruik was sy by tye van haar verlowing waarskynlik nie ouer as 14 jaar nie. 'n Jongmeisie wat geskrik het toe die engel van God aan haar verskyn het. Sy het die begroeting gehoor, dat sy uitverkies is. Sy sê nie blindelings 'ja' nie, maar vra: *'hoe is so iets moontlik?'* Dan aanvaar sy God se roeping, want vir *'God is alles moontlik'*. En dus sê sy: *'Laat met my gebeur volgens u woord'* (vgl. Lukas 1: 35; 37-38).

☞ Die maagd Maria, wat 'n kind verwag, is op pad met Josef. Haar Kind word ver van die huis, in armoedige omstandighede, weggesteek vir die wêreld, gebore. Wanneer die herders daar aankom – ook arm mense – verheerlik hulle God oor alles wat Hy vir sy volk gedoen het. Maria luister na hul woorde en oordink dit in haar hart (vgl. Lukas 2: 15-19).

☞ Veertig dae later bring Maria en Josef hul Seun na die tempel in Jerusalem om Hom aan God op te dra, soos die Joodse wet dit voorgeskryf het. In die tempel word Hy deur Simeon en Anna herken, twee mense wat verlangend uitgesien het na die koms van die Messias. Simeon prys God, wat hom *'die heil'* met sy eie oë laat sien het. Aan Maria profeteer hy: *'Kyk, hierdie Kind is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word', en 'ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan ...'* (vgl. Lukas 2: 22-39).

☞ Toe Jesus twaalf was het Hy saam met Maria en Josef die Paasfees in Jerusalem bygewoon. Op pad terug ontdek sy ouers tot hul groot ontsteltenis dat Hy nie by hul reisgeselskap was nie. Drie dae lank het hulle Hom gesoek en Hom uiteindelik in die tempel gevind waar hulle moes hoor dat Hy besig was met die dinge van sy Vader. Hy het saam met hulle teruggekeer na Nasaret, maar *'...sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar'* (vgl. Lukas 2: 51).

☞ Op die ouderdom van dertig jaar trek Jesus met sy groepie volgelingen van een plek na die ander. In Kana in Galilea word Hy na 'n bruilof uitgenooi. Maria is ook daar. Sy kom agter dat die wyn op is en laat Jesus weet: *'Hulle het geen wyn nie'* (Johannes 2: 3). Sy bly hoop op sy hulp, hoewel dit wil voorkom asof Hy haar afgewys het: *'My uur het nog nie gekom nie.'* (Johannes 2: 4). Haar vertroue in haar Seun was nie tevergeefs nie. Daar het nog ses klipkanne gestaan, elk met 'n inhoud van honderd liter. Jesus gee opdrag aan die bediendes om dié kruike met water te vul. Hulle doen soos Hy sê. Toe die hoofdienaar kom en daarvan proe, besef hulle dat Jesus die water in wyn verander het. Dit was, vertel die evangelis Johannes ons, die eerste 'teken' wat Jesus gedoen het. Sy volgelingen het begin begryp wie Jesus is. Hulle het in Hom begin glo (vgl. Johannes 2: 1-11).

☞ Jesus verlaat sy ouerhuis in Nasaret vir goed en begin om sy eie *'familie'* bymekaar te maak. Op 'n sekere dag, toe die skares om Hom saamgedrom het, kom sê iemand vir Hom: *'Daar staan u moeder en u*

broers buite en wil graag met U praat’. Maar Jesus steek sy hand uit na sy dissipels en sê: ‘Daar is my moeder en my broers. Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder’ (vgl. Matteus 12: 46-50).

☞ Vir die evangelis Johannes het alles wat Jesus gesê en gedoen het ‘n verborge betekenis gehad. Ook daar waar Maria en die dissipels vir wie Hy baie lief was onder die kruis gestaan het. Jesus het vir sy moeder gesê: *‘Vrou, dáár is u seun’*, en vir sy dissipel: *‘Dáár is jou moeder’* (Johannes 19: 26-27). Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem. En Maria, die Moeder van Jesus, het van daardie oomblik af die Moeder van alle Christene geword.

☞ Die laaste wat ons van Maria hoor is tydens die Pinksterfees. Die volgelinge van Jesus het in Jerusalem bymekaargekom. Hulle het saam gebid en gewag op die uitstorting van die Heilige Gees. Maria, die Moeder van Jesus, was by hulle toe die Kerk van haar Seun gebore is (vgl. Handeling 1: 12-14).

DIE MAGNIFICAT – DIE LOFSANG VAN MARIA

MY HART BESING DIE GROOTHEID VAN DIE HERE,
MY GEES HET HOM IN GOD, MY REDDER, VERBLY,
OMDAT HY GUNSTIG OP SY DIENSMEISIE
IN HAAR GERINGHEID GELET HET.

KYK, VAN NOU AF SAL ELKE GESLAG MY GESEËND NOEM,
WANT HY HET GROOT DINGE AAN MY GEDOEN,
HY WAT ALMAGTIG IS, HEILIG IS SY NAAM;
EN SY TROUE LIEFDE VIR DIÉ WAT HOM VEREER
BLY VAN GESLAG TOT GESLAG BESTAAN.

KRAGTIGE DADE HET HY MET SY ARM VERRIG,
HOOGMOEDIGES IN HUL EIEWAAN HET HY VERSTROOI,
MAGHEBBERS HET HY ONTTROON EN GERINGES VERHOOG.
BEHOEFTIGES HET HY MET GOEIE GAWES VERSADIG
EN RYKES MET LEË HANDE WEGGESTUUR.

SY DIENAAR ISRAEL HET HY TE HULP GEKOM
GEDAGTIG AAN DIE TROUE LIEFDE WAT HY BELOOF HET
AAN ONS VOOROUERS, ABRAHAM,
EN SY NAGESLAG, VIR ALTYD.

Lukas 1:46-55

Hierdie pragtige lofsang van Maria, wat haar ingesteldheid en lewe as God se gewillige diensmaagd so mooi opsom, word vanaf die vroegste tye daagliks deur Christene gebid. Tradisioneel vorm hierdie lofsang deel van die Aandgebed van die Kerk.

4.3 MARIA, DIE MOEDER VAN DIE KERK

Christene het nog altyd Maria vereer as die Moeder van hul Here. In elke Katolieke kerk vind ‘n mens ‘n prent of ander afbeelding van Maria. Katolieke noem haar Onse Liewe Vrou. Die Kerk gedenk Maria en haar rol in God se heilsplan op ‘n aantal feesdae deur die loop van die jaar. Daar is vier hoogfeeste (ook bekend as plegtighede) van Maria in die Kerkjaar:

1 Januarie: Op die eerste dag van die jaar vier ons die Hoogfees van Maria, die Moeder van God. Ons prys die 'heilige Moeder' wat die lewe geskenk het aan dié Kind wat vir altyd Koning van hemel en aarde is. Ons vereer haar as die Moeder van die Kerk. Hierdie titel van 'Moeder van God' is baie belangrik omdat ons daarmee die feit bevestig dat Jesus waaragtig God is.

25 Maart: Op hierdie Hoogfees van Maria-Boodskap (nege maande na Kersfees) herdenk die Kerk daardie merkwaardige dag toe die engel Gabriël aan die jongmeisie Maria verskyn het en haar meegedeel het dat sy aan die Heiland van die wêreld geboorte sou skenk. Haar antwoord moet die fondament van elke Christen se verhouding met God wees: *'Laat dit met my gebeur volgens u woord'* (Lukas 1: 38).

15 Augustus: Op hierdie dag vier ons die opneming in die hemel van die Geseënde Maagd Maria. Ons weet nie wanneer of onder watter omstandighede Maria gesterf het nie – soos met haar lewe, was sy altyd op die agtergrond van haar Goddelike Seun en het sy nooit toegelaat dat die kollig op haar val nie. Wat ons wel weet en glo is dat sy aan die einde van haar aardse lewe met liggaam en siel opgeneem is in die hemelse heerlijkheid. Sy is nou by Hom aan wie sy geboorte geskenk het en aan wie se sy haar aardse lewe deurgebring is.

8 Desember: Op hierdie dag vier ons die Onbevleete Ontvangenis van die Maagd Maria. Vir haar rol as die Moeder van God is Maria by haar eie geboorte van alle erfsonde bewaar. God het Maria spesiaal uitgekies vir 'n baie besondere taak: Om die Sondelose Een in die wêreld te bring, en daarom is sy self van die oersonde bewaar, hoewel sy verder in alle opsigte 'n gewone sondaar soos elkeen van ons was.

Christene vereer Maria op baie verskillende maniere. Hul besing haar lof en vra haar voorspraak as Moeder van Jesus. Christene bid vir mekaar en vra mekaar se voorbidding. Hoeveel te meer kan ons staatmaak op die pragtige voorbidding van die Moeder van ons Heiland. Wanneer ons Maria om voorspraak vra, gebruik ons die woorde waarmee die engel haar begroet het:

DIE WEES GEGROET-GEBED

WEES GEGROET MARIA, VOL GENADE, DIE HERE IS MET U.
 GESEËND IS U ONDER DIE VROUE,
 EN GESEËND IS JESUS, DIE VRUG VAN U SKOOT.
 HEILIGE MARIA, MOEDER VAN GOD,
 BID VIR ONS SONDAARS,
 NOU EN IN DIE UUR VAN ONS DOOD. AMEN.

5. WAT GELY HET ONDER PONTIUS PILATUS, GEKRUISIG, GESTORWE EN BEGRAWE IS

Jesus het gesê:

☞ 'KYK, ONS GAAN OP NA JERUSALEM, EN DIE SEUN VAN DIE MENS SAL OORGELEWER WORD AAN DIE OWERPRIESTERS EN DIE SKRIFGELEERDES, EN HULLE SAL HOM TOT DIE DOOD VEROORDEEL EN HOM OORLEWER AAN DIE HEIDENE; EN HULLE SAL HOM BESPOT EN HOM GÉSEL EN OP HOM SPUUG EN HOM DOODMAAK; EN OP DIE DERDE DAG SAL HY OPSTAAN' MARKUS 10: 33-34.

Op Pinkster het Petrus gepreek:

☛ ‘ISRAELIETE, LUISTER NA HIERDIE WOORDE! JESUS, DIE NASARENER, ‘N MAN DEUR GOD VIR JULLE AANGEWYS MET KRAGTE EN WONDERS EN TEKENS WAT GOD DEUR HOM ONDER JULLE GEDOEN HET, SOOS JULLE SELF OOK WEET – HOM, WAT DEUR DIE VASTE RAADSBSLUIT EN VOORKENNIS VAN GOD OORGELEWER IS, HET JULLE DEUR DIE HANDE VAN GODDELOSE MANNE GENEEM EN GEKRUISIG EN OMGEBRING’. HANDELINGE VAN DIE APOSTELS 2: 22-23.

5.1 VIR OF TEEN JESUS

Die geloofsbelofte sê niks oor die tyd tussen die geboorte van Jesus en sy gewelddadige dood (in die jaar 30) nie. Om uit te vind hoe dit dan moontlik was dat Hy op so ‘n skandelige wyse aan sy einde gekom het, is ons aangewese op die getuienis van die evangeliste. Hulle vertel ons oor die tekens, wonders en magtige dae wat Jesus gedoen het sodat die mense kon sien dat die Koninkryk van God naby is: Jesus het die siekes genees, Hy het melaatses die hande opgelê en hulle het rein geword, Hy het besetenes uit die mag van die bose gered. Kortom, Hy het alles gedoen wat die mense van Israel verwag het die Messias sou doen. Jesus het op ‘n nuwe manier oor God gepraat. Hy die waarheid omtrent God sy Vader in gelykenisse vertel sodat selfs die eenvoudigste mense dit kon verstaan.

Jesus het volgelinge (dissipels) gevind wat bereid was om hul lewe aan Hom toe te vertrou. Maar daar was ook ander wat nie in Hom wou glo nie en baie mense het Hom die rug toegekeer. Sy volgelinge was hoofsaaklik eenvoudige mense, sonder invloed. Onder sy intiemste vriende, die apostels, was daar nie een wat ‘n skrifgeleerde was nie.

Die godsdienstige leiers, die *hoëpriesters* en skrifgeleerdes, het dit as hul taak beskou om seker te maak dat daar geen valse profete of bedrieglike leermeesters in Israel sou optree nie. Vanaf die begin van Jesus se openbare optrede het hulle Hom dopgehou en die groot skares wat om Hom saamgedrom het, het hulle met agterdog beskou.

Toe Hy op die *Sabbat* die verskrompelde hand van ‘n man genees, het hulle verklaar: Hy hou hom nie aan die wet van Moses nie. Hy is dus ‘n sondaar. Op die Sabbatdag mag niemand enige werk verrig nie.

Toe Hy ‘n bose gees by ‘n besete man uitdryf, sê hulle: Hy is self besete, anders sou Hy geen mag oor die bose geeste hê nie.

Toe Jesus in die dorpie Naïn ‘n begrafnisstoet teëkom, bly Hy nie afsydig staan teenoor die hartverskeurende verdriet van ‘n moeder wat haar enigste seun verloor het nie. Aan die roubeklaers het Hy nie gesê dat dit nou maar eenmaal die verloop van die lewe is nie, of dat dit die wil van God is wat hulle maar moet aanvaar nie. Nee, Hy gaan na die lykbaar en praat met die dooie man en dié word weer lewendig. Waar Jesus ook al gaan, word bedroefdes getroos en wyk die dood voor die lewe.

Sommige mense het gesê dat Hy ‘n goeie man was. Ander weer, dat Hy die mense verwar het, dat Hy ‘n valse profeet was.

Die *Fariseërs* en skrifgeleerdes wou Jesus uitvang. Hulle het ‘n strik vir Hom probeer stel. Hulle het mense gestuur om Hom uit te vra en dop te hou om te sien of Hy iets verkeerd doen. Maar hulle kon niks slegs oor Hom terug rapporteer nie. Omdat die skrifgeleerdes en Fariseërs net nie kon glo dat Jesus die Messias is nie, het hulle al hoe meer vyandig teenoor Hom geword en besluit om Hom voor die gereg te bring. Hulle het Hom van godslastering beskuldig en versoek dat Hy ter dood veroordeel word.

Toe die hoëpriester aan Jesus vra: ‘Is U die Christus, die Seun van die lewende God?’ Het Jesus hom geantwoord: *‘Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien en kom met die wolke van die hemel. Toe skeur die hoëpriester sy klere en sê: Wat het ons nog getuies nodig! Julle het die godslastering gehoor; en wat dink julle? En hulle het almal Hom veroordeel dat Hy die dood skuldig was’* (Markus 14: 61-64).

OM BY HOM TE WEES
WAT DIE STOMMES TE LAAT PRAAT
EN DIE DOWES BELOWE
DAT HUL ORE SAL OOPGAAN

DIT IS OM GETUIE TE WEES
VAN HOE DIE VERDRUKTES
WEER ASEMHAAL
EN DIÉ WAT VERTRAP IS
WEER HUL KOP KAN OPLIG

DIT IS OM TE SIEN
HOE VREEMDELINGE VERWELKOM WORD
EN VLUGTELINGE MET OPE ARMS OMHELDS WORD
SODAT HULLE MET BLYDSKAP
HUL PLEK KAN INNEEM
AAN SY TAFEL.

Hoëpriester: Die hoof van die priesters en voorsitter van die hoogste raad, die tussenganger vir die Romeinse besetter, wat hom benoem het. Van 6 tot 15 na Christus was Annas hoëpriester in Jerusalem. Van 18-36 na Christus is hy opgevolg deur sy vyf seuns en deur sy skoonseun Kajafas.

Sabbat: Die sewende dag van die week word deur die Jode opsy gesit as ‘n spesiale gewyde dag waarop hulle hul godsdienst beoefen. Met verloop van tyd het daar baie voorskrifte en bepalinge ontstaan oor wat op dié rusdag geoorloof is of nie.

Fariseërs: Die woord beteken ‘hulle wat hulleself afgesonder het’. Hulle was ‘n godsdienstige (en politieke) party van uiters vroom manne wat die wet van Moses streng gevolg het.

5.2 DIE NUWE VERBOND

Die evangelies, wat handel oor die lyding, die dood en die opstanding van Jesus, is die oudste en heiligste tekste van die Christelike Kerk. Elke jaar herdenk ons tydens Goeie Week Jesus se laaste dae in Jerusalem.

Op **Palmsondag** (Passiesondag) gaan Jesus en sy volgelinge na die Jerusalem om die **Paasfees** te vier. Hy ry die stad op die rug van ‘n esel as die Vredevors binne. Hy leer die mense in die tempel. Judas, een van sy twaalf dissipels, laat hom omkoop om Jesus te verrai.

Op Donderdag (**Witte Donderdag**) vier Jesus en sy dissipels die Paasmaal. Hy neem die brood, breek dit, gee dit aan sy dissipels en sê: *‘Neem en eet hiervan, dit is my Liggaam, wat vir julle gegee word’*. Toe neem Hy die beker en gee dit aan sy dissipels met dié woorde: *‘Neem en drink hiervan, want dit is die*

beker van die nuwe en ewige verbond, dit is my Bloed wat vir julle en alle mense uitgestort word tot vergifnis van sondes. Doen dit om my gedagtenis.'

Jesus het aan die Pase van die Jode 'n nuwe betekenis gegee. Hy het Homself aan sy dissipels gegee in die vorm van brood en wyn. So sluit Hy die Nuwe Verbond, wat Hy met sy eie bloed beseël het.

Die evangelis Johannes vertel ons dat Jesus na die laaste Avondmaal op die aand voor sy dood voor sy dissipels neergekniel en hul voete gewas het. Hy het dit gedoen sodat hulle kon begryp, watter orde Hy met dié Nuwe Verbond kom vestig het – wie 'groot' is moet homself 'klein' maak soos Jesus, en sy broers en susters dien.

OMDAT HY HOMSELF GEE,

KAN ONS ONSSELF GEE.

OMDAT HY DEEL,

KAN ONS OOK DEEL.

OMDAT HY NIE WIL HEERS NIE,

KAN ONS DIEN.

OMDAT HY STERF,

KAN ONS LEWE.

OMDAT HY MET SY BLOED DIE VERBOND BESEËL HET,

WORD ONS BROERS EN SUSTERS.

Palmsondag: (*Passiesondag*): Die dag waarop die Kerk die triomfantelike intog van Jesus in Jerusalem gedenk. In die meeste Katolieke parogies word daar op dié dag 'n palmprosessie gehou.

Paasfees: Destyds was dit, soos dit vandag nog is, die heiligste fees van die Jode. Dit herinner hulle aan die eerste Paasnag, toe God sy volk Israel vanuit die slawerny van Egipte bevry het.

Witte Donderdag: In die oggend wy die biskop die heilige olies wat gebruik word vir die doop, die vormsel, die salwing van die siekes en die wyding van priesters. In die aand word daar in elke parogie die nagedagtenis van die Paasmaal – Jesus se Laaste Avondmaal met sy dissipels – gevier. Ons ontvang die Liggaam en Bloed van Christus, die Heilige Eucharistie, waardeur ons broers en susters van mekaar word, aan mekaar verbind deur God se liefde.

5.3 OORGELEWER AAN DIE MENSE

Na die Paasmaal het Jesus saam met sy dissipels na die Tuin van Getsemané aan die voet van die Olyfberg gegaan. Toe hulle daar aankom, sê Jesus vir hulle: 'Sit hier terwyl Ek gaan bid.' Daarna neem Hy Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom verder in die tuin en sê: 'My siel is diep bedroef tot die dood toe, bly hier en waak'. En toe Hy 'n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan, maar: '...nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil'. Hy gaan terug na sy dissipels en vind hulle aan die slaap. Hy maak hulle wakker en sê vir Petrus: 'Was jy nie in staat om een uur te waak nie?' Hy gaan toe weer weg en bid dieselfde woorde. En toe Hy terugkom, vind Hy hulle weer aan die slaap. Hy het 'n derde keer alleen in die nag gaan bid. Toe Hy weer terugkeer sê Hy vir hulle: '...die uur het gekom. Kyk, die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van die sondaars.' Dit wil aanvanklik voorkom asof Jesus gefaal het in sy opdrag. Die meerderheid mense het hulle nie aan Hom of sy Blye Boodskap gesteur nie. Tog het Hy getrou gebly aan sy opdrag

en later sou ook diegene wat Hy uitgestuur het getrou bly aan dié opdrag. Jesus het nie sy rug op sy Vader se plan gekeer nie, Hy het volhard – Hy was bereid om sy lewe op te offer vir dié taak wat Hy ontvang het.

En daarvoor hoef Hy nie lank te wag nie. Terwyl Hy nog besig was om met sy dissipels te praat, het Judas, een van die Twaalf, met 'n groep gewapende manne in die Tuin van Getsemané verskyn. Hulle arresteer Jesus en neem Hom na die huis van die hoëpriester om verhoor te word. Toe die lede van die **Sanhedrin** Hom vra: *'Is U die Seun van God?'* antwoord Jesus: *'Ek is'*. Die volgende môre het hulle Hom voor die Romeinse goewerneur (van 26 tot 36 na Christus), Pontius Pilatus, gebring. Hulle beskuldig Hom van godslastering en dat Hy Homself koning van die Jode wou maak. Pilatus laat Hom gésel. Die soldate vleg 'n doringkroon en plaas dit op sy hoof en hang 'n purperkleed om sy skouers. Hulle slaan en bespot Hom. Ten slotte spreek Pilatus die doodsvonnis uit oor Jesus: Hy moet aan die kruis sterf.

Jesus dra sy kruis na die heuwel Golgota, buite die stadsmure van Jerusalem. Op die middag van **Goeie Vrydag** hang Hy aan die kruis tussen twee misdadigers, wat ook ter dood veroordeel is. Op die negende uur (15:00 ons tyd) sterf Hy.

Die evangeliste getuig van hierdie gebeure. Terselfdertyd laat hulle ons sien hoe alles in God se plan vervul word en hoe ons Verlossing deur hierdie gebeure bewerkstellig is. Jesus is oorgelewer aan die mense, maar Hy bly tog in God se hande. Hy ly en sterf – om ons te red. Met sy dood begin die lewe opnuut. In die lyding en dood van Christus word God se liefde vir die mens geopenbaar. Dit is die geheimenis van ons geloof.

Diegene wat Christus uitgestuur het, leer ons die volgende:

- ✠ Hy is ons middelaar, wat Homself as losprys gegee het vir almal (vgl. 1 Timoteus 2:6).
- ✠ Hy is die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem (vgl. Johannes 1: 29).
- ✠ Hy is die Seun van God, want deur sy dood het Hy ons met God versoen (vgl. Romeine 5: 10).
- ✠ Hy is God se dienaar, want Hy het die ewige verlossing gebring aan almal wat Hom gehoorsaam (vgl. Hebreërs 5: 9).
- ✠ Hy is ons Verlosser: God het ons sondes aan die kruishout vasgespyker (vgl. Kolossense 2: 14).
- ✠ Hy is ons Redder: Deur sy wonde word ons genees (vgl. 1 Petrus 2: 24).
- ✠ Jesus het gesê: *'Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee'*. Johannes 15: 13

Sanhedrin: Hierdie raad, wat die hoogste Joodse gesag was, het uit 71 lede bestaan (priesters, lede van die priesterlike families en skrifgeleerdes) onder leiding van die hoëpriester.

Goeie Vrydag: Die Kerk vier hierdie dag op 'n spesiale manier. In die middag om 3nm (die negende uur van die Bybel) kom die gelowiges in die kerk byeen om die lyding en sterwe van hul Here te gedenk. Op dié dag word die Heilige Mis egter nie gevier nie. Tydens die Liturgie van die Woord luister ons na die profetiese lied van die lyding van God se dienaar, die woorde van 'n Christelike leermeester wat sy

geloof in die Here bely en die getuienis van die evangelis Johannes, wat met sy eie oë gesien het hoe Jesus aan die kruis gehang het. In die Algemene Voorbede bring ons Christene die behoeftes van alle mense op aarde voor God. Daarna vereer ons die kruishout, waaraan die Heiland van die wêreld gehang het. Die kruis bly vir ons dié teken van ons heil. In die Eucharistie ontvang ons dan die Brood van die Lewe.

5.4 BEGRAWE

Josef van Arimatea kon dit nie verduur dat die Liggaam van Christus die hele nag aan die kruis moes hang nie. Hy was ‘n invloedryke man en, uit angs vir die Jode, ‘n geheime volgeling van Jesus. Nou raap hy egter al sy moed bymekaar en hy gaan na Pilatus en vra toestemming om Jesus se liggaam van die kruis af te haal en te begrawe. Pilatus stem in. Josef het die liggaam van Christus in ‘n doodskleed toegewikkel en Hom in ‘n nuwe graf gelê, wat uit die rots gekap was, soos dit ‘n leermeester van Israel betaam het. Hy het die ingang tot die graf met ‘n groot klip verseël. Enkele vroue, wat saam met Jesus na Jerusalem gekom het, het op ‘n afstand gestaan en kyk.

ONS DANK U, GOD EN ONS PRYS U

TER WILLE VAN JESUS, U SEUN.

HY HET SY LEWE MET ONS GEDEEL.

HY HET DIE DOOD MET ONS GEDEEL.

HY HET DIE GRAF MET ONS GEDEEL.

WAAROM SOU ONS BANG WEES?

6. WAT NEERGEDAAL HET NA DIE DODERYK, DIE DERDE DAG WEER OPGESTAAN HET UIT DIE DODE

God het die mens – Adam en Eva – na sy ewebeeld as man en vrou geskep. Hy het hulle geseën. Hy was lief vir hulle en is nog steeds lief vir hul nakomelinge aan wie Hy die aarde toevertrou het. Sy liefde omvat nie net diegene wat in Hom glo en sy geboorte onderhou nie. Hy is net so lief vir alle mense wat nog nooit van Hom gehoor het en Hom dus nie kan soek en vind en nie weet hoe om Hom te gehoorsaam nie. God wil sy lewe met elke mens deel.

Die tyd loop aan. Mense sterf – sowel hulle wat sonder God geleef het of hulle rug op Hom gekeer het, as diegene wat hul bes gedoen het om vir Hom lief te wees: Adam en Eva, Abraham en Moses, Sara, Rebekka en Mirjam, Dawid en Salomo, Elia en Amos, Sagaria en Elisabet, Simeon en Anna, Johannes die Doper en al die ander klein en gewone mense wie se name en liefde niemand ken nie (God ken egter elkeen se naam en liefde).

Het hulle tevergeefs op God vertrou? Het Hy dalk van hulle vergeet? Ons glo nie dat Jesus die Blye Boodskap van verlossing net aan die lewendes gebring het nie. Ons glo dat Hy *‘neergedaal het na die doderyk’* en dat Hy ook daar dié Blye Boodskap verkondig het: Die tyd is vervul. Nou begin die koninkryk van God ook vir julle – ook julle is verlos. God is genadig vir almal wat Hom liefhet. Dit beteken dat die dood sy mag verloor het. Die dood kan die mense wat vir God lief is nie langer vashou nie. Jesus Christus, onse Here, het vir alle mense gesterf. Almal behoort nou tot die gemeenskap van die lewendes, waarvan Hy die grondlegger is.

DAAROM HERE, VIER ONS NOU DIE HERDENKING VAN ONS VERLOSSING.

ONS GEDENK DIE DOOD VAN CHRISTUS,
 EN SY NEERDALING NA HULLE WAT REEDS GESTERF HET,
 ONS GLO EN VERKONDIG SY OPSTANDING UIT DIE DOOD,
 SY HEMELVAART NA U TOE IN U KONINKRYK SONDER EINDE;
 ONS SIEN VOL VERWAGTING UIT NA SY WEDERKOMS IN HEERLIKHEID,
 ONS BRING U DIE OFFER VAN SY LIGGAAM EN BLOED,
 'N GAWE WAT VIR U WELGEVALLIG IS,
 'N GAWE VIR DIE VERLOSSING VAN DIE WÊRELD.

***Doderyk:** Die onderwêreld, 'n plek waar die dood regeer. In die Bybeltekste word 'die Woord van God in mensewoorde oorgelewer', dit beteken dat die mense hul Godservaring in die woorde en teen die kulturele agtergrond van hul eie tyd neergepen het. Destyds is die aarde as 'n ronde skyf' beskou. Bo die aarde was die 'hemel', die plek waar God oor die lewendes geheers het. Benede die aarde was die onderwêreld, die 'plek' waar die Dood oor die dooies geheers het. Daarom bely ons dat Jesus neergedaal het na die doderyk.*

6.1 JESUS LEEF

God se Seun is as mens gebore. Hy sterf as mens aan die kruis. Sy dooie liggaam is in 'n graf neergelê. Daar was getuies wat dit alles gesien het. Nie net die manne en vroue wat Hom na Jerusalem toe gevolg het nie, maar ook sy aanklaers, Pontius Pilatus en die Romeinse soldate wat Hom tereggestel het.

Al vier die evangeliste vertel oor die vroue wat vroeg in die oggend van die Paasfees, met balsem na die graf van Jesus gegaan het om sy lyk volgens hul gebruik te salf. Toe hulle daar aankom, sien hulle dat die swaar klip voor die ingang van die graf weggerol is. Hulle het in die graf gekyk en aan die regterkant 'n man in 'n wit gewaad sien sit. Hulle het geskrik, maar die engel het vir hulle gesê: *'Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasarener wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het. Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor hulle uit gaan na Galilea'* (Markus 16: 1-7). Johannes vertel hoe Maria Magdalena op dieselfde Paasoggend die verrese Heer ontmoet het. *'Maar Maria het buitekant by die graf gestaan en ween; en terwyl sy ween, buk sy na die graf toe en sien twee engele daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het. En hulle sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Sy antwoord hulle: Omdat hulle my Here weggenem het, en ek weet nie waar hulle hom neergelê het nie. En toe sy dit gesê het, draai sy agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie. Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem. Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om en sê vir Hom: Rabboenie! Dit beteken Meester.'* Jesus gee toe Maria die opdrag om aan die dissipels die volgende te vertel: *'Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God'. En Maria Magdalena het aan die dissipels gaan vertel dat sy die Here gesien het'* (Johannes 20: 11-18).

Die dissipels het gesê: Jesus is nie dood nie. Hy leef! Hy het aan ons verskyn. Ons het Hom gesien. Ons leef met Hom, sy lewe met ons is nie verby nie. Alle manne en vroue wat hierdie ongelooflike boodskap leef, is getuies hiervan. In sy brief aan die Korintiërs som Paulus dit as volg op: Jesus het eerste aan Petrus verskyn, die rots waarop Jesus sy Kerk bou. Toe aan die Twaalf wat Hy as apostels uitverkies het. Toe aan vyfhonderd broers, van wie, soos Paulus dit beskryf het, die meeste op daardie tydstip nog in die lewe was. Daarna het Jesus aan Jakobus verskyn, die leier van die Christene in Jerusalem, en vervolgens

aan die res van die dissipels. Ten slotte het Hy ook aan Paulus verskyn, wat op pad was na Damaskus om die Christene daar te vervolg. Vanaf daardie oomblik het Paulus, die vervolger van die Christene, 'n hartstogtelike verdediger van Christus geword (vgl. 1 Korintiërs 15: 5-8).

Vir al hierdie getuies was die leë graf 'n belangrike teken. Die ontmoeting met die Opgestane Here was vir hulle soos 'n roeping – hulle moes dit wat aan hulle geopenbaar is aan ander deurgee. Hulle geloof was nou so vas dat hulle bereid was om daarvoor te sterf. Dié geloof van daardie eerste geslag volgelinge van Jesus vorm die basis van ons eie geloof.

Wat tussen Goeie Vrydag en Paassondag gebeur het is 'n goddelike geheimenis. En dit is dan ook wat ons bedoel wanneer ons sê: *'Hy het uit die dood opgestaan'* of *'God het Hom tot die lewe opgewek'*.

Die manne en vroue wat die verrese Here ontmoet het, het Hom uit sy aardse lewe geken. Hulle het Hom herken. Hy was dieselfde persoon en tog ook anders. Hulle het geskrik toe hulle Hom deur geslote deure sien kom het. Hulle harte is met vreugde vervul toe Hy met hulle gepraat het. Hy gee aan hulle die opdrag: *'Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld'* (Matteus 28: 19-20).

HERE, ONSE GOD, ONS PRYS U.

IN HIERDIE NAG VAN ALLE NAGTE

HET U LIG HELDER OPGEAAN.

BY DIE LEË GRAF

GEE U ONS NUWE HOOP.

JESUS, ONS BROEDER, ONS PRYS U.

IN HIERDIE NAG VAN ALLE NAGTE

NEEM U ONS ANGS WEG

VIR DIE LEWE EN VIR DIE DOOD.

NOU KAN ONS MET VERTROUE LEEF.

GOD, HEILIGE GEES, ONS PRYS U.

IN HIERDIE NAG VAN ALLE NAGTE

LAAT U ONS BEGRYP,

DAT DIT NIE DIE DOOD IS NIE,

MAAR DIE LIEFDE

WAT DIE MAATSTAF VAN ONS MENSWEES IS.

6.2 ONS SAL LEWE

Die Opstanding van Jesus Christus is die hart van ons geloof. Die viering van die *Paasnag* is die heiligste fees van die Kerkjaar. En elke Sondag is ook 'n herinnering en 'n lofprijsing aan God, wat met Paasfees sy Seun uit die dood opgewek het. In een van die eerste Christen gemeentes was daar enkele mense wat getwyfel het aan die opstanding van die Here. Paulus skryf aan hulle: *'En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie. Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle*

sondes; en dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense' (1 Korintiërs 15: 14-19).

- ☞ Ons glo dat Jesus, onse Here, leef, en dat Hy sy lewe deel met almal wat in Hom glo.
- ☞ Ons glo dat die Opgestane Christus die bron van hoop is vir alle mense, en dat ons aan die einde van ons lewe nie die leegheid inwag nie, maar die volheid van God. Geen duisternis nie, maar Lig.
- ☞ Ons glo dat die verandering en verlossing van die wêreld met Jesus begin het.
- ☞ Ons glo dat Jesus op die Dag van die Here sal terugkeer en dat Hy die mense, ja, al sy skepsels sal bevry van die leed en die kwaad waaronder hulle gebuk gaan en dat Hy hulle sal vervolmaak en die ewige lewe aan hulle sal skenk.

Ons bid:

'U SAL U DIENAAR NIE AAN DIE DODERYK OORGEE
OF MY DIE VERDERF LAAT ERVAAR NIE.
U WYS MY HOE OM WAARLIK TE LEWE,
VREUGDE IN OORVLOED VIND EK BY U,
AAN U REGTERHAND VERRUKKING VIR ALTYD.'
PSALM 16

***Paasnag:** Die liturgie van die Paasnag oftewel die Paaswaak bestaan uit vier dele. In die Ligdiens word die Paasvuur geseën. Met hierdie vuur word die Paaskers aangesteek, wat die priester in 'n feestelike prosesie deur die donker kerk dra en 'Christus, ons Lig!' sing. In die Liturgie van die Woord word daar sewe Skrifgedeeltes uit die Ou Testament en twee uit die Nuwe Testament voorgelees – tekste wat ons herinner aan die wonders wat God vir sy volk gedoen het. In die Liturgie van die Doop word die Doopwater geseën terwyl diegene wat daarop voorberei is die Doop ontvang en die res van die gemeente hul eie Doopgeloftes hernu. Daarna word die Liturgie van die Eucharistie gevier en prys ons Hom wat met ons is tot aan die voleinding van die wêreld.*

7. OPGEVAAR HET NA DIE HEMEL EN SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD, DIE ALMAGTIGE VADER

Jesus se dissipels het die gebeure van Goeie Vrydag deurgemaak. Weerloos en verlate het Jesus aan die kruis gehang. Hulle het gesien hoe Hy sy laaste asem uitblaas. Hulle was daar toe sy liggaam in die graf neergelê is en die klip voor die ingang die graftombe beseël het. Laasgenoemde was 'n teken dat die dood sterker was as die lewe. En toe gebeur dit: Hulle ontmoet die verre Here en alles wat hulle gedink het hulle oor die dood en lewe weet is skielik op sy kop gedraai. Hulle ontmoet Jesus en hulle herken Hom: Dit is onmiskenbaar Hy, die Gekruisigde. Hulle ken Hom, maar tog is daar iets vreemd omtrent Hom – Hy beweeg deur geslote deure. Hy is daar, maar dan verdwyn Hy skielik. Nou het Jesus se dissipels, ten spyte van hul ang en twyfel, begin om verder as die dood te dink – hulle het begin om te glo. Hulle was nou vas daarvan oortuig dat God sy Seun uit die dood opgewek het. En meer as dit – hulle ervaar hoe God sy Seun in die hemel opneem. En hulle het geweet: Jesus het in die hemel opgevaar om die ereplek aan God se regterhand in te neem.

7.1 GOD HET HOM BO ALLES VERHEF

In die oë van die mense het Jesus gefaal – volgens dit wat die wêreld as sukses beskou was Hy 'n mislukking: *'...sy eie mense het Hom nie aangeneem nie'* (Johannes 1: 11). Maar God het Hom verhef en by Hom opgeneem. Hy gee sy Seun die ereplek aan sy regterhand en maak Hom so tot Heer oor die hele skepping.

Vir Christene het die uitdrukking *'sit aan God se regterhand'* 'n heel spesiale betekenis wat teruggaan in die Joodse geskiedenis. God, wat die Here en Koning is, het Israel as sy eie volk uitgekies – die Jode het hulself as die eiendomsvolk van God beskou. Die konings wat in Jerusalem geheers het, is as plaasvervangers beskou van God – hulle het nie uit eie mag nie maar namens God oor die volk regeer. Solank as wat hulle dit nie vergeet het nie, was God by hulle.

Ons lees in een van die psalms wat daar aan 'n koning gesê is op die dag dat hy die troon bestyg het: *'Die Here het vir my heer gesê: 'Kom hier aan my regterhand sit totdat Ek van jou vyande maak 'n voetbank vir jou voete'* (Psalm 110: 1). Gelowige Jode het aan die beloofde Redder gedink wanneer hulle hierdie psalm gebid het.

In een van die vroegste Christelike geloofsbelydenisse verklaar ons: *'Hy is die Here, hoër en magtiger as alle ander here van die wêreld'*. Hierdie belydenis vorm die kern van ons Christelike geloof.

Die vroeë Christene het die Opgestane en verheerlikte Here met die volgende lied geprys:

'DAAROM HET GOD HOM OOK UITERMATE VERHOOG
EN HOM 'N NAAM GEGEE WAT BO ELKE NAAM IS, SODAT IN DIE NAAM VAN JESUS SOU BUIG ELKE
KNIE VAN DIE WAT IN DIE HEMEL
IN DIE WAT OP DIE AARDE IS, EN ELKE TONG SOU BELY
DAT JESUS CHRISTUS DIE HERE IS
TOT HEERLIKHEID VAN GOD DIE VADER.'
FILIPPENSE 2: 9-11

7.2 HY HET OPGEVAAR NA DIE HEMEL

Toe die eerste Christene bely het dat hul Here *'opgevaar het na die hemel'*, het dit hulle aan die Ou Testament herinner. Daarin word van die stamvader Henog vertel dat hy *'met God gewandel'* het en uiteindelik deur God weggeneem is (vgl. Genesis 5: 24). Van die groot profeet Elia word vertel dat hy met 'n vuurwa in die hemel opgeneem is (vgl. 2 Konings 2: 11). Elisa, sy dissipel, het agtergebly en besef dat God hom uitgekies het om voort te gaan met Elia se werk.

Lukas beskryf aan die einde van sy evangelie, hoe Jesus afskeid neem van sy dissipels: *'En Hy het hulle uitgelei tot by Betanië. En Hy het sy hande opgehef en hulle geseën. En terwyl Hy hulle seën is Hy in die hemel opgeneem. En hulle het Hom aanbid...'* (Lukas 24: 50-52). Aan die begin van sy tweede boek, die *Handelinge van die Apostels*, skryf hy weereens oor Jesus se Hemelvaart, om duidelik te maak dat die aardse lewe van Christus uitmond in die lewe van sy Kerk. **Veertig dae** lank – 'n heilige periode – verskyn die verre Here aan sy dissipels en praat Hy met hulle oor die Koninkryk van God. Daarna is Hy voor die oë van die apostels in die hemel opgeneem, en 'n wolk – wat in Bybelse simboliek altyd op God self dui – het Hom van hul oë verwyder. Gespanne het die dissipels Hom agterna gekyk, toe daar skielik twee manne in wit gewade verskyn en hulle vra: *'Galilése manne, waarom staan julle en kyk na*

die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het’ (Handelinge 1: 9-11).

Toe het die apostels dit begryp: Nou rus die verantwoordelikheid by hulle om Jesus se opdrag uit te voer – om die evangelie aan alle mense te verkondig, om die siekes te genees, om sondes te vergewe, bese geeste uit te dryf en hoop te bring.

OP AARDE HET U
GEEN ANDER LIGGAAM AS ONS S’N NIE,
GEEN ANDER VOETE AS ONS S’N NIE,
GEEN ANDER HANDE AS ONS S’N NIE.

DIT IS DEUR ONS OË DAT U LIEFDE VIR DIE WÊRELD SIGBAAR WORD,
DIT IS ONS VOETE WAT U DRA OM GOED TE GAAN DOEN.
DIT IS ONS HANDE WAT U GEBRUIK OM ANDER TE SEËN.
SINT THERESA VAN AVILA

Opgevaar na die hemel (Hemelvaart): *Dit is nie dieselfde as om op aarde van een plek na ‘n ander te reis nie. Hier dui dit op die binnetrede van die Mens Jesus Christus in die hemelryk. Van hieruit sal Hy eendag terugkeer.*

Handelinge van die Apostels: *Hierdie tweede boek van die evangelis Lukas vertel ons van die dae van die apostels, wat opdrag van die Opgestane Here uitgevoer het. Hulle het Jesus as die Messias verkondig, as die Gekruisigde en die Opgestane. Hulle het Christen gemeenskappe gestig, baie mense tot die Christelike geloof bekeer en moes self vervolging verduur. Die eerste deel (hoofstukke 1-12) gaan hoofsaaklik oor Petrus, die eerste onder die apostels, en oor Johannes. Hulle was veral betrokke by die Christelike gemeenskap in Jerusalem. In die tweede deel (hoofstukke 13-28) word die dae van Paulus van Tarsus beskryf. Hy sou bekend word as die Apostel van die heidene en drie van sy sendingreise word beskryf. Dit was hy wat die evangelie na Europa toe gebring het. Die Handelinge van die Apostels eindig met die prediking van Paulus in die destydse hoofstad van die Romeinse ryk, Rome. Volgens antieke oorlewering het hy en Petrus die marteldood in Rome gesterwe. Albei is in Rome begrawe en die manjifieke basilieke wat oor hul grafte opgerig is tel onder die pragtigste en mees geliefde kerke van die Christendom. Op dié manier het Rome die stad van die apostels geword en die middelpunt van die groeiende Kerk.*

Veertig dae: *Vir die Jode was veertig ‘n heilige getal. Deur die veertig jaar wat die volk in die woestyn rondgeswerf het op pad na die Beloofde Land, het hulle geleer hoe om op God te vertrou. Nadat Jesus deur Johannes gedoop is, het Hy veertig dae in die woestyn gaan vas. Dit het Hom voorberei om sy taak uit te voer. Die Kerk volg die getuienis van Lukas en vier die fees van die Hemelvaart veertig dae ná Paasfees.*

7.3 AFSKEID EN ‘N NUWE GEMEENSAP

Deur die geloof begryp ons wat Lukas, wat self ‘n Christen was, vir sy en ons Kerk in sy evangelie oor Jesus Christus getuig. Hy sê: Jesus het mens geword om ons te bevry van alles wat ons van God skei. Hy het vir ons geleef en vir ons gesterf. God het Hom tot lewe opgewek en Hom ‘n plek gegee aan sy regterhand.

Dit beteken dat Jesus nie nou meer sigbaar en tasbaar as mens tussen sy volgelinge leef nie. Ons kan Hom nie meer direk sien, hoor, aanraak of vrae aan Hom stel soos toe Hy nog onder ons gewoon het nie. Hierdie skeiding is dus 'n soort afskeid. Die evangelie volgens Johannes bevat dan ook 'n 'afskeidsrede', die woorde wat onse Here by sy afskeid aan sy dissipels gerig het om hulle te vertroos en te bemoedig.

☞ *Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle 'n plek voor te berei. En as Ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. (Johannes 14: 1-3).*

☞ *As julle My lief het, bewaar my gebooi. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: Die Gees van waarheid. (Johannes 14: 15-17).*

☞ *Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan sal Ek Hom na julle stuur. (Johannes 16: 7).*

☞ *Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader. (Johannes 16: 28).*

Nog altyd wag die Kerk van Jesus Christus op die wederkoms van die Here.

'N CHRISTEN IS IEMAND WAT OP CHRISTUS WAG.

HEILIGE JOHN HENRY KARDINAAL NEWMAN

Deur die geloof kan ons daarvan seker wees dat Hy vir ons 'n plek voorberei by die Vader. Daarom is die hemel, waarna ons 'uitsien', nie langer net die plek waar God en Jesus woon nie, maar ook die teken van ons eie versekerde toekoms by God.

Solank as wat ons in die mensewêreld woon, kan ons maar net in beelde oor God se wêreld praat. Dit is eers as ons die weg van Jesus gevolg het – deur die dood en die graf heen – dat ons oë op ons eie Paasoggend sal oopgaan. Ons sal Hom sien: Onse Here!

Ons bid:

HEILIGE VADER,

ALMAGTIGE EN EWIGE GOD,

OM REG TE DOEN AAN U HEERLIKHEID EN HEIL EN GENESING TE VIND,

SAL ONS U ALTYD EN ORAL DANK.

WANT DIE HERE JESUS, DIE KONING VAN GLORIE,

DIE OORWINNAAR VAN DIE SONDE EN DOOD

HET TOT VERWONDERING VAN DIE ENGELE

NA DIE HOOGSTE HEMELE OPGEVAAR,

WAAR HY AS MIDDELAAR TUSSEN GOD EN DIE MENSE STAAN,

AS REGTER VAN DIE WÊRELD EN HERE VAN ALLE MAGTE.

HY HET ONS NIE VERLAAT NIE,

AAN SWAK MENSE HET HY HOOP GEGEE:

HY IS ONS HOOF EN ONS VORM SY LIGGAAM.

WAARHEEN HY REEDS GEGAAN HET, SAL ONS HOM EENDAG VOLG.

DIE VREUGDE VAN PAASFEES VERVUL ONS MENSE WAT OP AARDE WOON,
VREUGDE VUL DIE ENGELE, DIE MAGTE EN DIE KRAGTE WAT U LOOF,
WAT U MET HIERDIE LIED SONDER EINDE TOEJUIG.

8. VANWAAR HY SAL KOM OM TE OORDEEL DIE LEWENDE EN DIE DODE

Jesus het terugkeer na die Vader. Sy volgeling, manne en vroue, bly agter in hul kwesbaarheid as mens en in die onvolmaaktheid van hul wêreld. Maar die Lig wat Jesus in die wêreld ingebring het, is nie uitgedoof nie. Die hoop wat deur sy woorde en daede in die harte van mense ontstaan het, is nie dood nie.

8.1 JESUS SAL TERUGKOM

Die eerste Christene het geglo dat hul Here gou sou terugkeer, ja, nog tydens hul lewens. Hierdie keer sou Hy egter nie as mens onder die mens terugkom nie – by sy terugkeer sou niemand nog aan Hom kon twyfel of Hom afwys nie. Nee, Hy sou terugkeer in God se mag en heerlijkheid. Geen mens sou nog sy gesag in twyfel kon trek nie of sy absolute mag kon betwis nie. Want elkeen sou erken dat Hy wat deur God gestuur is, die Messias, die Redder en die Regter is wat namens God alle mense sou oordeel en so die hele skepping tot volmaaktheid sou bring. Dan sal God se Koninkryk en heerskappy ‘n werklikheid word.

Maar dit het nie lank geduur of die eerste Christene het opgelet dat hul ongeduld met die Here se terugkeer tot verwarring lei. Hulle het begin begryp dat God se tyd nie dieselfde is as ons menslike tyd nie. En dit het vir hulle duidelik geword – soos dit vandag nog vir ons duidelik is – dat die presiese tyd van die Here se wederkoms nie deur ons bepaal kan word nie: *‘Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader’* (Markus 13: 32).

Die eerste Christene het ook begryp dat daar met Jesus se Hemelvaart ‘n nuwe tydperk begin het: Hulle tyd en ons tyd, die Tyd van die Kerk. Daarom kon hulle nie op die bergtop na die hemel bly staan nie. Dit was hul opdrag –soos dit ons s’n is – om uit te gaan na die mense toe – waar en hoe hulle ook al lewe. Die Here se opdrag is om die evangelie tot aan die verste uithoeke van die aarde te gaan verkondig. Dit was die eerste Christene se verantwoordelikheid – net soos dit ons s’n is – om seker te maak dat die Lig wat oor die mense straal nie doodgaan nie, om die Hoop wat in Jesus Christus gewortel is, lewend te hou. Om seker te maak dat alle mense die reg sou hê om te glo in Hom wat vir hulle lief is. God alleen kan bepaal wanneer Hy die aarde, wat Hy in die begin geskape het, deur die *wederkoms* van sy Seun tot voltooiing sal bring.

Soos die tyd verbygaan word die hoop op die proef gestel. Gelowiges kan onseker word en begin twyfel: Sal God sy woord hou? Sal die Here terugkom? Is dit die moeite werd om nog te wag? Die dinge van dié wêreld kan ‘n mens se hele lewe in beslag neem. Mens kan vergeet dat dié ou wêreld nie vir altyd gaan bestaan nie. ‘n Mens kan vergeet dat daar groter en belangriker dinge is as die sake en aangeleenthede van hierdie wêreld. Tereg vermaan die apostels en evangelie skrywers die mense keer op keer: *‘Wees waaksaam want jy weet nie wanneer die Here kom nie’*.

Die Kerk van Jesus Christus sien haarself as ‘n gemeenskap wat die wederkoms van haar Here verwag en vir Hom die weg voorberei. Elke jaar vier Katolieke Christene die Advent, ‘n tyd waarin ons onself ondersoek en sien hoe bereid ons werklik is om die Here tegemoet te gaan en lewens te lei wat gefokus is op sy wederkoms.

ONS VERKONDIG U DOOD, O HEER,
 EN PRYS U OPSTANDING,
 TOTDAT U IN HEERLIKHEID KOM.
 MARANA THA – JA, KOM, HERE JESUS.

***Wederkoms van die Here:** Al vanaf die vroegste tye (en vandag nog steeds) was daar mense en groepe (sekte) gewees wat beweer het dat hulle die einde van die wêreld en die tyd van die wederkoms van die Here sou kon voorspel. Hulle beskou dan ook allerlei gebeure van hul eie tyd as tekens dat die 'einde van die wêreld' aangebreek het en hulle vereis streng lojaliteit van almal wat gered wil word. Sommige van dié sektes se aansprake lei tot groot verwarring onder mense. Al dié tipe bewegings is egter tot mislukking gedoem, want God se planne kan nie deur mense deurgrond word nie. Aan hulle wat waaksaam bly en getrou op die Here wag, sal Hy op die regte tyd Homself openbaar.*

8.2 HY SAL OORDEEL OOR DIE LEWENDE EN DIE DODE

In sy preek in die huis van die Romeinse hoofman oor honderd, Cornelius, sê Petrus: *'En Hy het ons bevel gegee om aan die volk te verkondig en met krag te betuig dat dit Hy is wat deur God bestem is as Regter van die lewende en die dode'* (Handelinge 10: 42-43).

Die gedagte aan die oordeel wat vir ons wag maak ons bang. Ons is ten slotte maar net sterflike mense. Wie kan bowendien staande bly voor die aangesig van God?

Maar wanneer ons dan hoor wie die regter is, skep ons moed. Want ons ken mos vir Jesus! Vir Hom hoef ons nie bang te wees nie. Hy was dan die Een wat ons die goeie nuus, die blye boodskap gebring het! Hy het gesien hoe die mense hul destyds vermoei het om God se wil te doen – die Tien Gebooe en al die ekstra reëls en voorskrifte van die Ou Verbond, wat deur die skrifgeleerdes en leermeesters bygevoeg is. Jesus het gesien hoe swaar die mense daaronder ly en Hy het gesê: *'Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele'* (Matteus 11: 28-30).

By 'n ander geleentheid sê Jesus waarom die laaste oordeel eintlik sal gaan: Was ons lief vir God, het ons uit liefde vir Hom geleeft, en ons broers en susters dit gegee wat hulle nodig het? Het ons brood aan die hongeriges gegee, water aan die dorstiges, onderdak aan die dakloses en klere aan dié wat naak is? Het ons die siekes en gevangenes gehelp? Elkeen wat dit gedoen het, het dit vir Jesus gedoen – selfs al was hy of sy glad nie eers bewus van Jesus se bestaan nie. Aan sulke mense sal die Here sê: Kom, my Vader wag vir julle. Julle sal ervaar hoe gelukkig 'n mens kan wees. Op julle wag daar 'n nuwe lewe in die **hemel**.

Maar dié wat vir God haat, Hom verag en hul broers en susters se behoeftes nie raaksien nie: Aan die hongeriges geen brood, aan die dorstiges geen water, aan die dakloses geen heenkome, aan dié wat naak is geen klere gee nie. Hulle wat die siekes en gevangenes geen hulp aanbied nie. Dit alles – selfs al was hulle nie eers daarvan bewus nie – het hulle vir Jesus geweier. Hulle sal ervaar hoe ongelukkig 'n mens kan wees, want hulle het hulself uitgesluit van die ewige gemeenskap met die lewende God (vgl. Matteus 25).

HERE, U SAL KOM AAN DIE EINDE VAN DIE TYD.
 DIE EINDE VAN MY TYD IS MY DOOD.
 HERE, KOM MY DAN TEGEMOET,
 EN LAAT MY BY U TUISKOM.

WEES 'N BARMHARTIGE REGTER VIR MY
 EN LAAT DIE DAG VAN MY DOOD
 DIE DAG VAN MY OPSTANDING WORD.
 LAAT MY GELUKKIG WEES BY U, TUSSEN AL DIE GELUKKIGES.

Hemel: Dit beteken om in altyddurende gemeenskap met Jesus te lewe; die vreugde en geluk om altyd saam met God te wees. Die 'hel' beteken die ewige uitsluiting van gemeenskap met Jesus, die ellende en ongeluk van hulle wat hulleself van God losgemaak het. Die 'vaevuur' dui op die toestand van diegene wat vir die hemel bestem is, m.a.w. hulle het sonder doodsonde gesterf, maar nog nie heeltemal gereed is om God te ontmoet en saam met Hom te lewe nie. Hulle word gesuiwer om by Hom te kan wees. Ons glo dat God barmhartig en vergewensgesind is. Dit is 'n baie ou en waardige Christelike gebruik om vir die oorledenes te bid.

9. EK GLO IN DIE HEILIGE GEES

God se Heilige Gees is nie 'n persoon nie. Ons kan Hom nie sien nie, ook nie aanraak of uitwys nie. Ons kan Hom ook nie sommer willekeurig op roep om te verskyn nie. Maar ons kan sy aanwesigheid en werke herken. Hy is daar wanneer iemand op so 'n oortuigende manier oor God praat dat mense tot geloof kom. Hy is daar wanneer twee mense daarin slaag om hul rusie by te lê en met mekaar versoen te word. Hy is daar wanneer iemand wat iets verkeerd gedoen het probeer om dit goed te maak. Hy is daar wanneer iemand wat deur haat verbitterd geraak het, hom weer vir die liefde oopstel. Hy is daar wanneer iemand wat maar net aan homself dink, se oë oopgaan vir 'n ander mens se nood. Hy is daar wanneer iemand probeer om die diere en plante, die water en die lug – alle lewe wat deur die mens bedreig word – te bewaar en te beskerm.

9.1 DIE GEES IS DIE BRON VAN LEWE

Heel eerste in die Bybel word ons vertel oor die begin van die wêreld. Op daardie oomblik, nog vóór God se eerste woord gesprek het, het daar slegs 'n vormlose leegte, onstuimige water, duisternis – dood bestaan. Maar **God se Gees** het oor die donker dieptes gesweef – en daar was lewe.

Deur gebruik te maak van dié beelde, het die leermeesters van Israel probeer sê dat God aanwesig is in alles en bo alles wat op aarde leef, ontwikkel en floreer. Sy Gees is die bewys dat sy skepping nie Goddeloos is nie (nêrens in sy skepping is God nie aanwesig nie). Die skepping en alles wat bestaan is dus nie oorgelaat aan toeval, of aan die menslike gees en nog minder aan bese geeste nie.

Ons bid:

V/ KOM, HEILIGE GEES, VERVUL DIE HARTE VAN U GELOWIGES;

R/ EN ONTVLAM IN HULLE DIE VUUR VAN U LIEFDE.

V/ STUUR UIT U GEES EN ALLES WORD HERSKAPE;

R/ EN U SAL DIE AANSKYN VAN DIE AARDE HERNUWE.

V/ LAAT ONS BID:

GOD, WAT DIE HARTE VAN DIE GELOWIGES DEUR DIE HEILIGE GEES VERLIG EN GELEER HET,
 GEE DAT ONS IN DIESELFDE GEES WERKLIKE WYSHEID MAG BESIT,
 EN ALTYD SY VERTROOSTING MAG GENIET. DEUR CHRISTUS, ONSE HERE.

R/ AMEN.

TRADISIONELE GEBED TOT DIE HEILIGE GEES

☞ Een van die Bybelse leermeesters vertel ons hoe die lewe van Adam, die eerste mens, begin het: God het die lewensasem by hom ingeblaas. En so word die mens 'n lewende wese. Met ander woorde: Alle mense, manne, vroue en kinders leef vanuit God se lewe. Vandaar dat die mens in staat is om God te verstaan en ook sy wil kan doen. Die mens is na die ewebeeld van God geskape.

☞ Ons maak die kruisteken: *In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.*

☞ Die Heilige Gees is die grootste gawe wat God aan die mens gegee het. Hy waai waar Hy wil. Maar, helaas, kan die mens self besluit om hom af te sluit vir die werking van die Heilige Gees.

Ons bid:

'ASEM IN MY, O HEILIGE GEES, DAT EK HEILIGE GEDAGTES MAG HÊ.

BEWEEG MY, O HEILIGE GEES, DAT EK HEILIGE DADE MAG DOEN.

BESIEL MY, O HEILIGE GEES, DAT EK DIT WAT HEILIG IS MAG LIEFHÊ.

VERSTERK MY, O HEILIGE GEES, DAT EK DIE HEILIGE IN MY MAG BEWAAR.

KOESTER MY, O HEILIGE GEES, DAT EK DIE HEILIGE NOOIT SAL VERLOOR NIE.'

TOEGESKRYF AAN SINT AUGUSTINUS VAN HIPPO

God se Gees is onsigbaar. Hy gaan uit van God, die Vader en die Seun, soos die warm strale van die son uitgaan. Hy is God, gelyk aan die Vader en die Seun. Die mense aan wie Hy geskenk is, ervaar sy uitwerking in hul lewens. Die simbole van die Gees is water, vuur, storm, wolke, asem en 'n ligte bries. Die liturgiese kleur wat gebruik word om die Heilige Gees aan te dui is rooi. Dikwels word Hy vergelyk met 'n duif en as sodanig uitgebeeld. Vir die mense uit Bybelse tye, en ook vandag nog, is die duif die simbool van vrede en van liefde wat sigbaar geword het.

9.2 HY SPREEK DEUR DIE PROFETE

Die Bybel vertel ons van dié manne en vroue aan wie God sy gees geskenk het. Ons lees ook van konings wat die Gees deur die salwing met heilige olie ontvang het. Almal wat deur God uitverkies is, kry 'n spesifieke taak om te doen. Hulle het die moed verkry om slegte konings aan te vat, valse profete en ontroue priesters aan te kla, verkeerde leerstellings en sonde te ontmasker. Hul besieling was aansteeklik, hul eie oortuiging het ander oortuig. Almal wat hulle ontmoet het kon sien dat God in hulle aan die werk was. Sy Heilige Gees het deur hierdie mense gespreek. Daarom lei Gees vervulde mense geloofwaardige lewens – daarom kan ons op hulle vertrou.

Wanneer hulle oor die Messias gepraat het, die regverdige Koning uit die huis van Dawid en die Vredevoers wat sou kom, dan het die mense van Israel veral aan die Gees gedink. Oor Hom het een van die profete (Jesaja 11: 2) verklaar: *'Op Hom sal die Gees van die Here rus die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van ontsag vir die Here'.* Dit is aan hierdie profetiese woorde wat ons dink, wanneer ons oor die 'sewe gawes' van die Heilige Gees praat.

Oor God se dienaar, wat Hy na die mense gestuur het en deur hulle verwerp is, sê God self: *'Hier is my Denaar. Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak'.* (Jesaja 42: 1 NV).

God se Gees is 'n gawe wat nie net aan 'n klein groepie uitverkorenes gegee word nie. Die Opgestane Christus skenk aan sy apostels en al sy dissipels die gawe van die Heilige Gees (vgl. Johannes 20: 22). Op die **laaste dag**, wanneer daar oor die gebreke en kwaad van die mense geoordeel word en net die liefde en barmhartigheid van God nog staande gaan bly, sal die Gees aan elkeen gegee word: *'Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge'* (Jesaja 44: 3). *'En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die slawe en op die slavinne sal Ek in dié dae my Gees uitgiet'* (Joël2: 28-29).

Ons bid:

KOM OOR ONS, HEILIGE GEES

EN STUUR UIT DIE HEMEL U LIG OOR ONS.

UIT DIE VENI, SANCTE SPIRITUS

Laaste dag: *Die dag van God, die dag wat God bestem het as die laaste dag van die ou wêreld, soos ons dit ken. God sal 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep.*

9.3 JESUS CHRISTUS – VERVUL MET DIE HEILIGE GEES

Jesus leef en tree op soos iemand wat vervul is met die Heilige Gees. Deur die werking van die Heilige Gees is Hy deur sy Moeder Maria ontvang. Daarom prys ons haar met die woorde: *'Wees gegroet Maria, vol genade'*. Johannes die Doper is deur die Heilige Gees besiel toe hy verklaar het: *'Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur'* (Matteus 3: 11). Toe Jesus na die Jordaan gegaan het om deur Johannes gedoop te word, het die hemel bo Hom oopgegaan en het 'n stem gespreek: *'U is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het'*. (Markus 1:11). Deur die krag van die Heilige Gees weerstaan Jesus die **Satan**, wat Hom in die woestyn op die proef wou stel en Hom wou laat afsien van sy opdrag (vgl. Markus 1: 11-13).

Jesus weet waarvoor Hy gestuur is. In sy tuisdorp Nasaret het Hy op die Sabbat na die sinagoge gegaan en uit die boek van die profeet Jesaja voorgelees: *'Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes dat hulle weer sal sien; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om 'n genadejaar van die Here af te kondig'* (Lukas 4: 18-19). En elkeen het begryp wat Hy bedoel het, toe Hy sê: *'Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul'* (Lukas 4: 21).

Deur die krag van die Heilige Gees dryf Jesus duiwels uit en genees Hy die siekes. Aan die armes en vertraptes vertel Hy dat God vir hulle lief is. Hy vrees nie die skrifgeleerdes en maghebbers nie.

Jesus het gesien dat die magtiges nie oortuig was nie. Daarom plaas Hy sy lewe op die spel. Hy berei sy dissipels voor op die tyd dat Hy nie langer by hulle sou wees nie. Die evangelis Johannes vertel ons hoe Jesus afskeid neem van sy dissipels. Hy moedig hulle aan en verduidelik hoe hulle nog steeds sy vriende kan bly. Hy belowe hulle 'n Trooster, 'n Helper, Iemand wat vir hulle sal bid wanneer hulle nie die regte woorde kan vind nie. Iemand wat hulle die woorde sal ingee om hulleself te verdedig, wanneer hulle ter wille van Hom aangekla en vervolgd word. Hy belooft hulle sy Heilige Gees.

Ons bid:

'EER AAN DIE VADER EN AAN DIE SEUN EN AAN DIE HEILIGE GEES,
SOOS DIT IN DIE BEGIN WAS, SO OOK NOU, EN TOT IN ALLE EWIGHEID. AMEN.'

Satan: Hy staan ook as die 'duiwel' of die 'vyand' bekend. Ons word geleer dat hy 'n engel is wat die vyand van God geword het. Die Bose probeer altyd om die mense van God af te trek en tot sonde te verlei. As gelowiges moet ons besluit wie ons wil dien: God of die Satan. Jesus het die Satan weerstaan en dit is vir ons 'n teken dat die Satan sy mag verloor het. Wanneer Jesus in heerlikheid terugkeer, sal die Bose vir eens en altyd oorwin word.

10. DIE HEILIGE KATOLIEKE KERK

In ons tyd is die Kerk waarlik 'n wêreldwye gemeenskap. Katoliek beteken algemeen of universeel. Die Kerk dra die geloof oor aan almal wat in die Kerk gedoop word en leer hulle hoe om as Christene te lewe. Op dié wyse vervul sy die opdrag van onse Here Jesus Christus – totdat Hy in heerlikheid kom.

10.1 IN DIE BEGIN WAS DIE HEILIGE GEES DAAR

Christene stel soms die vraag: Waar en wanneer het die **Kerk** ontstaan? Die antwoord hierop vind ons in die Handeling van die Apostels van Sint Lukas.

Dit het alles in Jerusalem begin, die stad van Jesus se dood en opstanding. Die apostels en ander volgelingen van Jesus het in 'n huis bymekaar gekom. Ook Maria, die Moeder van Jesus en 'n aantal vroue was by hulle. In afwagting op die Helper, die Trooster, wat Jesus hulle beloof het, het hulle saamgekom en gebid. Toe, op die **vyftigste dag**, gebeur dit. Met die geraas van 'n stormwind daal die Gees van God uit die hemel neer. Die Gees vul die hele huis en ontvlam hul harte. Al hul angs vir die vervolgers en moordenaars van Jesus verdwyn. Hulle was so begeesterd dat hulle nie langer binnenshuis kon bly nie. Hulle moes eenvoudig uit die strate in om die Blye Boodskap te gaan verkondig.

Voor die huis het daar 'n menigte mense versamel. Mense afkomstig uit alle volke onder die hemel. Hulle het die geraas van die Gees gehoor en bymekaar gekom om die oorsaak daarvan te ondersoek. Aangesteek deur die geesdrif van die apostels, het hulle gehoor hoe daar oor Jesus, die Seun van God, getuig word. En elkeen van hulle het die boodskap in sy eie taal gehoor – almal kon meteens die Blye Boodskap verstaan.

Mense in wie die Gees van Jesus leef, kan mekaar verstaan, selfs wanneer hulle nie dieselfde taal praat nie. Ongeag hul ras of volk of kultuur is hulle nie meer vreemdes vir mekaar nie..

Lukas vertel ons dat daar op hierdie dag '□ paar duisend mense tot die geloof gekom het. Hulle is gedoop en as broers en susters in die gemeenskap van gelowiges opgeneem – die Kerk van Jesus Christus.

Hulle het almal gehou aan dit wat die apostels geleer het en het saam bymekaar gekom om die Maaltyd van die Here te vier. Hul besittings het hulle met mekaar gedeel en aan elkeen gegee wat hy nodig het.

ONS SÊ PETRUS

EN DINK AAN DIE POUS, WAT AS SY OPVOLGER LEIDING GEE AAN DIE KERK.

ONS SÊ PAULUS OF BONIFATIUS

EN DINK AAN ALMAL WAT DIE EVANGELIE VERKONDIG.

ONS SÊ BENEDICTUS OF HILDEGARD

EN DINK AAN ALMAL WAT HUL LEWE AAN GOD GEWY HET.

ONS SÊ CLARA OF FRANCISKUS

EN DINK AAN ALMAL WAT SAAM MET DIE ARMES ARM IS.

ONS SÊ MARTIN OF ELISABET

EN DINK AAN ALMAL WAT BEREID IS OM ALLES MET ANDER TE DEEL.

ONS SÊ VINCENT

EN DINK AAN ALMAL WAT ANDER BYSTAAN.

ONS SÊ MAXIMILIAAN KOLBE

EN DINK AAN HULLE WAT HUL LEWENS VIR HUL BROERS EN SUSTERS OPOFFER.

ONS SÊ ALFRED DELP OF BISKOP OSCAR ROMERO

EN DINK AAN ALMAL WAT SLAGOFFERS IS VAN GEWELD.

ONS SÊ 'CHRISTENE'

EN BEDOEL ALMAL WAT BESIEL WORD DEUR DIE GEES.

***Kerk:** Met hierdie woord kan verskillende dinge bedoel word: Die huis waar ons saamkom om te bid, die parogiane of lidmate wat bymekaar kom om die Heilige mis te vier, die plaaslike geloofsgemeenskap (parogie of bisdom) en of die universele gemeenskap van gelowiges. Die Kerk word bestuur deur die pous, die opvolger van die apostel Petrus, en die biskoppe, die opvolgers van die apostels. Oorspronklik kom die woord Kerk van die Griekse 'Kyrie', oftewel Here, en dui dit op dié dinge of mense wat aan die Here behoort – met ander woorde die gemeenskap van diegene wat deur God geroep is en as sy volk bymekaar hoort.*

***Vyftigste dag (Pinkster):** Die dag waarop die Joodse volk fees vier om die Verbond te gedenk wat God met sy volk op die berg Sinai gesluit het. Die Kerk vier hierdie dag as haar eie Pinksterfees, ter herinnering aan die uitstorting van die Heilige Gees oor die eerste Christelike gemeenskap in Jerusalem, vyftig dae ná Paasfees.*

10.2 DIE ÉÉN KERK: HEILIG, KATOLIEK EN APOSTOLIES

Die Heilige Gees het nie net 'n belangrike rol by die ontstaan van die Kerk gespeel nie, maar bly nog steeds aktief in die Kerk. Sy aanwesigheid kan voortdurend in die Kerk ervaar word. Daarom kan die Kerk nie anders as om één te wees nie. Want die Kerk het één Here en bely één geloof, gebaseer op die één doop. Die Kerk vorm één Liggaam, wat besiel word deur die één Gees – die Kerk leef in die één Hoop.

Dit is duidelik dat daar in 'n gemeenskap wat uit soveel verskillende mense bestaan, onderlinge verskille sal bestaan – selfs meningsverskille. In die Nuwe Testament vind ons dan ook dat daar soms probleme rondom leierskap (vgl. 1 Korintiërs 3: 4-8) ontstaan het. Dat die Joodse gebruike vir sommiges baie belangrik was, terwyl dit vir ander 'n bysaak of selfs heeltemal vreemd was (vgl. Handeling 16: 21). Sommige het dit wat Jesus geleer het radikaal in hul lewens toegepas en hulself afgesonder (vgl. 2 Korintiërs 6: 17). Die groot verskeidenheid talente en leefwyses kan 'n verryking wees vir die hele gemeenskap – vir die hele Kerk – solank as wat Christene net nie vergeet nie dat daar maar één Here, één geloof, één doop en één God, wat die Vader van alle mense is (Efesiërs 4: 5-6).

Die hele Kerk lei skade wanneer individue of groepe oor die interpretasie van haar leer en leefreëls twis en so toelaat dat die eenheid van die gemeenskap verbreek word.

Dit is veral hartseer wanneer individue of groepe hulleself van hierdie eenheid losmaak om op hul eie manier ‘kerk’ te probeer wees. Dit is net so ontstellend wanneer die Kerk gedwing word om een van haar leraars of ‘n groep mense op grond van vals geloofsopvattinge uit die gemeenskap te sluit.

Ter wille van die eenheid en die liefde van Jesus mag die Kerk nooit ophou om versoening na te strewen en vergifnis te vra nie, vir sowel die sonde van haar eie lede as vir dié van ander. Anders sou Jesus tevergeefs gebid het: *‘Vader, dat almal een mag wees’* (Johannes 17: 21).

In die eerste eeu ná Christus se geboorte het die Kerk die volgende gebed gebid:

‘DINK AAN U KERK, O HERE,
BEVRY HAAR VAN ALLE KWAAD
EN VERVOLMAAK HAAR IN U LIEFDE.
BRING UIT AL VIER DIE WINDSTREKE DIEGENE, WAT U GEHEILIG HET,
IN U KONINKRYK BYMEKAAR,
WAT U VIR HULLE VOORBEREI HET.
WANT VAN U IS DIE KRAG EN DIE RYK IN EWIGHEID.
MAG DIE GENADE KOM EN HIERDIE WÊRELD VERBYGAAN.
HOSANNA DIE GOD VAN DAWID!
LAAT WIE HEILIG IS HIERHEEN KOM!
LAAT WIE NIE HEILIG IS NIE, HULLE BEKEER!
MARANATHA. KOM, HEER JESUS. AMEN.’
LEER VAN DIE TWAALF APOSTELS 10: 5-6.

☞ DIE EEN KERK IS *HEILIG*

Heilig, maar nie uit haarself nie, want God alleen is die Heilige. Hy het die Kerk lief, dié gemeenskap van manne en vroue wat sy Seun Jesus Christus as Here bely, wat die Blye Boodskap verkondig en so goed as wat hulle kan met hul lewens daarvan getuig.

Natuurlik slaag al die Kerk se lidmate nie altyd daarin om heilig te wees nie. Daarom is die Kerk van Jesus Christus ook ‘n Kerk van sondaars, ‘n gemeenskap van mense wat nou en dan afdwaal, die liefde verrai, die Verbond verbreek, die kwaad toelaat en self kwaad doen. Mense wat vergewing en barmhartigheid nodig het en op hul beurt aan ander vergewing en barmhartigheid moet gee. God se blote aanwesigheid in die Kerk heilig die Kerk, ten spyte van al die menslikheid en swakheid van haar leiers en lidmate. Daarom bly die Kerk ‘n sigbare teken van heiligheid vir die hele wêreld. Die blote feit dat die Kerk nog steeds ná tweeduisend jaar bestaan (daar is geen menslike instelling wat so lank oorleef het nie) is ‘n duidelike teken dat sy bo-natuurlik gelei en bewaar word. Die Kerk se voortdurende aanwesigheid in ons wêreld is ‘n sigbare teken van God se heiligheid. Omdat Hy haar heilig kan die magte van hierdie wêreld haar nie oorweldig nie (en die Kerkgeskiedenis bied ons soveel gevalle waar mense al probeer het om die Kerk te vernietig). Ja, selfs die magte van die dood kan nie die Kerk oorweldig nie.

Ons bid:

‘JA HEER, U IS WERKLIK DIE HEILIGE;
HEEL U SKEPPING MOET U PRYS,

WANT DEUR JESUS CHRISTUS, U SEUN, ONSE HERE,
 MAAK U ALLES LEWEND EN HEILIG,
 IN DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES'.

Heilig: God is nie soos die mens nie. Hy is geheel en al anders: Hoog verhewe bo ons, Alwetend, Almagtig, Alomteenwoordig. Hy is meer as wat ons kan sê, dink of onself voorstel. Dit is hierdie 'anders-wees' van God, dié geheim van sy wese, wat ons bedoel wanneer ons sê dat Hy heilig is. Die Kerk verklaar nou en dan individuele manne en vroue 'heilig' omdat hulle op 'n besondere manier van Christus getuig het. Die heiliges, en veral Maria, is vir ons 'n voorbeeld en hulle is ons voorsprekers by God. 'Die Kerk is heilig: Die Allerheiligste God is haar grondlegger; Christus, haar Bruidegom het Homself oorgelewer om haar te heilig; die Gees van heiligheid besiel haar. Ook al het sy sondaars in haar midde, tog is sy 'wat uit sondaars bestaan, sonder sonde'. Deur die heiliges skitter haar heiligheid; in Maria is sy reeds volmaak heilig' (Kategismus van die Katolieke Kerk 867).

☞ DIE EEN KERK IS **KATOLIEK**

Die een God is die God van alle mense. Hy is lief vir alle mense en wil ons almal, waar of wanneer ons ook al lewe, na die verlossing bring waarvan Hy self die middelpunt is.

Die Kerk van Jesus Christus bewaar die erfgoed van haar Heer en verkondig Hom as die hoop van die hele mensdom. Die Kerk is die sigbare teken en waarborg van Christus se reddende liefde. En nie net vir hulle wat in die Katolieke Kerk gedoop is nie, maar vir almal wat in vrede met God leef. Ook die mense wat niks van God af weet nie, deel nog steeds in daardie liefde waarvoor Christus borg staan. Almal is op die een of ander manier verbonde met die een Kerk. Daarom staan die Kerk van nature oop vir alle mense, en daarom is sy met ander woorde: Katoliek of algemeen.

O GOD, VADER VAN ALLE MENSE,
 U VRA ELKEEN VAN ONS
 OM LIEFDE SOONTOE TE NEEM
 DAAR WAAR DIE ARME VERNEDER WORD,
 VREUGDE
 DAAR WAAR DIE KERK MOEDELOOS IS,
 EN VERSOENING
 DAAR WAAR MENSE VAN MEKAAR GESKEI IS:
 'N PA VAN SY SEUN,
 'N MA VAN HAAR DOGTER,
 'N MAN VAN SY VROU,
 'N GELOWIGE VAN DIEGENE WAT NIE KAN GLO NIE,
 'N CHRISTEN VAN SY ONBEMINDE BROER.
 ONS SMEEK U, BAAN VIR ONS HIERDIE WEG
 VAN LIEFDE, VREUGDE EN VERSOENING,
 SODAT DIE GEWONDE LIGGAAM VAN CHRISTUS, U KERK,
 DIE SUURDEEG VAN ONS SAMELEWING SAL WEES
 VIR DIE ARMES VAN HIERDIE AARDE EN VIR DIE HELE MENSE FAMILIE.
 MOEDER TERESA VAN KALKUTTA EN BROEDER ROGER SCHULTZ (STIGTER VAN TAIZÉ)

***Katoliek:** Die Kerk is Katoliek – sy verkondig die totaliteit van die geloof; sy dra die volheid van die heilsmiddele in haar en dien hulle toe; sy is gestuur aan alle volke; sy rig haar tot alle mense; sy omvat alle tye en sy is van nature sending gerig (Ad Gentes 2, Kategismus van die Katolieke Kerk 868). ‘Met hulle wat gedoop is en die ere naam Christen dra, maar nie die volledige geloof bely of in eenheid van gemeenskap met die opvolger van Petrus leef nie, probeer die Kerk haar op allerhande maniere verbonde hou’ (Lumen Gentium 15). ‘Hulle wat in Christus glo en op die regte manier die doop ontvang het, bevind hulleself, hoe onvolmaak ook al, in gemeenskap met die Katolieke Kerk’ (Unitas Redintegratio 752). ‘Met die Ortodokse Kerke gaan hierdie gemeenskap so diep ‘dat daar eintlik maar min nodig is vir die volle herstel van ‘n gemeenskaplike viering van die Eucharistie van die Here’ (Paulus VI, Toespraak op 14 Desember 1975)’*

∞ DIE EEN KERK IS **APOSTOLIES**

Vanaf die begin van sy openbare lewe het Jesus sy dissipels byeengeroep om saam met Hom te gaan, om alles te hoor wat Hy sê en te sien wat Hy doen. Uit hul midde het Hy twaalf manne gekies om sy getuies te word vanaf sy doop in die Jordaan tot en met sy opstanding uit die dood. Hierdie twaalf, die **Apostels**, stuur Hy uit na plekke waar Hy self nie na toe gegaan het nie. Daar het hulle die Blye Boodskap verkondig en die siekes genees.

Aan Petrus, **die eerste onder die apostels**, het die verre Here ‘n besondere verantwoordelikheid vir die hele Kerk gegee. Die Twaalf Apostels was die fondament van die Here se Kerk. Hulle moes die evangelie verkondig en dit wat Jesus geleer het met die hulp van die Heilige Gees aan ander oordra en verdedig. Dit was hul taak om die hele en onvervalste waarheid aan die mensdom te bring.

Op hulle beurt het die apostels hul taak en sending aan ander oorgedra, sodat dieselfde Apostoliese waarheid aan die volgende generasie deurgegee kon word. Die leergesag van die Kerk berus dus op ‘n ononderbroke lyn van apostoliese leermeesters – die biskoppe – wat teruggaan na die oorspronklike apostels. Die mees sigbare is die biskop van Rome – die pous – wat in ‘n regte lyn teruggaan na Petrus, hy wat die ‘rots’ (*‘petros’* in Grieks en *‘kefas’* in Aramees) is waarop Christus sy Kerk gegrond het (Matteus 16: 18-19) en die opdrag gekry het om sy broeders te bemoedig en te versterk (Lukas 22: 31-32). Saam met die biskoppe, gee die pous – as opvolger van Petrus – leiding aan die Kerk op haar weg deur die tyd.

Een van die vroeë Christelike skrywers, wat bekommerd was oor die eenheid van die Kerk, waarsku ons:

‘LEI ‘N LEWE WAT OOREENSTEM MET
DIE ROEPING WAT JY VAN GOD ONTVANG HET.
DOEN DIT NEDERIG EN SAGMOEDIG
EN MET VOLHARDING – VERDRA MEKAAR IN LIEFDE.
BEYWER JOU OM DIE EENHEID VAN DIE GEES TE BEHOU
DEUR DIE BAND VAN VREDE MET ALMAL TE HANDHAAF.
WEES ÉÉN IN LIGGAAM EN ÉÉN IN GEES,
SOOS JULLE GEROEPE IS TOT DIE EEN EN DIESELFDE HOOP
WAARVOOR GOD SE ROEPING ‘N WAARBORG IS.
EÉN HEER, ÉÉN GELOOF, ÉÉN DOOP. EÉN GOD EN VADER VAN ALMAL’.

Apostel, apostolies: Die woord beteken: die een wat gestuur is'. Die apostel spreek met die gesag van die een wat hom gestuur het. Die getal van twaalf apostels stem ooreen met die twaalf stamme van Israel en verwys na die feit dat Jesus die nuwe en definitiewe volk van God byeenbring. Die Kerk is apostolies omdat haar biskoppe in 'n direkte lyn opvolgers van die apostels is.

Eerste onder die Apostels: In al die naamlyste van die apostels word Petrus se naam altyd eerste geplaas (Matteus 10: 2-5; Markus 3: 16-19; Lukas 6: 14-17 en Handeling 1: 13). Dikwels praat die Bybel van 'Simon Petrus en die res van die Apostels' of 'Petrus, en sy metgeselle' (Lukas 9:32; Markus 16: 7; Handeling 2: 37) wat bewys is dat hy op 'n besondere wyse al die apostels verteenwoordig het. Hy tree ook op namens die ander apostels, as die stem van die Kerk (Matteus 18: 21; Markus 8: 29; Lukas 8: 45; Lukas 12: 41; Johannes 6: 68-69). Die Opgestane Christus het eerste aan Petrus verskyn (Lukas 24: 33-35). Die engel by die leë graf het Petrus uitgesonder toe hy gesê het: 'Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe' (Markus 16: 7). Dit was Petrus wat die leiding geneem het om 'n plaasvervanger vir Judas Iskariot te kies (Handeling 1: 15-26). Van die vroegste tye af het die Kerk bekend gestaan as 'die skuit of skip van Petrus' na aanleiding van die feit dat dit vanuit sy skuit was dat die Here Jesus die skares toegesprek het (Lukas 5: 3).

10.3 FUNKSIES EN AMPTE

Die Opgestane Heer het twaalf manne, sy apostels, na al die volke van die aarde gestuur. Kan dié sending slaag? Die apostels het in Jerusalem begin. Hulle het gepreek, gedoop en die Heilige Eucharistie gevier om hul Here te gedenk. Ook toe hulle vervolgd is en verbied is om in die openbaar oor Jesus te praat, het dit hulle nie afgeskrik nie. Vanuit Jerusalem gaan hulle na ander dorpe en stede. Deur middel van die oplê van hande stel hulle oral manne aan om leiers van die plaaslike Christengemeenskappe te wees en stuur hulle sendelinge en rondreisende predikers uit.

Die een waaroor ons die meeste weet, is Paulus, wat deur die verre Here opdrag gegee is om apostel van die heidene te word. Paulus reis van stad tot stad, van land tot land en kom uiteindelik – as gevangene – in Rome aan. Oral stig hy gemeentes en stel hy leiers aan. Aan hierdie leiers en hul gemeentes skryf hy briewe. Hieruit weet ons met watter vraagstukke en probleme die verskillende gemeentes geworstel het. Toe daar 'n probleem opduik wat Paulus nie self kon oplos nie, het hy na Jerusalem gegaan. Daar het die apostels bymekaar gekom. Gesamentlik en vol vertroue het hulle die Heilige Gees om raad gebid en sekere reëls vasgestel wat in die Kerk van Jesus Christus sou geld.

Die volgende woorde van onse Here geld vir elkeen wat 'n amp in sy Kerk beklee: *'Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baaspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees'* (Markus 10: 42-43).

Met verloop van tyd het die Kerk gegroei. Die manne en vroue wat destyds saam met Jesus Jerusalem toe gegaan het en alles daar beleef het, het oud geword en afgesterf. Sodat niks van hierdie heilige oorlewering by die oordra daarvan na die volgende generasies verlore sou gaan of vervals sou word nie, het sommiges dit wat Jesus hulle geleer het begin opskryf. Ons glo dat God se Heilige Gees oor dié skryfproses gewaak het sodat diegene wat die heilige tekste neergeskryf het, ware en getroue getuies was.

Terwyl dié neerskryf van dit wat uiteindelik die nuwe Testament sou word, aan die gang was, het die Kerk bly groei en ontwikkel. Vaste funksies en ampte het vorm gekry. Die eerste en vernaamste leraar van die Kerk is die biskop van Rome, die pous. Die ander biskoppe, as opvolgers van die apostels, waak oor die geloof in hul eie plaaslike kerke. Hulle wy priesters om leiding te gee aan die afsonderlike parogies. Dit is die taak van die priesters om vir en met die mense te bid, om die evangelie in hul gemeentes verkondig, die sakramente toe te dien en veral om die Heilige Eucharistie (Heilige Mis) te vier. Hulle staan diegene by wat aan hul sorg toevertrou is en begelei hulle op hul weg na God.

Op ‘n laer hiërargiese rang staan die diakens, wat ook die hande opgelê word, maar *‘nie vir die priesterskap nie, maar vir die barmhartigheidsdiens’* (Lumen Gentium 29). *‘Die diakens staan die biskop en priesters by in die viering van die heilige geheimenisse, veral die Eucharistie, deur die Kommunie uit te gee, by ‘n huwelik te assisteer, die evangelie te verkondig, te preek, begrafnisse te lei en hulle toe te wy aan allerhande liefdeswerke’* (Kategismus van die Katolieke Kerk 1569-1570).

EK GLO IN DIE HEILIGE GEES,
WAT DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS,
- EN ELKEEN VAN ONS AFSONDERLIK -
TOT ‘N LEWENDE GETUIE MAAK.

EK GLO IN DIE HEILIGE GEES,
WAT DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS,
- EN ELKEEN VAN ONS AFSONDERLIK -
IN STAAT STEL OM ANDER TE VERGEWE,
NA MEKAAR TE LUISTER EN MEKAAR LIEF TE HÊ.

EK GLO IN DIE HEILIGE GEES,
WAT DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS,
- EN ELKEEN VAN ONS AFSONDERLIK -
OP ONS LEWENSWEG VERGESEL
EN ONS NA ONS BESTEMMING LEI.

10.4 ‘N GODGEWYDE LEWE

Die man is vir die vrou geskape en die vrou vir die man. Maar tog was daar nog altyd in die Kerk manne en vroue gewees wat vrywillig ongetroud geleef het. God het ons die aarde gegee, sodat ons ons talente kan gebruik en verder ontwikkel om in ons eie lewensonderhoud te voorsien en plesier te vind in die werk van ons hande. En tog was daar nog altyd in die Kerk manne en vroue gewees wat vrywillig arm en sonder besittings geleef het. God het aan ons vryheid en verbeeldingskrag gegee en die verlange om ons eie pad te vind. En tog was daar nog altyd in die Kerk manne en vroue gewees wat vrywillig gehoorsaamheid beloof het aan ‘n owerste. Vir sulke mense is niks belangriker nie as Jesus se woorde aan die vissermanne langs die Meer van Galilea: *‘Kom, volg My!’* Hierdie manne en vroue vind hul geluk – hulle vind hulleself – deur sonder ‘n gesin en besittings te lewe, deur gehoor te gee aan die woorde van iemand anders.

Daar is baie manne en vroue wat volgens dié reëls lewe. Hulle wil vry en beskikbaar wees vir God, as teken dat Hy aanwesig is in ons mensewêreld. Hierdie manne en vroue, wat weet dat hulle deur God geroep is, woon saam in leef- en werkgemeenskappe. Deur die Kerk se geskiedenis het daar talle sulke

gemeenskappe of ordes ontstaan en nuwes word nog steeds gevorm, meestal as 'n reaksie op 'n bepaalde nood van die tyd. Vir sommige is gebed en aanbidding die belangrikste, ander leef weer hul leuse *'bid en werk'* uit. Sommige verkondig die evangelie en onderrig mense in die uitleef daarvan, ander sorg vir die armes, ongewenste kinders, siekes, gestremdes en sterwendes. Ons onderskei tussen *'kontemplatiewe'* en *'aktiewe'* ordes. In ons tyd bestaan daar ook gemeenskappe waarvan die lede uiterlik onherkenbaar tussen hul medemense lewe.

Die religieuse ordes en gemeenskappe is dikwels na hul stigters vernoem (Benedictus, Franciskus, Vincent edm.). Ander ontleen hul naam aan die spesifieke dienswerk wat hulle verrig (Barmhartige Susters, Missionarisse van Liefde, Skoolsusters). Elke orde volg 'n 'reël', wat uitdrukking gee aan hul besondere karakter. Wat hulle almal in gemeen het, is die drie geloftes van armoede, kuisheid en gehoorsaamheid: Die drie belangrikste paaie om die voorbeeld van Jesus na te volg. Dié drie staan bekend as die *'evangeliese rade'*.

Om volgens die evangeliese rade te lewe is nie maklik nie. Diegene wat dié leefwyse kies, moet eers 'n aantal jare daarop voorberei word, voordat hulle hulleself vir 'n tydjie of vir lewenslank daaraan verbind (dit word die *'tydelike'* of *'ewige'* geloftes genoem).

Die heilige Theresa van Avila het aan haar susters gesê:

'LAAT NIKS JOU BEDROEF MAAK NIE,
LAAT NIKS JOU BANG MAAK NIE.
ALLES GAAN VERBY,
NET GOD BLY DIESELFDE.

MET GEDULD KAN JY ALLES BEREIK, WIE AAN GOD VASHOU,
KOM NIKS KORT NIE.
GOD ALLEEN – IS GENOEG!

11. DIE GEMEENSAP VAN DIE HEILIGES

Die belydenis van die geloof in die *'Heilige Katolieke Kerk'* en die belydenis van die geloof in die *'gemeenskap van die heiliges'* hoort by mekaar. Die Kerk is die tuiste van diegene wat deur Jesus Christus deel het aan die Heilige: Aan die Sakrament van die Liggaam en Bloed van Christus, aan die vergewing van sonde en aan God se liefde vir die mens.

Die Kerk gee hierdie geloof deur. Op gesag van Jesus dien sy die sakramente toe en vestig sy sodoende die *'gemeenskap van die heiliges'*.

11.1 JESUS STIG GEMEENSAP

In Nederlands is daar 'n gesegde *'Een mens alleen is geen mens'*, m.a.w. 'n mens op sy eie is nie werklik mens nie. Op soortgelyke wyse sê hulle in Engels *'No man is an island'*. Ons sou kon sê: *'n Christen op sy eie is geen Christen nie'*. Dit is net in die gemeenskap dat 'n persoon dit kan word wat hy werklik is. Dit is net in die gemeenskap dat ons ons eie talente kan ontwikkel en dit wat uniek en eie aan ons persoonlikheid is kan ontplooi. Gemeenskap is lewensbelangrik vir elke mens. En tog kos dit soveel moeite om hierdie gemeenskap te beleef.

As ons na die woorde van Jesus luister, dan leer ons hoe dié gemeenskap uitsien wat op Hom gebou is:

☞ Dit is 'n gemeenskap waar die kleintjies groot is. Jesus het die kinders in sy arms geneem en aan die volwassenes gesê: Julle geloof moet so groot soos dié kinders s'n wees. Hy het eenvoudige vissermanne van die Meer van Galilea uitgekies en hulle apostels vir die hele wêreld gemaak. Aan hulle het Hy dié taak toevertrou om sy Kerk byeen te bring en te lei.

☞ Dit is 'n gemeenskap waarin elkeen 'n gelyke kans het. Jesus het die tollenaars en sondaars se uitnodiging aangeneem en by hulle geëet. Hy het met 'n vrou (destyds sou geen Joodse man dit gedoen het nie) oor die Koninkryk van God gepraat. Aan sondaars sê Hy: God het julle vergewe. En aan die rykes sê Hy: Gee aan die armes.

☞ Dit is 'n gemeenskap waarin die onderdrukte en minder bevoorregte dit waarop hulle hoop mag ervaar. Jesus genees die siekes en gestremde; en die besetene en dié wat afhanklik geword het van die kwaad bevry Hy.

'TOE HY DAN HULLE VOETE GEWAS EN SY BO-KLERE GENEEM HET, GAAN HY WEER AAN TAFEL EN SÊ VIR HULLE VERSTAAN JULLE WAT EK AAN JULLE GEDOEN HET? JULLE NOEM MY MEESTER EN HERE EN JULLE IS REG, WANT EK IS DIT. AS EK DAN, DIE HERE EN DIE MEESTER, JULLE VOETE GEWAS HET, IS JULLE OOK VERPLIG OM MEKAAR SE VOETE TE WAS. WANT EK HET JULLE 'N VOORBEELD GEGEE OM, NET SOOS EK AAN JULLE GEDOEN HET, OOK SO TE DOEN.'

JOHANNES 13: 12-15

11.2 OM IN GEMEENSAP TE LEER LEWE

In Christelike gemeenskappe vind 'n mens alle soorte mense bymekaar. Mense wat in die daaglikse lewe miskien min met mekaar te doen het, sit Sondag in die kerk langs mekaar op dieselfde bank. Onder die eerste Christene was daar, net soos daar vandag nog is: Jode en heidene, rykes en armes, vrouens en mans, handelaars en boere, onderwysers en handarbeiders, jonges en oues, suksesvolle mense en ongeluksvoëls, gesondes en siekes, grondbesitters en dagloners. Hulle het dit wat vir hulle belangrik geword met mekaar gedeel: Hul geloof in Jesus, hul vertroue in sy woord, hul plek aan sy tafel, hul hoop op die lewe wat Hy beloof aan wie Hom volg. As hulle bid, sê hulle: *'Onse Vader...'*; net soos Hy hulle geleer het. Hulle spreek mekaar aan as *'broeder'* en *'suster'*.

Hierdie onderlinge harmonie is egter nie vanselfsprekend in 'n wêreld waar respek vir mekaar dikwels afhang van iemand se rykdom of status in die samelewing. Die Christen verkry nie outomaties hierdie harmonie op die dag dat hy gedoop word nie. Elke individu van die Christelike gemeenskap is nou eenmaal in staat om foute te maak, ander seer te maak en groot swakhede te openbaar. Die eerste Christelike gemeenskappe moes hierdie dinge ervaar en ons sien hulle vandag nog in onself en om ons. As gemeenskap en as individue kan ons van die vroeë Christene leer hoe ons met ons foute en gebreke moet omgaan.

Die gemeente wat Paulus in Korinte gestig het, is 'n mooi voorbeeld. Danksy Paulus se briewe aan hulle weet ons presies wat hul probleme was en hoe Paulus hulle gehelp het. Hier sien ons Christene, 'heiliges', wat in sulke onmin verkeer het dat hulle noodsaak gevoel het om onderlinge geskille voor die plaaslike geregshof te bring. Aangesien die plaaslike geregshof uiteraard deur heidene beman is, sou dit beteken dat *'die onregverdige'* oordeel oor Christene sou moes uitspreek (vgl. 1 Korintiërs 6: 1-11).

Paulus benadruk die feit dat Christene deur hul geloof en met die hulp van die Heilige Gees daartoe in staat is om vrede te sluit en met mekaar versoen te raak. 'n Ander groep was weer onseker oor die vleis wat aan die afgode geoffer is. Is dit vir Christene geoorloof om dié vleis op die mark te koop of daarvan te eet as hulle by mense tuis vir 'n maaltyd uitgenooi word. Paulus stel hulle gerus deur hulle aan hul vryheid as Christene te herinner. Terselfdertyd waarsku hy hulle om rekening te hou met die 'swakkes' in die gemeenskap en hulle geen aanstoot te gee nie (vgl. 1 Korintiërs 8: 1-13).

'n Ander onderwerp wat bespreek is, was die verskillende vorme van Christelike diensbaarheid. Watter was die mees waardevolle vir die gemeenskap en vir God? (vgl. 1 Korintiërs 12: 12-31). Paulus los hierdie probleem op met 'n vergelyking, wat dit ook duidelik maak hoe hy 'n gemeenskap of parogie gesien het. Hy sê dat die Christelike gemeenskap soos 'n liggaam is met verskillende ledemate: Oë om mee te sien, ore om mee te hoor, hande om iets mee vas te hou, voete om mee te loop. Geen enkele liggaamsdeel kan 'n ander vervang nie. As een liggaamsdeel in pyn verkeer, ervaar die ander ook pyn. Die liggaam is immers 'n eenheid. Net so ook die gemeenskap. Elke individu het sy eie taak. Die een as apostel, die ander as leermeester, die ander een weer as dokter. Danksy al hierdie verskillende vorme van diensbaarheid kan die hele gemeenskap ontwikkel.

DIT IS WAT ONS ÉÉN MAAK:

ONS IS IN DIESELFDE NAAM GEDOOP.

ONS BREEK DIE EEN BROOD.

ONS DEEL DIESELFDE HOOP.

ONS BELY DIESELFDE GELOOF.

ONS VERTROU DIESELFDE WOORD.

ONS AANBID DIE EEN GOD.

11.3 HEILIGES IN JESUS CHRISTUS

☞ MAAR JULLE IS 'N UITVERKORE GESLAG, 'N KONINKLIKE PRIESTERDOM, 'N HEILIGE VOLK...' (1 Petrus 2: 9).

Met hierdie eretitels prys Petrus sy gemeenskap, waarin manne en vroue leef wat weet dat hulle sondaars teenoor God en hul medemense is. Hy moedig hulle aan om mense te word soos God wil hê hulle moet wees.

God se heiliges is egter nie net tot diegene beperk wat op hierdie oomblik lid is van die sigbare Kerk op aarde nie. Die oorledenes wat nog op pad is na volmaakte gemeenskap met God (hulle wat in die vaevuur gelouter word), asook dié saliges wat Hom alreeds van aangesig tot aangesig in die hemel aanskou, vorm almal deel van die Kerk. Tradisioneel word daar verwys na die *Strydende Kerk* (ons wat nog op aarde is), die *Lydende Kerk* (hulle wat in die vaevuur gesuiwer word) en die *Triomfantelike Kerk* (hulle wat alreeds die hemel bereik het). Saam is almal deel van die één Kerk van Jesus Christus.

Elke jaar vier die Kerk Allerheiliges (op 1 November) en Allersiele (2 November) as die groot fees van die gemeenskap van die heiliges.

HERE, ONS E GOD,

DINK AAN ALMAL WAT ORAL OP AARDE

OP PAD IS NA U TOE:

HULLE WAT NIKS HET OM TE GEE NIE,
 EN HULLE WAT HULSELF GEE;
 DIE WAT TREUR
 EN HULLE WAT WOORDE VAN HOOP SPREEK;
 HULLE WAT GESLAAN WORD
 EN HULLE WAT NIE TERUGSLAAN NIE;
 HULLE WAT HONGER LY
 EN HULLE WIE SE BORDE OORLOOP;
 HULLE WAT SONDER REGTE IS
 EN DIEGENE WAT VIR HULLE OPKOM;
 HULLE WAT SKULDIG IS
 EN DIEGENE WAT HULLE VERGEWE;
 DINK AAN ALMAL WAT ORAL OP AARDE
 OP PAD IS NA U TOE: U HEILIGES.

12. DIE VERGEWING VAN SONDES

As Christene bely ons ons geloof in die Heilige Gees, die Heilige Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges en die vergewing van sondes. Al hierdie sinne hou verband met mekaar, elke sin verwys na die ander, en almal het te make met die opdrag wat die Here aan sy apostels gegee het toe Hy hulle met dié woorde uitgestuur het: *'Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word'* (Markus 16: 15-16).

Wie sy geloof in Jesus Christus deur die doop laat beseël, word deur Jesus se dood met God versoen. Dit beteken dat so 'n persoon se sondes vergewe word. Daarom is die doop as die eerste en belangrikste sakrament vir die vergewing van sondes.

12.1 DIE OPDRAG VAN DIE HERE

Die Opgestane Here het sy apostels die opdrag en volmag gegee om diegene wat glo te doop en hulle daardeur in die Kerk op te neem.

☞ In sy evangelie getuig Johannes van dié opdrag wat hulle by die Here ontvang het. Hy beskryf hoe die dissipels op die vooraand van die Paasfees bymekaar gekom het. Hulle was bang en het die deure gesluit. Toe het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: *'Vrede vir julle!'* Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien. Weer het Jesus vir hulle gesê: *'Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie'* (Johannes 20: 19-23).

In die Kerk word dié volmag, wat Christus aan die apostels gegee het, tot vandag toe aan die biskoppe en priesters oorgedra. En dit is goed. Want ons is maar swakke mense, wat foute maak en al te maklik 'n verkeerde koers inslaan. Paulus maak dit duidelik wanneer hy aan die Christene van Rome skryf: *'...maar ek is vleeslik en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop. Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek verafsku, juis dit doen ek'* (Romeine 7: 14-15). Ons sou verlore

gewees het as ons, die gedooptes, nie 'n manier gehad het om vergifnis te bekom nie. In die Sakrament van Versoening (ook bekend as die Bieg of Boetesakrament) skenk Christus vergifnis aan almal wat berou het, spyt is oor hul sonde en dit bely.

As Christene betoon ons ons jammerte vir ons sondes deur middel van praktiese dae van berou, deur ons deelname aan die Eucharistieviering, deur die Heilige Skrif te bestudeer en deur getuienis te lewer in ons lewens van God se barmhartigheid.

WAT SOU DAAR VIR ONS OOR WEES IN DIE WÊRELD
 AS DIE WOORDJIE 'VERGIFNIS' NIE BESTAAN HET NIE?
 AS DIE LIEFDE WAT BY DIÉ WOORD BEHOORT
 NIE VIR ELKEEN VAN ONS BESKORE WAS NIE?
 AS GEEN HAND NA ONS UITGEREIK HET
 OM ONS VERSOENING AAN TE BIED NIE?
 AS ELKEEN, WAT SKULDIG IS,
 SKULDIG SOU MOES BLY?
 AS ELKEEN MET SY SKULD ALLEEN MOES BLY
 EN DAAR SLEGS VERGELDING
 EN GEEN VERGIFNIS MEER OOR WAS NIE?

12.2 EK OORDEEL JOU NIE

Johannes die evangelis vertel die volgende oor die skrifgeleerdes en Fariseërs. Hulle het 'n vrou na Jesus toe gebring en gesê: *'Hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap. Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig, maar U, wat sê U?'* Jesus het egter stilgebly. Toe hulle verder by Hom aandring sê Hy: *'Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi.'* Toe hulle dit hoor het hul eie gewete hulle aangekla.

Hulle het een vir een weggegaan en Jesus het alleen agtergebly met die vrou. Hy vra haar toe: *'Vrou, waar is daardie beskuldigings van jou? Het niemand jou veroordeel nie?'* En sy antwoord: *'Niemand nie, Here.'* En Jesus sê vir haar: *'Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie'* (vgl. Johannes 8: 1-10).

Hierdie verhaal van Jesus se ontmoeting met die owerspelige vrou bly vir ons 'n kragtige voorbeeld van Jesus se verhouding met ons sondaars. Hy vermy nie sondaars nie. Hy eet met hulle, Hy is nie skaam om met hulle gesien te word nie. Een van sy apostels was voorheen 'n tollenaar. En in sy laaste uur sê Hy aan die man wat deur sy eie skuld langs Hom aan die kruis gehang het: *'Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees'* (Lukas 23: 43).

Jesus veroordeel nie mense wat 'n fout begaan het nie. Hy neem juis die las weg van diegene wat swaar gebuk gaan onder hul skuld. Hy neem ons sondes weg sodat ons weer kop omhoog deur die lewe kan gaan. Wat vir Hom belangrik is, is nie dat die skuldiges en veroordeeldes gestraf moet word nie, maar dat hulle vrygespreek word. Sodat hulle met 'n nuwe lewe kan begin en nooit weer vergeet dat God vir hulle lief is nie. Dan kan hulle hulself aanvaar, soos God hulle aanvaar.

VERGEWING KAN JY NIE KOOP NIE,
 EN OOK NIE VERDIEN NIE.

NIEMAND HET DIE REG OM VERGIFNIS TE ONTVANG NIE.
 JY KAN OM VERGIFNIS VRA,
 VIR JOUSELF EN VIR ANDER – WANT GOD SE GOEDHEID IS EINDELOOS.
 WANNEER JY VERGEWING ONTVANG HET – GRATIS ONTVANG HET –
 KAN JY MET JOU SKULD LEWE,
 KAN JY DAARDEUR GROEI,
 OM GOED EN BARMHARTIG TE WORD
 IN ‘N WÊRELD WAT BEHEP IS MET OORDEEL EN STRAF.

12.3 SOOS ONS OOK VERGEWE

Gewoonlik is dit so dat wanneer ons ‘n fout begaan en die skade wat ons aangerig het nie kan regmaak nie – dan is ons meer as bereid om vergifnis te vra. Maar wanneer ons self gevra word om ‘n ander mens se foute te vergewe, dan vind ons dit so moeilik om van ons ‘regte’ af te sien. Die volgende gelykenis van Jesus gaan juis daaroor:

Daar was twee dienaars wat in diens van dieselfde koning was. Een van hulle het die koning soveel geld geskuld dat hy dit nooit sou kon afbetaal nie. Toe hy smekend op sy knieë voor die koning val, het sy heer hom jammer gekry en hom vrygespreek van al sy skuld. Bevry van hierdie swaar las gaan hy weg en ontmoet op pad sy mededienaar wat hom toevallig ‘n klein bedrag geskuld het. Die arm man kon hom egter nie terugbetaal nie en smee hom om genade. Maar die eerste dienaar weier om hom sy skuld kwyt te skeld en laat die arme man in die gevangenis opsluit.

Toe die koning dit uitvind, word hy woedend. Hy het die hardvotige dienaar laat haal en hom in die gevangenis gegooi – totdat hy sy reusagtige skuld afbetaal het.

Jesus het gesê: *‘So sal my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie’* (Matteus 18: 35).

Dit is glad nie moeilik om dié gelykenis te begryp nie. Dit is wel veel moeiliker om dit te doen wat Jesus vir ons sê.

Om te kan vergewe, om iemand vry te spreek van sy skuld teenoor jou, om nie haatdraend te wees nie, om nie diegene wat ons as kompetisie beskou na te kom nie – al dié dinge verg baie van ons as mense. Dié Christelike houding druis teen ons natuurlike houding in.

Petrus wou hieroor ‘n presiese antwoord hê. Daarom vra hy aan Jesus: *‘Here, as my broeder teen my sondig, hoe dikwels moet ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?’* Van Petrus se kant af was dit sekerlik groothartig om bereid te wees om sy broeder wat hom kwaad aangedoen tot sewe maal toe te vergewe. Eers begryp hy Jesus se antwoord nie so mooi nie. Jesus maak dit heel duidelik dat ‘n heel ander maatstaf geld as dit by vergewing kom: *‘Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe’*. Wat Jesus hiermee bedoel is dat ons nie moet tel as dit by vergewe kom nie. Ons moet altyd vergewe, soveel keer as wat ons medemense dit nodig het (vgl. Matteus 18: 21–22).

Dit was beslis geen toeval dat dit juis Petrus was wat dié vraag gestel het en dié antwoord gekry het nie. In Jesus se antwoord aan Petrus skuil daar ‘n opdrag. Want Petrus is die een aan wie die Here die sleutels van die koninkryk van die hemele toevertrou het, sodat alles wat hy op aarde bind of ontbind – vergewe

of nie vergewe nie – ook by God in die hemel vergewe of nie vergewe sal wees nie (vgl. Matteus 16: 19).

GAAN NA DIE ANDER EEN TOE, GEE HOM JOU HAND.
SÊ JY DIE EERSTE WOORD, GEE JY DIE EERSTE TREE.
AANVAAR HOM, MET SY SKULD.
LAAT DIE LIEFDE STERKER WEES AS VERGELDING EN WRAAK.
BREEK DEUR DIE VERNIETIGENDE KRING VAN SKULD EN STRAF,
EN LOOP SAAM DIE PAD VERDER.

Jesus het aan sy dissipels gesê:

‘WANT AS JULLE DIE MENSE HULLE OORTREDINGE NIE VERGEWE NIE,
SAL JULLE VADER JULLE OORTREDINGE OOK NIE VERGEWE NIE’
MATTEUS 6: 14

13. DIE WEDEROPSTANDING VAN DIE VLEES EN DIE EWIGE LEWE

Party mense sterf aan die einde van ‘n ryk en lang lewe. Maar daar is ook kinders en jongmense wat sterf. Sommige mense sterf vroeg as gevolg van ongelukke en rampe, siekte, honger of koue. Net God weet hoeveel mense omkom deur die harteloosheid van hul medemense, wat weier om hul brood en medisyne, hul rykdom en hul land met ander te deel. En hoeveel sterf nie as gevolg van die magspolitiese wat bedryf word deur diegene wat liever oorlog voer as die vrede bewaar.

- ☞ Wanneer Christene hul geloof in die opstanding uit die dood en die ewige bely, is dit geensins ‘n ontkenning van die lyding waarmee die liggaamlike dood dikwels gepaardgaan nie.
- ☞ Dit is ook nie ‘n poging om die aandag van diegene wat in hierdie lewe swaarkry – die armes en vertraptes – van hul huidige probleme af te lei deur hulle ‘n beter lewe in die hiernamaals te belooft nie.
- ☞ Wanneer Christene bely dat hulle in die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe glo, bedoel hulle die volgende: Ons glo dat ons – die mense, die aarde en alles wat daarop leef – ‘n toekoms het. Ons glo dat hierdie toekoms goed is. Ons glo dat dit beter is as enigiets waarvan ons kan droom of onself verbeel. Want God gee ons hierdie toekoms.

‘ONS GLO VAS, EN ONS HOOP DIT OOK,
DAT NET SOOS CHRISTUS WAARLIK UIT DIE DOOD OPGESTAAN HET
EN VIR ALTYD LEWE, DIE REGVERDIGES OOK NA HUL DOOD
VIR ALTYD MET DIE VERRESE CHRISTUS SAL LEWE
EN HY SAL HULLE LAAT OPSTAAN OP DIE LAASTE DAG’
KATEGISMUS VAN DIE KATOLIEKE KERK 989

13.1 HY IS GEEN GOD VAN DIE DOOIES NIE

In die boeke van die Bybel vind ‘n mens soveel verhale. Mense vertel oor hul planne en drome. Oor hul vreugde wanneer dit goed met hulle gaan. Oor hul verdriet en teleurstelling wanneer die ongeluk hulle

tref. Oor die kwaad wat hulle gedoen het of beleef het. En ook oor die dood, wat 'n einde maak aan ons lewensplanne, hoe deeglik ons hulle ook al beplan het. Die Bybel is volop gevalle waar mense vrae stel soos: Waarom is ons hier op aarde? Watter sin het al ons harde werk en prestasies as ons weet dat elkeen van ons tog gaan sterwe? Waarom word daar aan een persoon 'n lang lewe gegun, terwyl 'n ander sterf nog voordat hy werklik begin leef het? Op ons eie kan ons geen bevredigende antwoorde op dié vrae vind nie.

Die mense oor wie ons lees in die boeke van die Bybel, leer hul eie beperkinge ken. Maar hulle leer ook dat hul hoop oor hierdie menslike beperkinge kan heen reik. Hulle besef dat hulle vir God gemaak is en hulle leer hoe om hul vertroue in Hom te stel. Hulle leer dat God 'n doel het met elke menselewe. Hulle leer ken God se verlossingsplan (heilsplan) vir die mensdom. En die Bybel leer ons oor en oor net hoe getrou God aan sy belofte is. In Jesus Christus laat God ons sien dat Hy sterker is as die dood. Vanaf daardie eerste Paasfees gee Hy troos aan elke man en vrou wat huilend by die graf van 'n geliefde staan:

EK IS DIE OPSTANDING EN DIE LEWE;
WIE IN MY GLO, SAL LEWE
AL HET HY OOK GESTERWE.
JOHANNES 11: 25

13.2 HOE SAL DIE DOOIES OPSTAAN?

Ons taal en ons woorde het betrekking op die werklikheid van hierdie wêreld. Hulle skiet tekort wanneer dit by God se wêreld en sy werklikheid kom. Dit het die eerste Christene al besef toe hulle hulself afge vra het: Hoe sal die verrysenis van die dooies geskied? Wat gebeur met die liggaam wat in die graf tot stof vergaan? As iemand kreupel of fisies gestrem is, hoe gaan sy liggaam by die opstanding daar uitsien? As 'n kind sterf – gaan hy as volwassene in die hemel leef? Wat het met al die mense gebeur wat al gesterf het? Waar wag die dooies tot die laaste nag van hierdie aardse tyd verby is en God se daglik oor 'n nuwe aarde skyn? Op hierdie en die baie ander vrae het ons geen beter antwoord as dit wat Paulus aan die Christene van Korinte geskryf het nie:

'GEEN OOG HET AL GESIEN
EN GEEN OOR HET AL GEHOOR,
EN GEEN MENS KAN HOM DIT VERBEEL NIE,
WAT GOD VOORBEREI HET VIR DIEGENE WAT HOM LIEFHET.'
EERSTE BRIEF AAN DIE KORINTIËRS 2: 9

13.3 CHRISTENE EN DIE DOOD

Die *dood* vul ons mense nou maar eenmaal met ang – selfs dié wat op God vertrou. Want die dood beteken afskeid en skeiding. Alles wat die lewe van 'n mens uitmaak – besittings en mense – word agtergelaat. Elke mens sterf alleen – en met leë hande.

Niemand van ons hoef hom egter op die oomblik van sy sterwe vir sy ang te skaam nie. Selfs Jesus het aan die kruis na sy Vader geroep. En saam met Hom mag elke sterwende roep, dié oomblik wanneer die dood by ons kom aanklop. Saam met Hom kan elke sterwende daarop vertrou dat die barmhartige God alle ang in vreugde kan verander en ons leë hande opnuut kan vul.

Ons glo dat ons by ons sterwe God ontmoet. Ons oë, wat deur die dood gesluit word, gaan weer oop. Elkeen van ons sal met ons eie verhaal, met ons sonde en met ons liefde, voor God staan. Ons sal daar staan met alles wat ons gedoen het, die goeie en die slegte. Dit wat ons uit liefde of uit minagting vir God en ons medemens gedoen het. Ons glo dat dié ontmoeting met God beslissende gevolge vir ons ewige toekoms sal inhou.

Die profete van Israel en Jesus ook vertel ons dat hierdie ontmoeting die vorm van 'n 'n *geregshof* sal aanneem. God se oë sal tot die diepste van ons wese deurdring. Voor Hom sal ons niks kan verberg of wegsteek of goed praat nie. In hierdie geregshof sal daar 'n oordeel uitgespreek word: Beloning of straf, geluk of verdoemenis, die skoot van Abraham of die ewige vuur, lofsang of geweene en 'n gekners van die tande (vgl. Matteus 8: 12), 'n gedans by die bruilofsfees of tevergeefs aanklop by die geslote deur (vgl. Matteus 25: 1-13). Dit is die kragtige beelde wat in die Heilige Skrif gebruik word. Hulle is vir ons bedoel wat nog op pad is, sodat ons sal bekeer, ons lewe verander en ons stewig vasmaak aan die liefde van Christus: in geloof, hoop en liefde.

GOD,

U NEEM NIE DIE LEWE VAN ONS AF WEG NIE,

ONS GLO U MAAK DIT NUUT VOLGENS U WOORD;

EN AS ONS AARDSE HUIS, ONS LIGGAAM, AFGEBREEK WORD,

HET JESUS AL REEDS VIR ONS 'N PLEK IN U HUIS VOORBEREI

OM DAAR VIR GOED BY U TE WOON.

Die dood beteken die einde van die aardse lewe en die begin van die ewige lewe. Die siel maak hom los van die sterflike liggaam en ontmoet God van aangesig tot aangesig. Op die Dag van die Here, wanneer Jesus Christus weer in heerlijkheid kom, sal al die dooies opstaan en sal hul siel met hul 'verheerlikte' liggaam herenig word.

Geregshof: Daar word 'n onderskeid gemaak tussen die individuele (persoonlike) oordeel en die algemene of 'laaste' oordeel. Die persoonlike oordeel vind plaas op die oomblik van afsterwe. Dan word ons uiteindelijke lot bepaal: Of ons opgeneem word in die ewige gemeenskap met God, of word ons daarvan uitgesluit. Die individu word beoordeel volgens die mate waarin hy God se wil in sy lewe gedoen het en volgens sy geloof in Jesus Christus. Hierdie oordeel is definitief en kan nie verander word nie. Die algemene (laaste) oordeel vind plaas op die Dag van die Here, die Laaste Dag. Dit is die dag waarop Jesus sal terugkeer om God se Ryk en Heerskappy te vestig (sy Wederkoms). Op hierdie 'dag' sal al die dooies opstaan.

Oordeel: Die oordeel hang af van die vrye keuses wat die individu tydens sy aardse lewe gemaak het. Diegene wat hulleself bewustelik en vrywillig van God losgemaak het, sal geen plek in die gemeenskap van die saliges kry nie. Hulle plek sal by die verworpenes wees in die hel. Aan hulle wat ten diepste in God en in Christus glo, maar op die oomblik van hul dood nog nie heeltemal gereed en waardig is nie, word daar 'n tyd van loutering, van suiwering en groei na volwassenheid gegun. Dit noem ons die 'vaevuur'. Hierdie siele wag op die oomblik dat hulle in volledige gemeenskap met God opgeneem sal word. As gelowiges kan ons hulle met ons gebed help. Die uitverkorenes hoor die stem van Christus: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit.' (Matteus 25: 34. NV). Hulle sal God soos Hy is (1 Johannes 3: 2) en vir ewig met Hom verenig wees. Hulle is in die hemel.

13.4 DIE EWIGE LEWE

Lewe in oorvloed, om vir altyd te lewe – nie om ewig te rus nie, maar om in 'n onvoorstelbare volheid te lewe, totaal bevry van alle angs – selfs van die angs vir ons eie swakheid – om dié mens te wees wat God in gedagte gehad het toe Hy ons geskep het. Om saam met God te lewe, om die fees van die lewe te vier... Ons kan ons dit skaars indink hoe die ewigheid sal wees.

☞ Die heilige Augustinus, een van die groot Kerkvaders, het geskryf:

'DAN SAL ONS VRY WEES EN ONS SAL SIEN,
ONS SAL SIEN EN ONS SAL LIEFHÊ,
ONS SAL LIEFHÊ EN ONS SAL GOD KAN LOOF.
SIEN, AAN DIE EINDE SAL DIT EINDELOOS WEES'

Die profete van ouds en Johannes, die skrywer van die boek Openbaring en die profeet van die eindtyd, vertel in beelde hoe die nuwe lewe vir ons sal wees. Die hemel word beskryf, nie as die een of ander onvoorstelbare plek ver bokant die wolke nie, maar as die plek waar God woon, en waar die mense as sy volk saam met Hom lewe. Die ou aarde, met skuld belaa en deur die mens geskend, het vergaan. 'n Nuwe aarde, soos God dit vanaf die begin bestem en gewil het, word ons nuwe woonplek. 'n Wêreld waarin God ook tuis is, as die Lig en Lewe van daardie wêreld. Daarom benodig dié nuwe aarde geen son of maan nie. En in die nuwe Jerusalem word die huise nie van steen gebou nie en is daar geen tempel waar ons God moet gaan opsoek nie. Want Hyself sal daar wees en in ons midde woon.

'n Nuwe, vrugbare aarde, waar fonteine in die woestyn sal ontspring, waar bome groei en twaalf keer per jaar vrugte dra. 'n Wêreld waar geen enkel skepsel 'n ander enige kwaad sal aandoen nie, waar die lam en die wolf by mekaar sal lê, saam kan lewe sonder om mekaar te verslind. Waar 'n klein kindjie sy hand na 'n adder sal kan uitsteek en nie gebyt word nie (vgl. Jesaja 11: 6-8).

Daar sal mens ervaar wat dit is om geheel en al volmaak mens te wees. Daar sal geen siekte wees nie, geen dood, geen eensaamheid, geen verdriet, geen geskreeu, geen haat, geen vyandskap, geen onderdrukking.

Die oë van die blindes sal oopgemaak word, die dowes sal weer hoor, die kreupeles sal dans en die stommes sing (vgl. Jesaja 35: 5-6). Swaarde en spiese sal oorbodig wees. Hulle sal omgesmee word tot ploegskare en snoeimesse. Aan oorlog en baklei sal daar nie eers meer gedink word nie. Elkeen sal in sy eie wingerd of onder sy vyeboom kan sit en deur niemand verjaag word nie (vgl. Miga 4: 3-4). En God sal die trane van alle oë afvee (Openbaring 7: 17). Ja, die oue is verby, die nuwe het gekom (2 Korintiërs 5: 17).

'EN HULLE SAL SY AANGESIG SIEN,
EN SY NAAM SAL OP HULLE VOORHOOFDE WEES.'
OPENBARING 22: 4

Die Openbaring van Johannes of die Apokalips is die laaste boek van die Nuwe Testament, geskryf deur die profeet en siener Johannes. Beide woorde (Openbaring en Apokalips) beteken letterlik om die punt van 'n sluier 'n bietjie op te lig. Met ander woorde, God gee ons 'n kykie in die verborge geheimenis van sy uiteindelijke oorwinning en die neerlaag van alle goddelose magte, die ewige heil, en die geluk van die mense wat vir ewig saam met God lewe.

14. AMEN – JA, SO IS DIT

Die Apostoliese Geloofsbelydenis is een van die grondtekste van die Christendom. Dié teks het in die vroeë Kerk ontstaan toe dit nodig geword het om dit wat Christene glo, duidelik en noukeurig uiteen te sit.

Elke sin, elke uitspraak in dié geloofsbelydenis is – dikwels na lang besprekings – sodanig geformuleer dat die gelowiges daaraan kon vashou en terselfdertyd die onderskeid kon raaksien tussen die Christelike geloof en dwaalleringe.

Die geloofsbelydenis (oftewel *Credo* soos dit in Latyn bekend staan) geld vir die hele Kerk. Elkeen wat in die Kerk van Jesus Christus gedoop word, verbind homself daaraan. Tydens die Paasweek word die Doopbeloftes deur die hele gemeenskap hernu.

Hierdie belydenis van die Kerk vind neerslag in elke Christen se lewe – dit behoort die persoonlike geloofsbelydenis van elke Christen te wees. Dit begin met die woorde ‘*ek glo*’ en eindig met die woord ‘*Amen*’.

Wie Amen sê bevestig sy beslissing: Amen – ja, so is dit, daaraan hou ek vas, dit is wat ek glo. Die evangelie is waaroor my lewe gaan. Daarvoor dank ek God.

WEES BLY, WANT JESUS HET AAN DIE KRUIS GESTERF!

AMEN.

WEES BLY, WANT HY HET UIT DIE DOOD OPGESTAAN!

AMEN.

WEES BLY, WANT IN DIE DOOP HET HY ONS VAN ONS SONDES GEREINIG!

AMEN.

WEES BLY, WANT JESUS HET GEKOM OM ONS TE BEVRY!

AMEN.

EN WEES BLY, WANT HY IS DIE HERE VAN ONS LEWENS!

AMEN.

POUS ST. JOHANNES PAULUS II

Amen: Hierdie Hebreeuse woord beteken: Om te volhard, om betroubaar en vasberade te wees. Terselfdertyd het dit te make met die woorde: geloof, waarheid, getrouheid. Wanneer Jode en Christene ‘amen’ aan die einde van hul gebed sê, is dit elke persoon se eie afsonderlike antwoord: Ja, so is dit, dit is waarvoor ek staan!

HOE KATOLIEKE HUL GELOOFVIER

DIE KERK EN DIE SAKRAMENTE

15. DIE LEWE IN CHRISTUS: DIE SAKRAMENTE

Die Opgestane Christus het aan sy dissipels belowe dat Hy altyd met hulle sal wees: ‘*Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld*’ (Matteus 28: 20). Op Pinkster het hulle ervaar hoe Hy sy belofte nakom. Vol inspirasie (vervul met die Gees) gaan hulle uit op straat om die Blye Boodskap aan alle mense te verkondig! Elkeen moet van Christus weet! Jesus van Nasaret, wat aan die kruis gesterf het, is die Here en die Messias. Hy het uit die dood opgestaan. God het Hom hoog verhef en Hom die ereplek aan sy regterhand gegee. Hy sal weer kom in heerlijkheid. Glo Hom en vertrou op die Goeie Nuus wat ons aan julle verkondig.

So het die gemeenskap van die gelowiges gegroei oral waar die Blye Boodskap van die evangelie bekend gemaak is. Op dié manier het daar plaaslike gemeenskappe ontstaan. Daar was nou ‘n nuwe volk van God: Die Kerk van Jesus Christus. Dié volk is met die Here verbonde soos die ledemate van ‘n liggaam, soos die druif met die wynstok verbonde is. Die Here Jesus tree nou deur hulle en in hulle op.

Die Here wil hê dat sy Kerk ‘n sigbare teken sal wees: Dit doen die Kerk deur haar aanwesigheid onder die mense en deur die sakramente met hulle te vier, sodat hulle kan weet dat God alle mense liefhet en sy verlossing aan hulle wil gee. Die Kerk self is ‘n teken van die liefde en die nabyheid van die verborge God. Die Kerk is die oersakrament, waaruit al die ander sakramente voortkom. Sedert die tyd van die Apostels bied die Kerk die sakramente aan elkeen wat die geloof bely en dit uitleef.

IN CHRISTUS IS DIE KERK DIE WARE SAKRAMENT, DIT WIL SÊ DIE TEKEN EN DIE INSTRUMENT VAN ONS MENSE SE INNIGE VERENIGING MET GOD EN VAN DIE EENHEID VAN DIE HELE MENSLIKE GESLAG.

TWEEDE VATIKAANSE KONSILIE, DOGMATIESE KONSTITUSIE OOR DIE KERK

15.1 SEWE SAKRAMENTE

Die Kerk vier sewe **Sakramente**, die heilige nalatenskap van haar Heer. Die sakramente hou verband met die lewe en geloof van elke individuele Christen. In en deur hierdie sakramente gee Christus Homself aan die mens. By ons ontvangs van die sakramente word ons bevestig in ons geloof en in ons hoop, in ons liefde en in die sekerheid dat God ons liefhet. By die toedien van hierdie sakramente praat die Kerk nie net oor ons verlossing en die feit dat ons aan God behoort nie. Die sakramente is effektiewe tekens, dit wil sê, hulle maak dat ons aan God behoort en hulle skenk ons verlossing.

‘EN UIT SY VOLHEID HET ONS ALMAL ONTVANG, JA, GENADE OP GENADE’

JOHANNES 1: 16

Sakrament: ‘n Uitwendige teken van die verlossing (heil) wat Jesus Christus aan sy Kerk gegee het as bewys vir sy aanwesigheid in en met die Kerk. Die **Doop** maak ons aan die begin van ons lewe ‘n lid van Christus se Kerk. By die **Vormsel** word die jong volwassene gesterk en geheilig deur die gawe van die Heilige Gees. Deur die **Eucharistie** (Heilige Kommunie) neem ons deel aan die lewe van onse Here en

vorm ons één gemeenskap. Wanneer ons gesondig het, skenk die Sakrament van **Versoening** (die Heilige Bieg) ons vergifnis en versoening met God. Die Sakrament van die **Siekosalwing** gee hoop, krag en troos aan hulle wat liggaamlik verswak is. Met die **Wydingsakrament** word die diakens, priesters en priester vir hul dienswerk in die Kerk gewy. In die Sakrament van die **Huwelik** belooft die eggenotes mekaar hul liefde en trou, die gemeenskap wat ‘n egpaar vorm weerspieël ons gemeenskap in Christus. Die Sakramente is sigbare tekens van die onsigbare werklikheid van ons verlossing. Omdat hulle van God afkomstig is, verleen hulle die genade wat hulle aandui.

Sakramentalia: Benewens die Sakramente bestaan daar in die Kerk ook Sakramentalia. Dit is sekere heilige tekens wat na die voorbeeld van die Sakramente veral ‘n geestelike uitwerking het op die persoon wat daarvan gebruik maak. Sakramentalia werk op die voorspraak van die Kerk. Sakramentalia help mense om die regte gesindheid te verkry sodat hulle die uitwerking van die Sakramente kan beleef en die verskillende aspekte en oomblikke van hul lewe geheilig kan word. Sakramentalia hou verband met bepaalde Kerklike bedieninge en situasies en om bepaalde voorwerpe te heilig. Dit behels ‘n spesifieke gebed en die een of ander handeling of teken (bv. handoplegging, die kruisteken, besprinkeling met wywater). Ons praat van ‘konsekrasie’ wanneer ‘n persoon (byv. die abdis van ‘n klooster) of ‘n voorwerp (altaar, kerk, klokke) uitsluitend aan die diens van God gewy word. Ons praat van ‘seëning’ wanneer mense (kinders, reisigers, pelgrims) of diere of dinge (huis, voedsel, motor) aan God se beskerming toevertrou word.

15.2 DIE DOOP

Toe Petrus op Pinkster die skares in Jerusalem toegesprek het, is baie van sy toehoorders diep daardeur getref. Hulle het Petrus en die ander apostels gevra: Wat moet ons doen? Petrus het hulle geantwoord: *‘Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang’* (Handelinge 2: 37-38).

Hierdie nuwe gemeenskap van gelowiges – die Kerk – was gou nie meer net tot die Jode beperk nie. In die Handelinge van die Apostels vertel Lukas ons van Filippus, een van die sewe diakens. Gelei deur die Gees van God gaan hy op die pad wat tussen Jerusalem en Gaza loop. Daar vind hy ‘n wa met ‘n vername Etiopiër wat daarop sit. Die man was op pad terug van Jerusalem waar hy in die tempel gaan bid het. Hy gaan nou huistoe en was besig om uit die profeet Jesaja te lees. Filip hoor wat die vreemdeling lees en vra hom: *‘Begrryp u goed wat u lees?’* Die man antwoord: *‘Hoe kan ek as niemand my daarmee help nie? Klim op en vertel my wat die woord van die profeet sê.’* Filippus klim toe op die wa en lê dit vir die man uit hoe die woord van die profeet in Jesus Christus vervul is. Hy vertel die Etiopiër hoe Jesus gekom het om die mense met God te versoen. Hoe Hy deur sy eie mense verwerp is en hoe Hy vrywilliglik lyding aanvaar het, selfs die dood aan die kruis. Hoe Hy soos ‘n lam na die slagpale gelei is. Hoe God Hom uit die dood opgewek het. Jesus leef en daarvan is ons getuies. Hy is die Redder en die Verlosser. Wie glo dat Jesus die Messias, die Redder is, en hom laat doop word ‘n nuwe mens, ‘n Christen.

Toe die wa by ‘n plek aankom waar daar water was, het die Etiopiër aan Filippus gesê: *‘Daar is water, wat verhinder my om gedoop te word?’* Hulle het al twee in die water afgeklim en Filippus het hom: *‘In die Naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees’* gedoop. Hierdie man was die eerste Christen van Afrika.

☞ Die Doop is dié sakrament wat alle Christene ontvang. Die Kerk dien die Doop in opdrag van die Here toe: *'Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees'* (Matteus 28: 19).

☞ Die Doop bring 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus tot stand. Deur die Doop word ons ook opgeneem in die gemeenskap van die gelowiges, die Kerk. Die Doop bewerkstellig die vergifnis van sondes en dui die begin aan van ons nuwe lewe as broer of suster van Christus self, en as aangenome seun of dogter van God. Iemand wat gedoop is, kan bid: *'Onse Vader wat in die hemel is...'*

☞ Die Doop is 'n begin, 'n geskenk wat God ons vooruit gee en wat ons vir die res van ons lewe probeer terugbetaal: *'In die doop is julle saam met Hom begrawe, maar julle is ook saam met Hom opgewek deur julle geloof in die krag van God wat Hom uit die dood laat opstaan het'* (Kolossense 2: 12).

Elkeen kan die Doop ontvang en elkeen kan dit toedien, selfs mense wat nie gedoop is nie, solank as wat die persoon wat dit doen dieselfde bedoeling as die Kerk het. Die Doop is geldig tot in alle ewigheid. Niemand kan dit wegneem en geen sonde kan die verbond verbreek wat deur die Doop beseël is nie.

Mense wat as volwassenes die Doop ontvang, gaan eers deur 'n tydperk van voorbereiding om die geloof te leer ken. Op dié manier word hulle ingelyf in die geloof van die Kerk. Ouers en peetouers laat 'n kind doop omdat hulle nie net die gawe van die lewe nie, maar ook die gawe van die geloof wil deurgee. Hulle belowe om die kind in die geloof op te voed en die kind op sy geloofsreis te begelei. Tydens die viering van die Paaswaak hernu alle gelowiges – volwassenes sowel as kinders – hul Doopbelofte.

Tydens die Paaswaak word die Doopwater met die volgende gebed gewy:

'VADER, U GEE AAN ONS GENADE DEUR SAKRAMENTELE TEKENS,
WAT GETUIG VAN U ONSIGBARE KRAG.

IN DIE DOOP GEBRUIK ONS U GAWE VAN WATER,
WAT U 'N SIMBOOL GEMAAK HET VAN DIE GENADE
WAT U DEUR HIERDIE SAKRAMENT SKENK.

AAN DIE BEGIN VAN DIE SKEPPING HET U GEES OP DIE WATER NEERGEDAAL
EN DIT TOT 'N BRON VAN HEILIGHEID OMSKEP.

U HET DIE WATERS VAN DIE SONDVLOED 'N TEKEN VAN DIE DOOPWATER GEMAAK,
WAT DIE SONDE BEËINDIG EN GOEDHEID HERNU.

DEUR DIE WATER VAN DIE ROOISEE HET U ISRAEL UIT SLAWERNY GELEI,
OM BEELD TE WEES VAN U HEILIGE VOLK, BEVRY VAN DIE SONDE DEUR DIE DOOP.

IN DIE WATER VAN DIE JORDAAN IS U SEUN DEUR JOHANNES GEDOOP
EN GESALF MET DIE HEILIGE GEES.

AAN DIE KRUIS HET DAAR VOLGENS SY WIL UIT U SEUN SE SY
WATER EN BLOED GEVLOEI.

NA SY OPSTANDING HET HY AAN SY DISSIPELS GESÊ:

'GAAN HEEN EN LEER ALLE NASIES,
EN DOOP HULLE IN DIE NAAM VAN DIE VADER
EN VAN DIE SEUN EN VAN DIE HEILIGE GEES'.

VADER, SIEN NOU MET LIEFDE NEER OP U KERK,
 EN ONTSLUIT VIR HAAR DIE FONTEIN VAN DIE DOOP.
 DEUR DIE MAG VAN DIE HEILIGE GEES
 SKENK AAN DIE WATER IN HIERDIE DOOPVONT
 DIE GENADE VAN U SEUN.
 U HET DIE MENS NA U EIE BEELTENIS GESKAPE;
 BEVRY ONS VAN DIE SONDE DEUR DIE NUWE GEBOORTE IN ONSKULD
 MET WATER EN DIE HEILIGE GEES.'

Doop: Dit beteken om 'ondergedompel' te word in water, die simbool van lewe. Wanneer 'n ongedoopte mens sy lewe vir Jesus Christus gee (martelaarskap), ontvang hy die 'doop van bloed'. Ons praat van 'die doop van begeerte' wanneer ongedoopte mense goeie lewens lei en lief is vir hul medemense; dan volg hulle eintlik – bewustelik of onbewustelik – Christus na. Ons glo ook dat die barmhartige God nie sal toelaat dat babas en kindertjies wat ongedoop sterf verlore sal gaan nie. Die doop word as volg toegedien: Die een wat die doop toedien giet driemaal water oor die hoof van die dopeling en spreek die woorde: 'Ek doop jou in die Naam van die Vader, en van die Seun en van die heilige Gees'.

15.3 DIE VORMSEL

Die sakrament van die Vormsel word vandag nog op dieselfde manier toegedien as in die tyd van die Apostels. Die biskop – of sy amptelike plaasvervanger – strek sy hande uit oor die vormlinge en bid dat hulle die gawes van die Heilige Gees mag ontvang. Dan lê hy op elkeen afsonderlik die hande, noem hom of haar by die naam en sê: 'N., wees beseël met die gawe van die Heilige Gees'. Daarna salf hy die voorkop van die vormling met Chrisma as teken dat hy of sy nou aan Christus behoort – net soos slawe destyds herken is aan die seël van hul eienaar waarmee hulle gemerk was. Die gevormdes hernu daarna hul doopgelofte en bid die geloofsbelydenis van die Kerk.

In die Westerse Kerk word die Vormsel toegedien as die sakrament waardeur jongmense van daardie oomblik af as volwassenes in die geloof beskou word. Jongmense wat as kind gedoop is en wie se eerste geloofsbelydenis namens hulle deur hul ouers of peetouers afgelê is, begin om met die ontvangs van die Vormsel self verantwoordelikheid te dra vir hul eie lewe en optrede. Van nou af kan hulle self 'ja' sê vir dié geloofsgemeenskap waarin hulle by hul Doop opgeneem is.

☞ Hulle sê 'ja' vir Christus en verklaar daarmee dat hulle van nou af vir Hom sal lewe en nie hul geloof sal verloën nie.

☞ Hulle verklaar hulleself bereidwillig tot diens in die Kerk van Christus en om hul broers en susters by te staan.

Net soos die Doop, laat die Vormsel ook 'n geestelike merkteken op die siel na, 'n onuitwisbare seël. Daarom kan hierdie sakrament slegs eenkeer ontvang word. Die genade van die Heilige Gees maak dit vir die gevormde moontlik om sout vir die aarde en 'n lig vir die wêreld te wees (vgl. Matteus 5: 13-14). Deur sy lewe en manier van optrede lê die gevormde getuienis af omtrent Christus, sodat elkeen waarmee hy in aanraking kom kan sien hoe 'n volgeling van Christus lewe.

ONS GLO IN DIE GEES VAN GOD,
 WAT ONS DIE GENADE GEE
 OM SONDER GEWELD TE LEWE,
 DIE ARMES TE BESOEK,
 DIE SWAKKES BY TE STAAN,
 AAN ALMAL VREUGDE TE BRING
 EN GOD TE DIEN.
 ONS GLO IN DIE GEES VAN JESUS CHRISTUS,
 WAT ONS AANSPOOR
 OM AS BROERS EN SUSTERS TE LEWE,
 ONS SLEGTE GEWOONTES TE VERANDER,
 ONS VOORORDELE TE OORWIN,
 EN HOOP TE KOESTER,
 SODAT ELKEEN SAL KAN SIEN
 DAT ONS SEUNS EN DOGTERS VAN GOD IS,
 SY KINDERS.

***Vormsel:** ‘Die Vormsel vervolmaak die Doopgenade; dit is die sakrament wat ons die Heilige Gees gee om al hoe meer diepgeworteld as kinders van God te lewe, om ons vaster in te lyf by Christus, om ons band met die Kerk te verstewig, om ons nouer te verbind aan haar sending en ons te help om deur ons woorde en dade getuienis af te lê van die Christelike geloof (Kategismus van die Katolieke Kerk 1316). Volwassenes ontvang dié Sakrament saam met die Heilige Eucharistie. Waar die kinderdoop gebruiklik is, word die Vormsel meestal toegedien aan jongmense as ‘n teken van hul groei na volwassenheid en die vermoë om self geloofsbesluite te kan maak. In die Oosterse Kerke word die Vormsel onmiddellik na die Doop toegedien, saam met die Heilige Kommunie.*

15.4 DIE HEILIGE EUCHARISTIE

Die sakrament van die **Heilige Eucharistie** is die middelpunt en die hart van die hele liturgie van Christus se Kerk. Want in en deur hierdie sakrament vervul die Kerk – dag in en dag uit, oor die hele wêreld – Jesus se opdrag aan sy apostels op die aand voor sy lyding. Hy het aan hulle gesê: ‘Doen dit tot My gedagtenis’. Daarom is ons viering gebaseer op die herinnering van Jesus se Laaste Avondmaal. Van hierdie heilige Tradisie getuig Paulus:

‘WANT EK HET VAN DIE HERE ONTVANG WAT EK OOK AAN JULLE OORGELEWER HET, DAT DIE HERE JESUS IN DIE NAG WAARIN HY VERRAAI IS, BROOD GENEEM HET; EN NADAT HY GEDANK HET, HET HY DIT GEBREEK EN GESÊ: NEEM, EET; DIT IS MY LIGGAAM WAT VIR JULLE GEBREEK WORD; DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS. NET SO OOK DIE BEKER NÁ DIE ETE, MET DIE WOORDE: HIERDIE BEKER IS DIE NUWE TESTAMENT (NUWE VERBOND) IN MY BLOED, DOEN DIT, SO DIKWELS AS JULLE DAARUIT DRINK, TOT MY GEDAGTENIS.’

EERSTE BRIEF AAN DIE KORINTIËRS 11: 23–25

Die Kerk – elke afsonderlike Christelike gemeente – vier die Eucharistie as ‘n gemeenskap van lofprijsing en danksegging, as ‘n gemeenskap wat dié Heilige Maaltyd deel en ook as gemeenskap wat bestaan as gevolg van die offer van Jesus Christus. So hou die Kerk nie net herinnering lewendig van dit wat God

deur Jesus Christus vir ons gedoen het nie, maar in dié viering is Christus Self werklik aanwesig. Ons praat van die Liggaamlike Teenwoordigheid van Jesus Christus in die Eucharistie. Deur ons deelname aan dié Heilige Maaltyd word ons al hoe meer Christen.

ONS BREEK DIE BROOD VIR MEKAAR,
 ONS DEEL SAAM IN DIE MAALTYD,
 ONS AANVAAR MEKAAR,
 ONS LUISTER NA MEKAAR,
 ONS KOM AL HOE NADER AAN MEKAAR,
 ONS MAAK ONSSELF KLEIN VIR MEKAAR
 ONS GEE MEKAAR DIE HAND,
 ONS OMHELMS MEKAAR -
 NET SOOS HY DIT GEDOEN HET.

Die Heilige Mis of Eucharistieviering bestaan uit vier onderdele:

1. Die Inleidingsrites wat die Begroeting, die Skuldbelydenis (Confiteor), die Here ontferm U oor ons (Kyrie), die Gloria en die Openingsgebed insluit.
2. Die *Liturgie van die Woord*, waartydens drie Bybeltekste voorgelees word; die eerste uit die Ou Testament of die Handeling van die Apostels, die tweede uit die Briewe van die Apostels, en die laaste een uit die Evangelies. Daarna lê die priester of diaken in opdrag van die Kerk die Woord van God uit (die homilie) sodat elkeen kan begryp hoe 'n mens vandag as Christen kan lewe. Op Sondae of spesiale feesdae lê die gemeente die Geloofsbelijdenis af. In die Algemene Voorbede word die behoeftes van die gemeente voor God gebring.
3. In die Liturgie van die Eucharistie vier die biddende gemeente die Heilige Maaltyd en Kruisoffer van die Here. Die gemeente kniel neer voor die Tafel van die Here (die altaar). In die naam van Christus bid die priester die Eucharistiese Gebed. Dit begin met die groot dankgebed (die Prefasie) wat oorgaan in die Sanctus (die lied van die engele voor die troon van God) en eindig met die groot 'amen' van die hele gemeente. In die naam van Jesus Christus en op grond van sy amp doen en sê die priester dit wat Jesus gedoen en gesê het. By die *Konsekrasie* spreek hy die woorde uit waardeur die gawes van brood en wyn, wat ons na die altaar toe gebring het, verander in die Liggaam en Bloed van Jesus Christus, onse Here. Dit is die geheimenis van ons geloof.

☞ Die priester neem die brood en sê:

'NEEM EN EET ALMAL HIERVAN:
 DIT IS MY LIGGAAM,
 WAT VIR JULLE OORGELEWER SAL WORD'

☞ Die priester neem die beker en sê:

'NEEM EN DRINK ALMAL HIERUIT:
 DIT IS DIE BEKER VAN MY BLOED,
 VAN DIE NUWE EN EWIGE VERBOND,
 WAT VIR JULLE EN VIR BAIE UITGESTORT SAL WORD
 TOT VERGIFNIS VAN SONDES.
 DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS.'

Ná afloop van die Eucharistiese Gebed bid die gelowiges die Onse Vader-gebed en ná die Vredesgroet en Lam van God (Agnus Dei) ontvang hulle die Heilige Brood (Heilige Kommunie), die Liggaam van Christus. In hierdie Heilige Kommunie word ons gemeenskap met die verheerlikte Here 'n lewende werklikheid. Nou maak ons deel uit van sy *offer*. Op die kruis het Hy ons versoening en die vergewing van ons sondes bewerkstellig. Hy het self die offergawe geword en die Nuwe Verbond met sy eie Bloed beseël. Wie in hierdie Verbond leef, word daartoe geroep om net soos Christus vir God en sy medemens te lewe, om homself net so te gee, op te offer, soos Christus dit gedoen het. Hierdie Kommunie-rite eindig met die Slotgebed.

4. Die Heilige Mis eindig met die Slotrites – die seëning en wessending.

HERE JESUS CHRISTUS,
 U IS DIE BROOD WAT ONS LEWEND MAAK,
 U IS DIE BROOD WAT ONS BROERS VAN MEKAAR MAAK,
 U IS DIE BROOD WAT DIE VADER AAN ONS GEE.
 U IS DIE WEG WAT ONS GEKIES HET,
 U IS DIE WEG WAT DEUR LYDING GAAN,
 U IS DIE WEG WAT NA VREUGDE LEI.
 JA, DIT IS GOED OM U TE BESING,
 U TE LOOF EN TE DANK,
 U TE AANBID WAAR U HEERSKAPPY OOK AL IS.
 SINT JOHANNES CHRYSOSTOMUS (+407)

Eucharistie: *Dié Griekse woord beteken 'danksegging'. So word die hele viering van die Heilige Mis genoem. Dit dui ook veral op die tweede gedeelte van die Heilige mis met die Eucharistiese Hooggebed, wat onderskei word van die voorafgaande Liturgie van die Woord. Die gekonsekreerde hostie wat ons tydens die Heilige mis as Kommunie ontvang en met groot eerbied behandel word ook die Eucharistie genoem. Wanneer ons praat van die offer van Jesus Christus wat 'n werklikheid word in die Eucharistieviering, praat ons gewoonlik van die Heilige Misoffer. Die woord Mis (van die Latyn 'missa', wat uitsending beteken) het veral betrekking op die einde van die viering, wanneer die gelowiges uitgestuur word om in hul daaglikse lewens van Jesus Christus te getuig.*

Liturgie van die Woord: *Die naam vir die eerste gedeelte van die Heilige Mis, maar dit word ook gebruik vir ander vieringe, buite die Heilige Mis, waar Bybeltekste voorgelees en uitgelê word.*

Konsekrasie: *Die woorde van die Here: 'Dit is my Liggaam, 'Dit is my Bloed' word nie simbolies of as vergelyking geuiter nie. Ons glo dat die brood en wyn – ons gawes – in die Eucharistieviering werklik verander in die Liggaam en Bloed van onse Here, ook al kan ons dit nie uitwendig met ons oë waarneem nie. Ons glo die volgende omtrent die sakrament van die Eucharistie: 'Onder die gekonsekreerde gedaantes van brood en wyn is die verheerlikte Christus self aanwesig op 'n waaragtige, werklike en wesenlike wyse, met sy Liggaam en sy Bloed, met sy Siel en sy Godheid' (Konsilie van Trente, 1545-1563). Dit is hierdie geheimenis van die geloof wat ons bedoel wanneer ons praat van die konsekrasie of gedaanteverandering.*

Offer: *'Tydens die Laaste Avondmaal ... het ons Verlosser die Eucharistiese Offer van sy Liggaam en Bloed ingestel, om daardeur die Kruisoffer deur die eeue heen tot by sy Wederkoms beskikbaar te stel en*

so aan sy geliefde Bruid, die Kerk, die viering van die herdenking van sy dood en opstanding toe te vertrou' (Tweede Vatikaanse Konsilie, Konstitusie oor die Heilige Liturgie 47).

15.5 DIE SAKRAMENT VAN BOETE EN VERSOENING (DIE HEILIGE BIEG)

Aan die begin van elke Heilige Mis sê ons saam: *'Ek bely voor U, Almagtige God, en voor u, my broers en susters, dat ek uitermatig gesondig het deur my skuld, my skuld, my grote skuld, in my gedagtes en met my woorde, deur wat ek gedoen het en wat ek versuim het om te doen. Daarom vra ek die geseënde Maagd Maria, al die engele en heiliges, en ook u, my broers en susters, om vir my te bid tot die Here onse God'.*

Die rede hoekom ons juis so bid, is omdat elkeen van ons weet dat ons maar net mens is. Mense wat kwaad kan doen en dink, wat teenoor God en ons medemense en alles wat leef en aan ons sorg toevertrou is, kan sondig. Ons bid in die vertroue op onse Here Jesus Christus, wat van Homself gesê het: *'...want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering' (Matteus 9: 13).* Jesus het sy openbare lewe begin met die oproep tot **bekering**: *'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom' (Matteus 4: 17).* En aan diegene wat gekla het omdat Hy soveel tyd met sondaars deurgebring het, het die Here gesê: *'Ek sê vir julle dat daar net so blydschap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-negentig regverdiges wat nie bekering nodig het nie' (Lukas 15: 7).*

In sy gelykenisse praat Jesus oor 'n God wat sy mense liefhet soos 'n vader of moeder 'n seun of dogter liefhet. En God se liefde is 'n blywende liefde, wat nooit verander of verflou nie, selfs nie eers wanneer sy geliefde 'n ander weg inslaan of 'n lewe lei wat teen die gebod van die Vader indruis nie.

Jesus praat oor sy Vader. Hy nooi almal uit – en elkeen afsonderlik – om terug te keer na Hom wat geduldig en vergewensgesind is. Op gesag van die Vader belof Jesus **vergewing** en versoening aan sondaars – Hy belof hulle 'n nuwe lewe. Sy Kerk – die gemeenskap van die broers en susters van Jesus – is die ontmoetingsplek, waar 'n verlore seun of dogter wat berou toon met ope arms deur die Vader ontvang word. Die Vader verheug Hom oor elke broer of seun, suster of dogter wat teruggevind word.

Dit is aan hierdie opdrag van die Kerk dat Johannes die evangelis dink, waar hy vertel van Jesus wat op die aand van die Paasfees by sy dissipels was, die Heilige Gees oor hulle geblaas het en aan hulle die volmag gegee het om mekaar se sondes te vergewe. Matteus verwys ook na dié bediening van versoening, wanneer hy vertel dat Jesus aan Petrus, die rots waarop Hy sy Kerk sal bou, gesê het: *'...wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees' (Matteus 16: 19).*

Die vergewing van **sonde**, wat ons in die geloofsbelydenis bevestig, kan in die praktyk deur elkeen in die Sakrament van versoening (die biege) ervaar word. Elkeen wat gedoop is kan die Sakrament van versoening deur 'n priester ontvang aan wie dié bevoegdheid deur die Kerk gegee is. Elkeen wat ná sy doop 'n ernstige sonde begaan, moet eers met God en met die geloofsgemeenskap versoen word, voordat hy Christus weer in die Heilige Kommunie ontvang. Dit word van die sondaar vereis dat hy sy skuld in alle eerlikheid bekén en die vaste voorneme het om sy lewe te verbeter. Wanneer hy sy sonde biege, moet hy ook bereid wees om alles in sy vermoë te doen om die onreg wat hy gedoen het weer goed te maak, en die boetedoening wat die priester hom oplê aanvaar.

In tye van nood, wanneer dit nie moontlik is om van die persoonlike biege gebruik te maak nie, kan die priester die hele groep terselfdertyd vergewing en versoening gee (algemene absolusie/vryspraak). Maar elkeen is verplig om by die eerste en beste geleentheid persoonlik by 'n priester te gaan biege.

Die vryspraak/absolusie:

GOD, DIE VADER VAN BARMHARTIGHEID HET DEUR DIE DOOD EN OPSTANDING VAN SY SEUN DIE WÊRELD MET HOMSELF VERSOEN EN DIE HEILIGE GEES UITGESTORT VIR DIE VERGIFNIS VAN SONDES: DEUR DIE BEDIENING VAN DIE KERK MAG HY JOU (U) VERGIFNIS EN VREDE SKENK. DUS SPREEK EK JOU (U) VRY VAN JOU (U) SONDES, IN DIE NAAM VAN DIE VADER, EN VAN DIE SEUN, EN VAN DIE HEILIGE GEES. AMEN.

Bekering: *Dit beteken om jou rug op die sonde te draai en vasbeslote bereid te wees om opnuut te begin. Wanneer 'n mens van die Sakrament van die Biege praat is dit belangrik om te weet dat die sondaar van plan is om sy skuld te vereffen. Die woord biege dui eintlik net op die skuldbelydenis van 'n persoon. Ons praat ook van die Sakrament van Versoening of Bekering.*

Vergewing: *'Die individuele en volledige biege van swaar sondes, gevolg deur absolusie/vryspraak, bly die enigste gewone middel om jouself met God en die Kerk te versoen' (Kategismus van die Katolieke Kerk 1497).*

Sonde: *Na gelang van hoe ernstig hulle is word sondes beoordeel. Die onderskeid tussen doodsonde en daaglikse sonde, wat 'n mens reeds in die Heilige Skrif aantref (1 Johannes 5: 16-17), is deel van die Tradisie van die Kerk. Dit word deur mense se eie ervarings bevestig. (Kategismus van die Katolieke Kerk 1854). 'Om van doodsonde te kan praat, moet drie voorwaardes vervul wees: 'Dit moet 'n ernstige saak wees, en die persoon wat dit doen moet volle kennis dra dat dit 'n ernstige saak is en moet vrylik daartoe instem' (Reconciliatio et poenitentia 17; Kategismus van die Katolieke Kerk 1857). Daaglikse sonde het te doen met die een of ander ligte oortreding van die een of ander morele voorskrif, of wanneer iemand ongehoorsaam is aan die morele wet in 'n ernstige saak, maar sonder volle kennis van die erns van die saak of volledige instemming daartoe. (Kategismus van die Katolieke Kerk 1862).*

15.6 DIE SIEKESALWING

Wanneer mense siek word, verander hul lewe. Dikwels kan hulle nie meer vir hulself sorg nie en is hulle afhanklik van ander se hulp. Hulle is nie meer in staat om self na ander toe te gaan nie, maar moet nou wag dat ander na hulle toe kom. Hulle kan niks meer 'doen' nie. Dikwels voel hulle verstote en eensaam en verloor hulle moed en hoop.

Jesus het nooit die siekes vermy nie. Hy het uit sy pad gegaan om hulle te laat verstaan dat God vir hulle lief is. Hy het baie siekes genees. Die Kerk is nie net 'n geloofsgemeenskap nie, maar ook 'n leefgemeenskap. Gelowiges is broers en susters van mekaar, van almal, ongeag hul lewensituasie. Om die siekes te besoek is een van *die werke van barmhartigheid*.

☞ Vanaf die begin het siekes spesiale sorg van die Kerk ontvang: *'Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die priesters van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die sieke red, en die Here sal hom gesond maak. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word' (Jakobus 5: 14-15).*

Hierdie sakrament word vandag nog op dieselfde manier toegedien. Die priester bid vir en met die sieke. Dan salf hy sy voorhoof en sy hande met heilige olie:

DEUR HIERDIE HEILIGE SALWING EN SY LIEFDEVOLLE BARMHARTIGHEID, MAG DIE HERE JOU (U) TE HULP KOM DEUR DIE GENADE VAN DIE HEILIGE GEES. MAG HY WAT JOU (U) VAN SONDE BEVRY HET, JOU (U) RED EN GOEDGUNSTIGLIK OPHEF. AMEN.

Ná die salwing ontvang die sieke Heilige Kommunie, oftewel die ‘*viaticum*’ wanneer dit aan ‘n sterwende gegee word (letterlik: padkos).

Wie sy lewe aan Jesus Christus toevertrou mag daarop reken dat hy ook in siekte en sterwensnood nie van dié persoonlike band ontnem sal word nie. Gelowiges kan en moet vashou aan die Here – veral in nood en lyding. Hy weet immers wat lyding is. Daarom kan ons Hom om hulp vra – Hy weet en begryp waardeer die sieke en sterwende gaan. As Christene verbind hulle hul eie lyding met Syne – so verkry hul lyding betekenis, want dit word opgeoffer vir die mensdom en die wêreld.

‘WANT NIEMAND VAN ONS LEEF VIR HOMSELF NIE EN NIEMAND STERF VIR HOMSELF NIE. WANT AS ONS LEWE, LEEF ONS TOT EER VAN DIE HERE; EN AS ONS STERWE, STERF ONS TOT EER VAN DIE HERE; OF ONS DAN LEWE EN OF ONS STERWE, ONS BEHOORT AAN DIE HERE’.

ROMEINE 14: 7-8

Die Sakrament van Siekesalwing kan in ‘n hospitaal of kerk aan verskillende mense tegelyk toegedien word. As dit ‘n langdurige siekte is of as die pasiënt se toestand versleg, kan dié sakrament meer as een keer aan dieselfde persoon toegedien word.

15.7 DIE WYDINGSAKRAMENT

Die Kerk van Jesus Christus is ‘n gemeenskap van lofprijsing en danksegging, van saam met mekaar lewe en mededeelsaamheid. Dit is ‘n gemeenskap van mense wat deur hul Here Jesus Christus met God versoen is. Dié gemeenskap vorm die Verbondsvolk van God – die volk van die Nuwe Verbond waarvan Jesus Christus die hoëpriester en offerlam is. Elkeen wat gedoop en gevorm is, het deel aan die priesterskap van Jesus Christus. In dié sin praat ons van die ‘algemene priesterskap’ van die gelowiges. Dit beteken dat elkeen van ons, volgens sy eie roeping, ‘n aandeel het in die sending van Jesus Christus. Elke Christen is ‘n getuie van Christus.

☞ In die eerste brief van Sint Petrus (2:9) word ‘n Christengemeenskap wat slagoffer van vervolging was, aan hulle besondere waardigheid herinner: *‘Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.’* Die Kerk, God se volk op aarde, leef tussen ander volke. As gemeenskap van gelowiges het die Kerk spreekspersone nodig, manne wat geroep is om in opdrag van Jesus, en vanuit sy liefde, die eenheid te bewaar en te waak oor die suiwerheid van die geloof.

Die sakramentele Kerklike bediening bestaan uit drie vlakke: die biskoppe, die priesters en die diakens. Hulle het almal deel aan die priesterskap van Jesus Christus; hul amp is op Hom gegrond; hulle verteenwoordig die Kerk.

Hulle word gekies uit die gemeenskap van die heiliges en aangestel om hierdie gemeenskap te dien. Daarom word hulle vir hul amp gewy.

☞ Die *biskop* lei 'n sekere gedeelte van die Kerk wat 'n 'bisdom' genoem word. Binne die bisdom is hy verantwoordelik vir die verkondiging van die Evangelie, die viering van die Eucharistie en die versorging van die armes. As opvolgers van die Apostels besluit die biskoppe aan wie hulle 'n kerklike amp wil toevertrou. Hulle wy die diakens en priesters. Die eerste onder die biskoppe is die biskop van Rome, die pous. Hy is die opvolger van Sint Petrus, aan wie die Opgestane Here sy kudde toevertrou het (vgl. Johannes 21: 15-17).

Net soos Petrus, wat deur die Here aangewys is as die eerste onder die Apostels, met die ander Apostels verbonde gebly het, so bly ook die pous, as die opvolger van Petrus, en die biskoppe, as opvolgers van die ander Apostels, met mekaar verbonde en vorm hulle saam 'n eenheid. As die verteenwoordiger van Jesus Christus en die Opperherder van die hele Kerk is die pous die waarborg en sigbare teken van die fundamentele eenheid van die Kerk. Die kollege van biskoppe kan hul gesag slegs uitoeven in eenheid met die pous, die biskop van Rome. Sekere biskoppe word deur die pous benoem as raadgewers (kardinale) en hulle dra die verantwoordelikheid om by die afsterwe van 'n pous 'n nuwe te kies. Hulle oefen hul amp in diens van die pous uit. Die biskoppe word deur die pous benoem. Hulle ontvang die wyding en die gesag wat hulle toekom deur die salwing, gebed en handoplegging van ander biskoppe.

Wanneer sake wat die hele Kerk betrek opgelos moet word, roep die pous al die biskoppe van die wêreld byeen. Hierdie vergadering van biskoppe word 'n konsilie genoem. In die geskiedenis van die Kerk was daar 21 sulke konsilies gewees. Hulle besluite is bindend op die hele Kerk. Die laaste een het van 1962 tot 1965 in die Vatikaan plaasgevind en staan bekend as die Tweede Vatikaanse Konsilie.

☞ Die *priesters* word deur die biskop gewy. Deur die volmag van Jesus bewaar en lei hulle die gemeenskap wat aan hul sorg toevertrou is. Hulle verkondig die Evangelie en lê dit uit, hulle lei die Euchristievieringe en dien die Sakramente toe. Wanneer 'n priester gewy word, salf die biskop hom met die heilige Chrisma-olie en lê hom dan eerste die hande op, waarna die ander priesters wat by die wyding aanwesig is hom ook die hande oplê. Die nuutgewyde priester lê 'n gelofte van gehoorsaamheid af aan die biskop (of owerste in die geval van 'n kloosterling of religieuse priester).

☞ Die *diakens*, wat benoem word om die priesters by te staan, word ook deur die biskop gewy en kry 'n dienende rol binne die gemeenskap.

Die drie gewyde bedieninge in die Kerk (diakens, priesters en biskoppe) het 'n lang tradisie wat regstreeks teruggaan na die tyd van die Apostels. Jesus het twaalf manne onder sy dissipels uitgekies en hulle aangestel om getuies te wees. Hyself het hulle uitgestuur om die Evangelie te verkondig, in sy Naam tekens te verrig om te laat sien dat die Koninkryk van God naby was, te doop en die nuwe volk vanaf die uithoeke van die wêreld byeen te bring. Ná Pinkster het hulle met die krag van die Heilige Gees gepreek, eerstens in Jerusalem, daarna in die omliggende dorpe en uiteindelik in verre lande tot aan die uithoeke van die aarde. Diegene wat tot geloof gekom het, is deur hulle gedoop. Hulle het mense die hande opgelê sodat hulle die Heilige Gees kon ontvang en oral waar hulle gekom het, het hulle geloofsgemeenskappe of plaaslike kerke gestig. In hierdie gemeenskap het hulle 'oudstes' aangestel om die plaaslike gemeente te lei en deur gebed en handoplegging het hulle dié manne in hul bediening bevestig. So het hulle voortgegaan om nuwe mense in diens van God aan te stel.

Toe daar 'n konflik in die gemeente van Jerusalem ontstaan omdat een groep – die weduwees van die Griekssprekende Joodse Christene – agterweë gelaat is, stel die Apostels helpers aan om hierdie deel van

die werk oor te neem. Lukas beskryf (Handelinge hoofstuk 6) hoe die sewe diakens gekies en hoe die Apostels hulle die hande opgelê het.

Vir die manne aan wie 'n amp in die Kerk toevertrou is geld daar heel besondere maatstawwe. Hoewel opleiding en kennis uiteraard ook 'n rol speel, gaan dit in die eerste plek oor hul persoonlike geloof in God, hul band met Jesus Christus en hul liefde vir mense, veral vir die armes. Niemand kan 'n lewende getuie word, m.a.w. iemand deur wie God se liefde sigbaar is, as hy nie die woorde van Jesus ernstig opneem nie: '*...elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees*' (Markus 10:43-44).

Ons bid:

'HERE, WEES GEDAGTIG AAN U KERK
WAT DWARSOOR DIE WÊRELD VERSPREI IS;
VOLMAAK HAAR IN DIE LIEFDE
SAAM MET ONS POUS, EN ONS BISKOP, EN ALMAL WAT U ALTAAR BEDIEN.'
UIT DIE TWEDE EUCHARISTIESE GEBED

Biskop (Grieks: *episkopos* = toesighouer, opsiener): Saam met die pous bewaar en lei die biskoppe die Kerk en waak hulle daarvoor dat die Evangelie van Jesus Christus in al sy volheid verkondig word. Die gewyde bediening van biskop is slegs vir mans, wat soos die priesters 'n selibate (ongetroude) lewe lei.

Priester (Grieks: *presbyteros* = oudste of ouderling soos dit gewoonlik in Afrikaans vertaal word). Sowel die Ortodokse as die Katolieke Kerk glo dat dit die Wil van Christus is dat slegs mans priester kan word. In ons Kerk is priesters verplig om ongetroud (selibaat) te bly. Deur die Wydingsakrament word priesters geheilig om die Evangelie te verkondig, herders van hul gelowiges te wees en die Goddelike liturgie te vier.

Diaken (Grieks: *diakonos* = dienaar). Getroude mans kan ook tot diaken gewy word. Diakens beskik nie oor die bevoegdheid om die Eucharistie te vier of die Biëgsakrament toe te dien nie. Dit is hul taak om die armes in die gemeenskap te dien, te help by die liturgie en die priester verder by te staan.

15.8 DIE HUWELIK

Elke kind word in 'n gesin gebore. Die gesigte van sy pa en ma is die eerste wat hy sien. In hul glimlag word hy vir die eerste keer bewus dat hy mens is. Hy hou hul hande vas en leer regop loop. Van hulle leer hy om op liefde te vertrou. Iemand wat dié positiewe ervaring aan die begin van sy lewe mis, vind dit dikwels moeilik om ander te vertrou, om in die liefde te glo en om liefde van ander te aanvaar.

In die liefde vind die mens homself. Want God, wat self Liefde is, het die mens na sy ewebeeld geskape: as man en vrou (vgl. Genesis 1: 27). Wanneer 'n man en vrou mekaar ontmoet, lief raak vir mekaar en besluit om hul lewens met mekaar te deel, belowe hulle dat hulle lewenslang aan mekaar getrou sal wees. Hulle dien mekaar die **Sakrament van die Huwelik** toe. En omdat dit nie net oor hul liefde vir mekaar gaan nie, maar ook om die liefde van God (die bron en oorsprong van hul eie liefde), belowe hulle mekaar in die openbaar trou – dit geskied in die aanwesigheid van 'n priester, wat die Kerk verteenwoordig, en twee ander getuies. Hul verbond word beseël deur die feit dat hulle hulself aan mekaar gee. So word hulle 'één liggaam en één gees' en daardeur vind hulle heelheid en geluk.

Uit hul één-wees kan nuwe lewe ontstaan. Die man en vrou word vader en moeder. En so brei hul lewe uit. Hul eenheid vorm die basis van ‘n gesin. Elke kind is ‘n geskenk van God, maar terselfdertyd ook ‘n heilige verantwoordelikheid. Daarom is dit belangrik dat die eggenotes eers goed daarvoor besin voordat hulle saam ‘n gesin begin.

Die huwelik is ‘n lewenslange verbond. Jesus het gesê: *‘Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie’* (Markus 10: 9). Vir baie mense is dié ‘n moeilike gebod, want daar bestaan mos geen waarborg dat ‘n huwelik sal hou nie – mense kan mekaar teleurstel. Liefde kan in siekte of teenspoed verstik. Dit kan gebeur dat twee mense, wat eens op ‘n tyd so lief was vir mekaar, net nie langer oor die weg kan kom nie, nie eers met mekaar kan praat nie. Mense kan vreemdelinge vir mekaar word. Daar is selfs huwelike wat tot niet gaan.

Selfs in sulke omstandighede moet Christene daarvan seker wees dat hulle nie deur die liefde van God en sy Kerk in die steek gelaat sal word nie.

Die huweliksbelofte:

‘EK NEEM JOU TOT MY VROU (MAN).
EK BELOWE DAT EK JOU TROU SAL BLY,
IN VOORSPOED EN TEENSLAG,
IN SIEKTE EN GESONDHEID.
EK SAL JOU LIEFHÊ EN EER AL DIE DAE VAN MY LEWE.’
UIT DIE HUWELIKSRITE

Die Sakrament van die Huwelik: *‘Die eenheid, die onontbindbaarheid en die openheid vir vrugbaarheid is wesenlike elemente van die huwelik. Veelwywery (poligamie) is onverenigbaar met die eenheid van die huwelik; egskeiding verbreek dit wat God verenig het; weiering van vrugbaarheid hou die huwelikslewe weg van sy ‘mooiste gawe’, die kind (Gaudium et Spes 50:1). (Kategismus van die Katolieke Kerk 1664).*

3

HOE KATOLIEKE LEEF

VOORSKRIFTE EN GEBOOIE

16. SOEK MY EN JY SAL LEWE

☞ 'MENS, DIE HERE HET JOU BEKEND GEMAAK WAT GOED IS:

HY VRA VAN JOU DAT JY REG SAL LAAT GESKIED,

DAT JY LIEFDE EN TROU SAL BEWYS,

DAT JY BEDAGSAAM SAL LEWE VOOR JOU GOD.'

MIGA 6:8 (NV)

☞* 'LUISTER, ISRAEL, DIE HERE ONSE GOD IS DIE ENIGSTE GOD.

DAAROM MOET JY DIE HERE JOU GOD LIEFHÊ

MET JOU HELE HART EN MET JOU HELE SIEL EN MET AL JOU KRAG.'

DEUTERONOMIUM 6: 4-5

☞ 'WANT ELKEEN WAT DIE WIL DOEN VAN MY VADER WAT IN DIE HEMELE IS,

DIÉ IS MY BROER EN SUSTER EN MOEDER.'

MATTEUS 12: 50

☞* 'N NUWE GEBOD GEE EK JULLE, DAT JULLE MEKAAR MOET LIEFHÊ;

SOOS EK JULLE LIEFGEHAD HET, MOET JULLE MEKAAR LIEFHÊ.'

JOHANNES 13: 34

16.1 WAT IS GOED? WAT IS BELANGRIK?

Elke mens word gebore in 'n wêreld waar daar sekere reëls is. Kinders leer van hul ouers en onderwysers, maar hulle leer ook deur hul eie ervaring, wat goed of sleg, nuttig of skadelik is. Hulle is gehoorsaam aan hierdie reëls. Maar wanneer hulle volwasse word aanvaar hulle nie sommer so die reëls wat ander gemaak het nie. Hulle het hul eie vrae en soek hul eie antwoorde.

Diegene wat as kind in die Kerk gedoop is, het waarskynlik net soveel vrae as hulle wat niks van die Kerk of die Christelike geloof weet nie. Christene stel dieselfde vrae en soek ook antwoorde soos ander mense. Christene maak ook foute en het net soveel behoefte aan bekering as ander mense. Net soos jy jou menswees uit ervaring leer ken, net so leer jy jou Christenwees uit ervaring ken.

Daar is egter een ding wat vir Christene 'n voorsprong bo ander mense gee. Hulle weet dat Jesus Christus nie net 'n voorbeeldige geestelike leier uit toeka se tyd is nie. Christene weet dat Jesus Christus hier en nou by ons is – hulle weet dat hulle Hom kan vertrou en

aan Hom kan vashou. Jesus leer ons nie net met woorde nie. Hy het mens geword; Hy het as mens geleef en liefgehad, as mens gebid en sy vertrou in ander mense gestel. Hy weet wat dit is om deur vriende in die steek gelaat te word. Judas, een van sy Twaalf Apostels, het Hom verrai, en toe Hy veroordeel en tereggestel is, het al sy vriende Hom in die steek gelaat. Tog het Hy aan hulle getrou gebly

– deur die dood heen. Ons Doop verbind ons met Hom. Maar ons vriendskap met Jesus kan ook doodgaan as ons nie in ons eie lewe dié dinge laat gebeur, wat Jesus as goed en belangrik aan ons voorgehou het nie. M.a.w. dit wat vir Jesus belangrik is, moet vir ons belangrik word.

☞ GOD IS NABY ONS. HY IS LIEF VIR ONS,
 HY SIEN ONS RAAK, SELFS DIE GERINGSTES ONDER ONS,
 HY KEN ELKEEN VAN ONS BY DIE NAAM,
 HY HOOR ELKEEN VAN ONS SE GEBEDE,
 HY WIL NIE HÊ DAT ONS PYN OF SMART LY NIE,
 HY VERHEUG HOM OOR ELKEEN WAT BEROU HET.
 DIT WEET ONS – WANT HY HET DIT VIR ONS GESÊ.

☞ HOE KAN ONS MET MEKAAR DEEL?
 HOE KAN ONS MEKAAR VERDRA?
 HOE KAN ONS ONS LEWE BEWAAR?
 HOE KAN ONS MEKAAR VERGEWE?
 HOE KAN ONS IN VREDE MET MEKAAR LEWE?
 HOE KAN ONS VIR MEKAAR LIEF WEES?
 LUISTER – WANT HY HET DIT VIR ONS GESÊ.

☞ ONS HET REDE OM TE HOOP, REDE OM DANKBAAR TE WEES, REDE OM GOD TE VERTROU.
 WANT ONS WEET DAT HY ONS NOOIT IN DIE STEEK SAL LAAT NIE,
 NIE IN HIERDIE LEWE EN OOK NIE IN DIE DOOD NIE.
 JA, DIT WEET ONS – WANT HY HET DIT VIR ONS GESÊ.

☞ ‘WIE MY GEBOOIE HET EN DIÉ BEWAAR, DIT IS HY WAT MY LIEFHET; EN WIE MY LIEFHET, HÓM SAL MY VADER LIEFHÊ, EN EK SAL HOM LIEFHÊ EN MY AAN HOM OPENBAAR.’
 JOHANNES 14: 21

16.2 DIE EEN GEBOD

In die boeke van die Ou Testament staan daar baie gebooie en voorskrifte opgeteken. Hulle vertel ons wat in God se oë belangrik is en hoe ons moet lewe sodat ons lewe vir God aangenaam kan wees (die mooi ou woord wat gebruik word is ‘welbehaaglik’ – hoe kan God ‘n welbehae in ons lewe hê).

Die skrifgeleerdes en diep gelowige mense van Israel het lank met dié vraag geworstel: Is daar een gebod wat belangriker is as al die ander – ‘n gebod wat al die ander omvat? Is daar ‘n eenvoudige manier om te sê wat iemand moet wees en doen om die ewige lewe met God te verkry? Die Joodse skrifgeleerdes het hul heilige geskrifte deursoek en op ‘n basiese beginsel afgekom. Daarom was dit nie verbasend dat die Joodse skrifgeleerdes in die tyd van die Here wou weet hoe hierdie rabbi uit Nasaret daarvoor gedink het nie. Jesus verbind twee sinne uit die Ou Testament en maak daarvan een gebod:

En Jesus antwoord hom:

‘JY MOET DIE HERE JOU GOD LIEFHÊ MET JOU HELE HART EN MET JOU HELE SIEL EN MET JOU HELE VERSTAND. DIT IS DIE EERSTE EN GROOT GEBOD. EN DIE TWEEDDE WAT HIERAAN GELYK IS: JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF’.

MATTEUS 22: 37-40

Hierdie gebod, wat Jesus as die basis van al die ander gebooue beskryf, is 'n lewensprogram. Wat Hy sê is dit: Om God te dien en waarlik mens te wees en 'n egte medemens vir ander mense, beteken om jouself af te keer van haat en wantroue, van angs en wanhoop, en slegs vir die liefde te kies. 'n Liefde wat alles tegelyk omvat – God, jou naaste en jouself.

Wie liefhet is nie meer bang vir die almagtige, straffende God nie. Wie liefhet kan God vertrou en aan Hom getrou bly, selfs wanneer hy totaal vermorsel is soos Job, en nie begryp waarmee God besig is nie. Hy weet dat hy op God se liefde kan staatmaak, selfs wanneer hy afgedwaal het soos die verlore seun. 'n Mens wat met hart en siel lief is vir God, wen die lewe.

GOD HET ONS EERSTE LIEFGEHAD:

WANNEER ONS FAAL,

LAAT U ONS NIE VAL NIE.

WANNEER ONS IN DIEP NEERSLAGTIGHEID SIT,

HELP U ONS WEER UIT.

WANNEER ONS BEROU TOON,

KOM U ONS TEGEMOET.

WANNEER ONS TWYFEL,

GEE U ONS U WOORD.

WANNEER ONS ONDER ONS SKULD GEBUK GAAN,

NEEM U ONS IN U ARMS.

WANNEER ONS GLO,

SPAAR U ONS DIE OORDEEL.

WANNEER ONS STER WE,

ROEP U ONS TOT LEWE.

DAAROM KAN ONS MEKAAR LIEFHÊ.

16.3 EK IS DIE HERE JOU GOD

Die stamvaders van Israel het hul eerste ervaring van die gemeenskaplike lewe – en die lewe met God – opgedoen tydens hul vlug uit die slawerny van Egipte na die vryheid van die Beloofde Land.

Hulle het geweet dat hul nooit op eie krag van die Egiptenare sou kon wegvlug nie. Daarom wend hulle hulself tot God, wat van Homself sê: *'Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het'* (Exodus 20: 2).

God is saam met sy volk op pad. Hy gaan voor hulle uit, Hy kies die paaie vir hulle, Hy beskerm hulle en sorg vir hulle. Israel se geloof groei deur dié ervaring. Wanneer hulle by die see aankom en hulle moed verloor omdat dit voorkom asof hulle nie verder kan nie, lei Hy hulle droogvoets anderkant uit. Wanneer hulle in die woestyn honger ly en terug verlang na die vleispotte van Egipte, selfs al sou dit weer slawerny beteken, gee Hy hulle genoeg brood en vleis vir elke dag. Hy laat vir hulle vars water uit 'n rots stroom. Hy probeer die heelyd hul vertroue wen. Hulle leer hom ken, Hy wat vir hulle 'n verbond en 'n toekoms aanbied.

'JULLE HET SELF GESIEN

WAT EK AAN DIE EGIPTENAARS GEDOEN HET,

EN DAT EK JULLE OP ARENDSVLERKE GEDRA
 EN JULLE NA MY TOE GEBRING HET.
 AS JULLE DAN NOU TERDEË NA MY STEM LUISTER EN MY VERBOND HOU,
 SAL JULLE MY EIENDOM UIT AL DIE VOLKE WEES,
 WANT DIE HELE AARDE IS MYNE.’
 EXODUS 19: 4-6

16.4 LEWE VIR GOD

Die herinnering van Israel aan die verbond wat God in die woestyn op die berg Sinai met sy volk gesluit het, vorm deel van die Heilige Tradisie (dié groot waarheid wat van geslag tot geslag oorgelewer is). Die voorwaardes van hierdie verbond – die Tien Gebooe wat op twee kliptafels geskryf en in die Verbondsark bewaar is – is bindend vir alle tye. Die volk Israel het uiteindelik begryp dat die gebooe wat God aan sy volk gegee het, hul oorsprong het in liefde. Die gebooe is daar om die volk te help om in liefde te groei, sodat hulle al hoe meer kan word soos God – Hy wat Liefde is.

DIE EERSTE GEBOD:

JY MAG GEEN AFGODE VEREER NIE; JY MOET MY ALLEEN AANBID EN BO ALLES LIEFHÊ

Dit beteken: Niks en niemand mag vir ons belangriker wees as God nie. In alles moet ons op Hom staatmaak. Ons moet in Hom glo, op Hom hoop, Hom liefhê en Hom dien. Hom alleen moet ons aanbid

DIE TWEDE GEBOD:

JY MAG DIE NAAM VAN DIE HERE JOU GOD NIE ONEERBIEDIG GEBRUIK NIE

Dit beteken dat ons die Naam van God moet eer. Ons moet van dié Naam getuig en Hom bely. Ons mag nie oneerbiedig oor God praat, of sy Naam op ‘n ligsinnige manier gebruik nie (om bv. meined te pleeg of iets in die Naam van God te belowe en dit nie na te kom nie).

DIE DERDE GEBOD:

GEDENK DIE SABBATDAG, DAT JY DIT HEILIG

Op die sewende dag rus God van al die werk wat Hy verrig het (vgl. Genesis 2: 2-3). Op die sewende dag moet die mens ook rus. Dit geld vir elkeen, ook vir werknemers en vreemdelinge, selfs vir die diere. Vir die Jode was die Sabbatsgebod baie belangrik. Hulle het allerhande voorskrifte opgestel om die Sabbatsrus te waarborg. Dié oordrewe behepthed met voorskrifte het mense laat vergeet van die oorspronklike bedoeling van die Sabbat. Aan hulle het Jesus gesê: *‘Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie’* (Markus 2: 27). Christene vier die sewende dag op Sondag, die dag van Jesus se opstanding. Volgens een van die Kerk se Voorskrifte is gelowiges verplig om op Sondae en hoogfeeste die Heilige Mis by te woon. Die Sabbat beteken om dié dag op ‘n spesiale manier aan God te wy – kwaliteit tyd met God wat ook rustyd vir jouself beteken, wat as kwaliteit tyd met jou familie en geliefdes gebruik kan word. Dié vrye tyd moet verstandig gebruik word. Van werk en geld verdien moet ons nie afgode maak nie.

DIE VIERDE GEBOD:

EER JOU VADER EN JOU MOEDER

Dit beteken dat ons ons ouers moet liefhê en seker moet maak dat ons in ‘n goeie verhouding met hulle lewe. Ons mag nie vergeet dat ons ons lewe en ons geloof aan hulle te danke het nie. Ons moet dit wat

hulle sê respekteer, selfs al verskil ons van mening. Ons is verplig om ons eie familie te help wanneer hulle hulp nodig het. Ons moet ons ouers versorg wanneer hulle oud is en hulle nie verstoot nie. Ons moet ons ouers deel maak van ons eie lewens. Op ons beurt moet ons goeie vaders en moeders vir ons eie kinders wees. Ons moet ook uitreik na dié kinders wat geen ouers het nie.

DIE VYFDE GEBOD

JY MAG NIE DOODSLAAN NIE

Dit beteken om nie toe te laat dat woede en jaloesie van jou besit neem nie. Jy mag niemand se vyand word nie. Sorg vir jou eie gesondheid. Moenie verslaaf word aan dwelms, alkohol of enigiets wat jou skade sal aandoen nie. Verdedig die regte van elke mens – ook van die ongeborenes. Help ander mense wie se lewens in gevaar is: die hongeriges, die slagoffers van rampe, die siekes en swakkes. Protesteer teen oorlog en bevorder vrede.

DIE SESDE GEBOD

JY MAG NIE EGBREEK PLEEG NIE

Dit beteken om te glo en te aanvaar dat die liefde tussen man en vrou werklik tot uiting kom in 'n lewenslange band. Die huwelik is nie 'n tydelike kontrak wat opgeskort of verbreek kan word nie. Eggenotes moet daarop let dat hul verhouding met mekaar gesond bly. Hulle moenie probeer om mekaar te oorheers, te onderdruk of te misbruik nie. Hulle moet mekaar eerbiedig en nie toelaat dat enige ander verhouding hul huweliksband verdring nie. Hulle moet te alle tye trou bly aan mekaar. Hulle moet hul onderskeie rolle as man en vrou aanvaar en uitleef. Hulle moet hulself en mekaar altyd met die nodige respek behandel.

DIE SEWENDE GEBOD EN DIE TIENDE GEBOD

- JY MAG NIE STEEL NIE.

- JY MAG NIE DIT WAT AAN IEMAND ANDERS BEHOORT BEGEER NIE.

Dit beteken dat ons die reg van ander om dinge te besit moet erken. Ons moet oppas vir begerigheid, hebsug, ontevredenheid en afguns. Ons mag nie steel of bedrieg of woekerrente opeis nie. Dinge wat ons vind of optel moet aan hul regmatige eienaars teruggegee word. Ons mag nie mense wat vir ons werk onregverdig behandel en die loon waarop hulle geregtig is van hulle ontnem nie. Ons mag nie leedvermakerig wees wanneer iemand deur ongeluk getref word nie. Ons moet bereid wees om met ander te deel en die armes te help. Ons moenie ons hoop op geld en besittings stel nie. Ons moet help om 'n beter wêreld vir almal te skep, waarin mense sonder angs in harmonie met mekaar kan lewe.

DIE AGSTE GEBOD

JY MAG NIE VALSE GETUIENIS TEEN JOU NAASTE SPREEK NIE

Dit beteken dat ons altyd die waarheid moet praat. Dat ons woorde betroubaar moet wees. Ons moet grootpraterij en arrogansie vermy. Ons mag nooit die waarheid verdraai nie. Ons mag nie iemand anders se eer aantas of oor iemand skinder nie of iets sê wat iemand se goeie naam in die gedrang bring nie. Ons mag nie kwaadpraat nie. Beroepsgeheime en ander vertroulike inligting moet ons vir onself hou. Ons mag nie voor 'n regbank valse getuienis aflê nie. Ons moet die heelyd waardige getuies wees van Hom, wat die Waarheid is.

DIE NEGENDE GEBOD

JY MAG NIE JOU NAASTE SE HUIS BEGEER NIE; JY MAG NIE JOU NAASTE SE VROU BEGEER NIE, OF SY DIENSKNEG OF SY DIENSMAGD, OF SY OS OF SY ESEL OF IETS WAT VAN JOU NAASTE IS NIE (vgl. Matteus 5: 28).

Sint Paulus het die volgende aan die Christene van Rome geskryf:

‘WEES AAN NIEMAND IETS SKULDIG NIE, BEHALWE OM MEKAAR LIEF TE HÊ; WANT HY WAT ‘N ANDER LIEFHET, HET DIE WET VERVUL. WANT DIT: JY MAG NIE EGBREEK NIE, JY MAG NIE DOODSLAAN NIE, JY MAG NIE STEEL NIE, JY MAG GEEN VALSE GETUIENIS GEE NIE, JY MAG NIE BEGEER NIE, EN WATTER ANDER GEBOD OOK AL, WORD IN HIERDIE WOORD SAAMGEVAT: JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF’

ROMEINE 13: 8-10

DIE VYF VOORSKRIFTE VAN DIE KERK

Met hierdie vyf voorskrifte wil die Kerk Christene help om as gemeenskap saam te lewe.

1. Vier die Sondag as die Dag van die Here, dit wil sê, die dag waarop die dood en opstanding van Jesus Christus onthou word, die dag om uit te rus van jou werk en om as Christelike gemeenskap saam te verkeer.

2. Woon op Sondag en verpligte feesdae die Heilige Mis by. Die Eucharistie is die middelpunt van die Kerk se erediens aan God. Deur die Eucharistie verkondig die geloofsgemeenskap die dood en opstanding van die Here. Hiermee lewer hulle ook getuienis van hulleself as diegene wat wag op die Here se koms in heerlijkheid.

3. Maak elke Vrydag ‘n persoonlike opoffering. Dit is die dag waarop Jesus gesterf het. Ons wys ons eie verbondenheid met Hom deur af te sien van vleis of ander plesiere, of deur iemand in die gees van Christelike naasteliefde by te staan.

4. Ontvang gereeld die Sakramente van Versoening en die Heilige Eucharistie, ten minste eenmaal per jaar rondom Paasfees. In die Sakrament van Versoening gee Jesus ons vergifnis en die kans om van vooraf te begin. In die Heilige Eucharistie gee Hy Homself aan diegene wat aan Hom behoort. Geen enkele Christen behoort uit te mis op dié gawes nie. Net hulle wat in ernstige sonde lewe word uitgesluit van die Tafel van die Here.

5. Werk vir die Kerk en vir die parogie waarvan jy deel uitmaak. Dit beteken nie net om kritiek te lewer nie, maar om ruimhartig en vrywillig jou hulp aan te bied waar dit nodig is. Dit beteken ook dat jy ander sal toelaat om jou te help wanneer jy in nood verkeer.

16.5 LUISTER EN LEWE VOLGENS GOD SE GEBOOIE

God se gebooie is van toepassing op elke mens. Hulle bind ons aan God, beskerm die regte van die individu en waarborg die vrede in die groter gemeenskap. Hulle is vir elkeen van ons ‘n maatstaf hoe om te lewe. God se gebooie is nie net ‘n aantal reëls en voorskrifte wat van buite-af op die mens gelê word nie. Hulle druis nie teen ons natuur nie, intendeel, hulle is ingebou in ons lywe.

‘WANT HIERDIE GEBOD WAT EK JOU VANDAG BEVEEL IS VIR JOU NIE TE SWAAR NIE EN IS NIE TE VER NIE. DIT IS NIE IN DIE HEMEL NIE, SODAT JY MOET SÊ: ‘WIE SAL VIR ONS NA DIE HEMEL OPKLIM EN DIT VIR ONS GAAN HAAL EN ONS DIT LAAT HOOR, DAT ONS DIT KAN DOEN? DIT IS OOK NIE

OORKANT DIE SEE NIE, SODAT JY MOET SÊ: 'WIE SAL VIR ONS NA DIE OORKANT VAN DIE SEE OORVAAR EN DIT VIR ONS GAAN HAAL EN ONS DIT LAAT HOOR, DAT ONS DIT KAN DOEN?' MAAR BAIE NABY JOU IS DIE WOORD, IN JOU MOND EN IN JOU HART, OM DIT TE DOEN.'

DEUTERONOMIUM 30: 11-14

Elke mens weet in die diepste van sy wese wat hy moet doen – as 'n mens net na die stem van jou eie hart, na jou gewete luister. Die gewete stel elkeen in staat – man, vrou en kind – om tussen goed en kwaad te kan onderskei. Daarom kan ons sê: Ek het 'n skoon gewete; ek het goed opgetree. Of: ek het 'n slegte gewete; my gewete pla my; ek het verkeerd opgetree. Daarom is elkeen van ons verplig om na dié stem van sy gewete te luister en te doen wat dit sê. Elkeen wat die stem van sy gewete onderdruk of ignoreer, doen homself skade aan. Wie sy eie gewete nie ernstig opneem nie, wie nie probeer doen wat God van hom verwag nie, wie nie God se gebooie nakom nie – so 'n persoon begryp nie vir God nie. Want God gee ons vryheid sodat ons daarvan gebruik kan maak.

U IS GOD.

U KAN U WIL OP ONS AFDWING,

U KAN MENSE SKEP

WAT MET DIE DRUK VAN 'N KNOPPIE U SAL DIEN.

MAAR U IS GOD.

U KAN LUISTER,

HOE ONHANDIG ONS MET U GEBOOIE OMGAAN.

HOE AARSELEND ONS BEGRIP IS,

HOE ONS SUKKEL OM TE VERSTAAN DAT HULLE VIR ONS BEDOEL IS.

U IS GOD EN U WEET HOE OM TE WAG

TOTDAT ONS UITEINDELIK DIÉ VRYHEID ONTDEK

WAT IN U WET TE VINDE IS.

16.6 ...SOOS JOUSELF

Baie mense sou sê dat Christene uitgeken kan word aan hul liefde vir hul naaste. Jesus het sy dissipels opdrag gegee om hul naaste lief te hê. Hy het gesê: *'Jy moet jou naaste liefhê'*, maar Hy het ook daarby gevoeg: *'soos jouself'*. Daarom kan ons sê: Ware Christene kan uitgeken word aan die feit dat hulle ander net so liefhê as wat hulle hulself liefhet. Christene gee nie net 'n paar sente aan 'n arme om hulle gewete te sus en dan hul rug op die arme te keer nie. Vir Christene gaan dit nie oor 'goeie werke' doen of die 'gebod te onderhou' en dan kan hulle maar voortgaan met dit wat hulle eintlik wil doen nie. Christene maak geen onderskeid tussen hulle eie behoeftes en dié van ander nie – hul medemens is net so waardevol as hulleself. Dit is waar dat ons as Christene meer praat oor ons liefde vir ons naaste as oor ons liefde vir onself – tog sê Jesus dat ons liefde vir onself die eerste vereiste is en die maatstaf is vir ons liefde vir ander.

Om jouself lief te hê begin met die erkenning: Ek is die moeite werd om bemin te word, met al my goeie en slegte eienskappe, my suksesse en my mislukkings. Ek is maar net 'n mens onder mense, maar in God se oë is ek spesiaal. Die waarheid is – ek is hier omdat God my tot lewe gebring het. Hy het my gemaak met al die eienskappe wat my van ander mense onderskei. God het my lief soos ek is – daarom kan ek sonder afguns of gevoelens van minderwaardigheid of meerderwaardigheid met ander mense leef en werk en God prys.

Ek kan myself aanvaar, ek kan my talente en dit waartoe ek in staat is ontdek, ek kan probeer om my foute te oorkom. Ek kan bly wees wanneer ander my prys en terselfdertyd kan ek ook kritiek en selfs afkeuring hanteer. Met ander woorde, ek kan 'n gevoel van selfvertroue ontwikkel.

Een van Israel se wyse manne het sy tydgenote gewaarsku:

'HY WAT VAN HOMSELF TERUGHOU,
VERGADER VIR 'N ANDER,
EN 'N VREEMDE SAL HOM VERSADIG MET SY GOED.
HY WAT HOMSELF KWAAD AANDOEN,
VIR WIE SAL HY GOED DOEN?
HY GENIET NIE EERS DIT WAT HY BESIT NIE.
NIEMAND IS SLEGTER AS HY,
WAT HOMSELF SLEG BEHANDEL NIE;
HY BETAAL SELF DIE LOON VIR SY EIE BOOSHEID.'
WYSHEID VAN JESUS SIRAG 14: 4-6

Wie homself in God gevind het, is gereed om ander te ontmoet. Hy hoef nie bang te wees dat ander hom sal misbruik nie. Iemand wat homself aanvaar en waardering het vir die feit dat God hom liefhet, is in staat om sy medemense te aanvaar en te waardeer.

'HERE, U DEURGROND MY EN U KEN MY,
U KEN MY AS EK SIT EN AS EK OPSTAAN, U VERSTAAN VAN VER MY GEDAGTES.
OF EK WANDEL EN OF EK TUISBLY, U GEWAAR DIT,
U IS VERTROUD MET AL MY WEË.'
PSALM 139: 1-3.

16.7 GEE AAN JOU MEDEMENS WAT HY NODIG HET

Die evangelis Lukas beskryf die gesprek tussen Jesus en die Joodse wetgeleerde anders as wat Matteus (vgl. Matteus 22: 34-40) dit vertel. By Lukas is die wetgeleerde wat Jesus se vraag met die dubbele gebod van liefde beantwoord. Jesus stem saam met die man en sê: *'Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe'* (Lukas 10: 28). Maar die man is nie met dié antwoord tevrede nie. Hy wil presies weet en vra vir Jesus: *'En wie is my naaste?'* Daarop vertel Jesus hom die verhaal van die Barmhartige Samaritaan (Lukas 10: 30-37).

'n Sekere man het afgegaan van Jerusalem na Jerigo en is deur rowers aangeval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê. Toevallig kom daar 'n priester met daardie pad langs en toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby. En net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan. Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel, en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom op sy eie rydier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg. En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee penninge uit en gee dit aan die eenaar van die herberg en sê: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.

Ten slotte vra Jesus aan sy gespreksgenoot: *'Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat deur die rowers aangeval is?'* Die wetgeleerde het dit begryp en hy het geskrik. Want dit wat Jesus so duidelik besig was om te sê, was soveel meer as wat hy in gedagte gehad het. Hy het begryp: Ek kan en moet vir elke mens 'n naaste wees. Nie net vir diegene van wie ek hou of vir my vriende en familie nie, selfs vir wildvreemdes. Selfs vir mense van 'n ander geloof. Elkeen wat ek teëkom kan my naaste word – en ek moet 'n naaste word vir elkeen wat my nodig het. Die nood van my medemens sê vir my wat ek moet doen. En as iemand my dan sou vra hoe ver my hulp moet strek is daar 'n heel eenvoudige **reël**: Die helper is self die maatstaf. Ek gee aan die persoon in nood net soveel hulp as wat ek sou wou hê as ek in dieselfde situasie was. Eers dan was ek gehoorsaam aan Jesus se gebod.

HY IS JOU BROER.

JY MAG HOM NIE BEDRIEG,

MISLEI,

MISHANDEL,

VEROORDEEL,

IGNOREER

OF AFGUNSTIG

OP HOM WEES NIE...

WEES NET LIEF VIR HOM.

SY IS JOU SUSTER:

RESPEKTEER HAAR,

BESKERM HAAR,

AANVAAR HAAR,

VERWELKOM HAAR,

LUISTER NA HAAR...

WEES NET LIEF VIR HAAR.

Wees lief vir jou naaste, sê Jesus. Hierdie liefde beteken nie net om materiële hulp te gee nie. Dit beteken ook dat jy na iemand toe sal gaan – iemand wat miskien alle hoop en self-vertroue verloor het, wat homself haat en raadop is – dit beteken dat jy vir iemand moet sê: Ek weet God is lief vir jou. En omdat jy so waardevol is dat selfs God jou liefhet, het jy alle rede om vir jouself lief te wees.

'Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. As iemand sê: Ek het God lief – en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.' 1 Johannes 4: 19-21

Reël: In die boek Tobias (4: 15) staan daar 'n sin, wat die 'goue reël' genoem word: *'Moenie aan iemand anders doen wat jy self haat nie'*. Matteus formuleer hierdie sinsnede op 'n positiewe manier en neem dit op in Jesus se bergpredikasie: *'Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen...'* (Matteus 7: 12).

4 HOE KATOLIEKE BID

DIE ONSE VADER-GEBED

17. DIE GEBED VAN DIE HERE

Jesus was goed bekend met al die gebede van die Joodse volk. Saam met sy geloofsgenote het Hy geprys, gedank en gebid. Op die Sabbat het Hy saam met sy dissipels na die diens in die sinagoge gegaan. Tydens die maaltyd sing Hy saam met hulle die psalms van Dawid. Hy onttrek Hom dikwels van ander mense om alleen te gaan bid. By een geleentheid het sy dissipels Hom vroeg in die môre op ‘n eensame plek aangetref (vgl. Markus 1: 35) waar Hy besig was om te bid. ‘n Ander keer stuur Hy hulle verder in ‘n skuit op die meer, terwyl Hy self agtergebly het om op ‘n berg te bid (vgl. Markus 6: 46).

Een van sy dissipels het Jesus gevra: ‘*Here, leer ons bid*’ (vgl. Lukas 11: 1). En Jesus leer hulle die woorde van die gebed wat die gebed van alle Christene geword het: Die **Onse Vader**-gebed.

Onse Vader: Die Onse Vader-gebed is te vinde in die Evangelie volgens Lukas (11: 2-4) en in ‘n langer vorm in die Evangelie volgens Matteus (6: 9-13). Dit is laasgenoemde teks wat die gebed van alle Christene geword het.

17.1 ONSE VADER IN DIE HEMEL

Jesus, die Seun van God, bring almal wat deur hul vertrouwe in Hom sy broers en susters geword het nader aan God. As God se seuns en dogters mag hulle Hom aanspreek met woorde wat hul familieband met Hom uitdruk en wys hoe hulle hul vertrouwe in Hom stel. Hulle mag sê: *Abba, Vader (Pappa)*.

Wanneer ons sê ‘*Onse Vader wat in die hemel is*’, bedoel ons die volgende daarmee: Dit is deur Hom en met Hom dat alles wat in die woord ‘hemel’ opgesluit is vir ons werklikheid word: Geluk, koestering, vrede, volheid van lewe.

Die vaderskap van God geld net so vir die seuns en dogters, wat dalk slegte ervaringe met hul eie (aardse) vader en moeder gehad het – hulle wat geen liefde ontvang het nie; afgejak is; nooit enige bevestiging gekry het nie, net kritiek; nooit aangemoedig is nie, maar die heelyd veroordeel is; nooit vryheid gegun is, maar altyd ingeperk is. Binne die groter geloofsgemeenskap vind hulle broers en susters deur wie hulle iets kan ervaar van dit wat hulle in hul eie lewe gemis het.

OM ‘N VADER IN DIE HEMEL TE HÊ:

IS OM IEMAND TE HÊ

AAN WIE ONS KAN VASHOU,

SELFS WANNEER ONS EIE VADER DAARIN FAAL;

IEMAND VAN WIE ONS IETS KAN VRA,

SELFS WANNEER ONS EIE VADER GEEN ANTWOORD HET NIE;

IEMAND WAT AAN ONS BROERS EN SUSTERS GEE...

IEMAND VIR WIE ONS KAN LIEF WEES.

'AL SOU MY VADER EN MOEDER MY VERLAAT,
SAL U MY NOG AANNEEM.'
PSALM 27: 10

17.2 U NAAM

Om God se naam te heilig beteken dat ons Hom te alle tye sal eer, en nie net binne die kerkmure en in ons gemeenskaplike gebede nie. Dit beteken dat ons Hom nie sal uitsluit van enige gedeelte of aspek van ons lewens en wêreld nie. Dit beteken dat ons nie die stem van God sal probeer stilmaak nie.

☞ Om God se naam te heilig beteken dat ons dié naam met liefde en eerbied sal uitspreek, liedere daarvoor sal sing en hom bekend sal maak by alles wat ons doen.

☞ Om God se naam te heilig beteken dat ons Hom 'n stem sal gee in ons lewens en wêreld.

☞ Om God se naam te heilig beteken dat ons die mense sal laat sien dat sy naam vir ons belangriker is as al die groot 'name' van hierdie wêreld.

☞ Om God se naam te heilig beteken dat ons Hom onder al die volke sal bekend maak, want elke keer wanneer sy naam geheilig word, sal ook diegene wat aan Hom behoort se name geheilig word. Om God se naam te heilig beteken om alle mense by die naam te noem – almal tot God te roep. Dit beteken dat ons elkeen se eie naam sal eer – aan elke mens die nodige eerbied betoon. Soms wil ons uit angs dat ons eie naam vergeet sal word iemand anders se naam verkleineer. Maar die Heilige Skrif sê: *'Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos. Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!'* (Jesaja 43: 1).

ONS DANK U, HEILIGE VADER, VIR U HEILIGE NAAM,
WAT U IN ONS HART LAAT WOON,
EN VIR DIE KENNIS, DIE GELOOF
EN DIE ONSTERFLIKHEID
WAT U AAN ONS BEKEND GEMAAK HET DEUR U DIENAAR JESUS.
UIT DIE DIDACHE, 'N VROEË CHRISTELIKE GELOOFSBOEK 1^{STE}/2^{DE} EEU

17.3 U KONINKRYK

Die gelowige Jode het gewag op daardie oomblik wanneer God se Koninkryk 'n werklikheid sou word. Hulle het hul ore gespits toe Jesus sê: *'Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie'* (Markus 1: 15).

Onder die Joodse volk was daar baie wat gewag het op die begin van God se heerskappy, op sy Koninkryk. Hulle het geglo dat God in die persoon van die Messias sou kom om dit te volbring waartoe hulle self nie in staat was nie: Hy sou die vyande van sy volk verslaan en die Romeine uit die land jaag. Hy sou vanuit Jerusalem – die middelpunt van die wêreld – oor alle volke regeer, 'n magtige koning op Dawid se troon. Maar Jesus het gekom en heel anders oor God se heerskappy en Koninkryk gepraat. Hy het dikwels van beeldspraak en gelykenisse gebruik gemaak. Hy het gepraat oor die Koninkryk van God wat soos die saad is wat 'n saaiër op die veld saai (vgl. Matteus 13: 1-9). Hy het dit uitgebeeld as 'n mostersaadjie, waaruit 'n groot boom sou groei (vgl. Matteus 13: 31-32), of as die bietjie suurdeeg wat 'n vrou in 'n groot hoeveelheid meel inwerk (vgl. Matteus 13: 33); of as 'n skat, wat in 'n akker grond weggesteek is (vgl. Matteus 13: 44).

Aan sy dissipels het Jesus gesê: Leef sodat ander julle sal glo, sodat hulle julle hoop en liefde sal raaksien en daaraan sal weet dat die Koninkryk van God naby is. Moet julle nie oor die presiese tyd en datum bekommer nie, want God alleen ken die dag en die uur. Wees egter altyd waaksaam, sodat julle nie God se fees misloop nie. En bid: Laat u koninkryk kom.

Jesus sê:

SALIG IS DIE WAT ARM VAN GEES IS,
 WANT AAN HULLE BEHOORT DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE.
 SALIG IS DIE WAT TREUR,
 WANT HULLE SAL VERTROOS WORD.
 SALIG IS DIE SAGMOEDIGES,
 WANT HULLE SAL DIE AARDE BEËRWE.
 SALIG IS DIE WAT HONGER EN DORS NA DIE GERECHTIGHEID,
 WANT HULLE SAL VERSADIG WORD.
 SALIG IS DIE BARMHARTIGES,
 WANT AAN HULLE SAL BARMHARTIGHEID BEWYS WORD.
 SALIG IS DIE WAT REIN VAN HART IS,
 WANT HULLE SAL GOD SIEN.
 SALIG IS DIE VREDEMAKERS,
 WANT HULLE SAL KINDERS VAN GOD GENOEM WORD.
 SALIG IS DIE WAT VERVOLG WORD TER WILLE VAN DIE GERECHTIGHEID,
 WANT AAN HULLE BEHOORT DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE.
 SALIG IS JULLE WANNEER DIE MENSE JULLE BELEDIG EN VERVOLG
 EN VALSLIK ALLERHANDE KWAAD TEEN JULLE SPREEK OM MY ONTWIL.
 MATTEUS 5: 1-10.

Evangelie (Latyn: ‘evangelium’). Hierdie Griekse woord word dikwels as ‘blye boodskap’ vertaal. Dit beteken die nuus wat van ‘n groot oorwinning ontvang word, of van die geboorte van ‘n koningseun. Vir ons beteken dit die goeie nuus oor Jesus en al die tekens van God wat Hy gedoen het.

17.4 U WIL

Omdat God Here en Koning is, omdat sy Koninkryk vir alle mense ‘n werklikheid is, vra ons onself af: Wat wil God hê? Wat wil Hy van my hê? Dit wil voorkom asof dit die wil van mense is wat ons samelewing en wêreld oorheers: die wil van ons vaders en moeders, die wil van ons onderwysers en opvoeders en mense met gesag, die wil van die magtiges wat die wette maak en hulle handhaaf deur alle moontlike oortreders met straf te dreig. Wat van God se wil – tel die wil van die Almagtige dan glad nie? Nie almal vra hulleself af of dit wat hulle uit vrye wil doen wel ooreenstem met God se wil nie.

OMDAT ONS WIL TEENSTRYDIG IS MET GOD SE WIL,
 OMDAT ONS TE VEEL PROBEER OM ONS EIE NAAM GROOT TE MAAK,
 OMDAT ONS TE BESIG IS OM ONS EIE KONINKRYK OP TE BOU,
 OMDAT ONS NIE ONS BROOD WIL DEEL NIE,
 OMDAT ONS NIE ONSELF WIL AANVAAR NIE,
 OMDAT ONS DIE LEWE VIR MEKAAR MOEILIK MAAK,
 OMDAT ONS NIE ONS GOD WIL VERTROU NIE, DAAROM IS ONS SKULDIG.

Ons kyk na Maria, wat *'ja'* gesê het toe die engel aan haar verskyn het en haar gevra het om haar eie wil opsy te skuif sodat sy God se wil kon uitvoer. En ons kyk na Jesus, wat van Homself kon sê: *'My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring'* (Johannes 4: 34). Ons weet ook dat Jesus, op die vooraand van sy dood, beangs in die Tuin van Getsemané gebid het: *'Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!'* (Lukas 22: 42). Die volgende dag het Hy aan die kruis gehang. Sy vyande het volgens hul eie wil met Hom gehandel. Maar God het Hom nie in die steek gelaat nie. Hy wek sy Seun op uit die dood. Jesus is die waarborg van ons eie hoop. Aan Hom kan ons vashou as die ongeluk ons tref.

DIT IS NIE GOD SE WIL
 DAT 'N KIND SONDER HANDE GEBORE WORD NIE,
 DAT 'N JONGMENS AAN DWELMS VERSLAAF RAAK NIE,
 DAT DIE EEN MENS OP 'N ANDER TEER NIE,
 DAT DIE SIEKES ALLEEN GELAAT WORD NIE,
 DAT DIE BEJAARDES OPSY GESKUIF WORD NIE,
 DAT DIE SIEKTES ONGENEESLIK BLY NIE...

★ MAAR ORAL WAAR IEMAND
 SY HAND NA 'N BEHOEFTIGE UITSTEEK,
 SY KLERE MET IEMAND DEEL,
 DIE SIEKES HELP,
 TEEN ONREG OPSTAAN, -
 DAAR GEBEUR GOD SE WIL.

God se wil geskied wanneer ons ten spyte van ons lyding nog steeds daarop vertrou dat Hy by ons is en Hom toelaat om ons te lei, ook wanneer ons nie begryp wat met ons gebeur nie. Dit is sy wil dat ons vrede op aarde sal hê en vir alle mense sal lewe. Ons gewaar die wil van God in die verlange in ons diepste self, in die liefde vir ons medemens en in die hoop wat ons teen wanhoop behoed. Ons bespeur sy wil in die vrae waarop ons geen antwoorde het nie.

WAT SAL ONS DOEN?
 ONS EIE WIL?
 DIE WIL VAN ONS VADER?
 DIE WIL VAN ONS MOEDER?
 DIE WIL VAN DIE WETGEWERS?
 DIE WIL VAN DIE MAGTIGES?
 LAAT U WIL MET ONS GESKIED
 SODAT ALMAL VAN ONS BY U SAL OPEINDIG.

17.5 ONS BROOD

In die tweede gedeelte van die Onse Vader-gebed vra ons die Vader om aan ons noodsaaklikste lewensbehoefte te voorsien. Ons bid: *Gee ons vandag ons daaglikse brood.*

Destyds, in die woestyn, het Israel se leiers en volk self ervaar dat God brood gee, en hoe Hy dit doen. Net soos die môredou het die manna soggens uit die hemel geval en die aarde bedek. Daar was genoeg om elkeen se honger te stil. Elkeen kon neem net soveel as wat hy nodig gehad het, die een meer, die

ander een minder. Maar toe sommige van die mense begin om 'n voorraad op te bou, in pleks daarvan om elke dag op God te vertrou, het die brood sleg geword.

God gee ons sy Woord. Hy gee ons sy brood. Hy gee ons Jesus, sy Seun. In die Heilige Eucharistie word Hy self ons daaglikse brood.

Wanneer ons God om ons daaglikse brood vra, bedoel ons alles wat ons in die lewe nodig het: brood en water, warmte en 'n tuiste, werk en vriendskap, al God se seënninge.

God gee ons die aarde. Daaruit groei graan en rys, mielies en groente, die *'vrug van die aarde en die werk van mensehande'*, voedsel om ons en almal se honger te stil.

GEE ONS VANDAG

DIE BROOD WAT ONS NODIG HET:

'N MENS

'N WOORD

'N TEKEN

'N LIED

SODAT ONS VANDAG NOG DIT KAN WORD

WAT ANDER NODIG HET.

Ons bid:

GESEËND IS U, O HERE, GOD VAN DIE HEELAL;

WANT UIT U GOEDHEID HET ONS HIERDIE BROOD ONTVANG,

WAT ONS AAN U OFFER,

VRUG VAN DIE AARDE EN DIE WERK VAN ONS HANDE.

DIT WORD VIR ONS DIE BROOD VAN DIE LEWE.

GESEËND SY GOD IN EWIGHEID.

GEBED OOR DIE GAWES (UIT DIE HEILIGE MISORDE)

17.6 ONS SKULD

Die vyfde versoek van die Onse Vader-gebed bestaan elkeen uit twee dele: 'n versoek en 'n belofte.

☞ Die versoek: *'Vergewe ons ons skulde'* is op ons almal van toepassing, want geen mens is sonder sonde nie. Ons sondig teen God wanneer ons nie sy Woord nakom, wanneer ons nie vra wat sy wil is nie, wanneer ons dink dat ons sonder Hom of in stryd met Hom kan lewe. Wanneer ons net daarin belangstel om ons eie koninkryk op te bou. Ons sondig wanneer ons geen vertrouwe in Hom stel nie – Hy wat sy geliefde Seun gestuur het om ons te red. Jesus het mens geword, sodat ons by God kan uitkom. Vir alle mense en vir alle tye is Hy die waarborg van die Vader se liefde vir die mens. Hy, Jesus, wat die Vader ken soos niemand anders nie, sê ons hoe God vergewe. Ons sondig teen ons medemense wanneer ons weier om ons brood met hulle te deel, wanneer ons nie met mekaar nie, maar teen mekaar lewe, wanneer ons ander verkleineer, kwets, bedrieg en belieg.

☞ Die belofte: *'soos ons ons skuldenaars vergewe'*, stem ooreen met die versoek, want dit gaan teen ons natuur in. Dit is baie moeiliker om onreg te verduur as om onreg te doen. Wie beledig, verraai, bedrieg of geïgnoreer word, wil wraak neem: 'Hy sal daarvoor boet; ek sal hom in eie munt terugbetaal; hy gaan nie maklik daarvan los kom nie; dit sal ek nooit vergewe nie; ek sal nooit weer met hom praat nie...'. En so word vriende vyande, bure word vreemdelinge vir mekaar.

Ons is almal gevang in 'n net van onreg en skuld, solank as wat ons dink dat wraak die enigste moontlike reaksie is wanneer onreg teen ons gepleeg word. Jesus laat ons sien hoe ons uit hierdie vangnet kan ontsnap, hoe liefde belediging en woede kan oorwin, hoe ons met diegene wat ons diep seergemaak het kan praat, hoe ons hulle '□ kans kan gee – en daarmee ook onself.

Jesus vertel ons hoe belangrik dit is om mekaar te vergewe: *'As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoek jou eers met jou broeder, en kom dan terug en bring jou gawe.'* Matteus 5: 23-24

VERGEWE ONS ONS SKULDE
 SOOS ONS OOK ANDER HUL SKULD VERGEWE.
 KOM ONS TEGEMOET,
 SOOS ONS OOK MEKAAR TEGEMOETKOM.
 NEEM ONS BY DIE HAND,
 SOOS ONS OOK MEKAAR BY DIE HAND NEEM.
 REKEN ONS ONS FOUTE NIE TOE NIE,
 SOOS ONS OOK NIE MEKAAR SE FOUTE TOEREKEN NIE.
 WEES GEDULDIG MET ONS,
 SOOS ONS GEDULDIG IS MET MEKAAR.
 GEE ONS NOG 'N KANS,
 SOOS ONS MEKAAR OOK NOG 'N KANS GEE.
 MAAK ONS STERK TEEN DIE VERSOEKING,
 SOOS ONS OOK MEKAAR IN VERSOEKING STEUN.
 VERLOS ONS VAN DIE BOSE,
 SODAT ONS U ALMAL SAAM KAN PRYS.

Ons kan net dié gebed wat Jesus ons geleer het opreg bid, as ons – elkeen van ons – mekaar vanuit die diepte van ons hart kan vergewe.

17.7 ONS VERSOEKING

God het ons vryheid gegee en daarmee ook die vermoë om volle verantwoordelikheid vir ons eie besluite te dra – ons kan self kies vir 'n lewe met God, 'n lewe van vertroue in sy woord, 'n lewe volgens sy gebooie. Ons kan ook kies om sonder God te lewe.

Soms twyfel 'n mens: Is God regtig lief vir my? Dit voel dan asof Hy my nie raaksien nie. Dit wil voorkom asof Hy Hom nie oor my bekommer nie. Hierdie is die werk van die Verleier, Hy wat altyd probeer om ons moedeloos te maak. Hy wat ons wil laat dink dat God nie in ons belangstel nie, dat God ons nie wil help nie. Hy wat ons daarvan wil oortuig dat 'n lewe sonder God gemakliker en lekkerder sal wees.

Die geskiedenis van dié verleiding, van hierdie verraad van liefde, begin al by die eerste man en vrou.

Verleiding of versoeking beteken om op die proef gestel te word, om iets te beleef wat jou geestelike ewewig aantast, iets wat 'n beslissing van my vra. Mense 'val' in versoeking. Wanneer ek versoek of verlei word, dan is dit eintlik my vryheid wat op die spel is. Dit is iets tussen my en my God.

Wie sterk wil bly in versoeking moet baie naby aan Jesus bly. Want Hy bly trou aan die Vader. Jesus se getrouheid is nooit tevergeefs nie. Ons kan ook daarop reken dat ons getroue God ons die regte pad sal wys in ons uur van versoeking: *'Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra'* (1 Korintiërs 10: 13).

Ons vra God om ons in tye van versoeking te bewaar en te versterk. Daarom moet ons ook na aan mekaar bly en mekaar help en ondersteun. Ons moet seker maak dat ons nie mekaar in versoeking lei of laat struikel nie. 'n Mens wat alleen staan, is swak en kan maklik wankel. Waar daar baie in geloof verenig is, kan hulle met God se hulp die magte van die bose weerstaan.

LEI MY VOETE NIE IN DIE MAG VAN DIE SONDE NIE
 EN RED MY UIT DIE MAG VAN SKULD EN UIT DIE MAG VAN VERSOEKING
 EN UIT DIE MAG VAN ALLES WAT VERBYGAAN.
 UIT DIE JOODSE AANDGEBED

17.8 ONS VERLOSSING

Die boosheid en kwaad is oral in die wêreld – jy hoef dit nie te gaan soek nie. Natuurrampe, aardbewings, oorstromings, allerlei katastrofes wat soveel lewens vernietig. Die slagoffers vra hulleself af: *'Hoekom? Wat het ons gedoen om dit te verdien?'* Dikwels is mense self die oorsaak van ander se seerkry. Ons kan mekaar nie vertrou nie.

Wanneer ons bid: *'Verlos ons van die bose'*, dan bring ons al die ellende van die wêreld voor ons Vader in die hemel. Ons dink aan die rampe wat ons bedreig, maar ook aan die boosheid waarin ons – nie uit eie keuse nie – verstrik geraak het en wat ander ook verstrik. Ons dink aan wette en internasionale ooreenkomste wat bedoel is om oorloë voort te sit, om die magtiges nog magtiger te maak, en die rykes nog ryker, die armes nog armer en die mense wat afhanklik is nog meer afhanklik.

As Christene glo ons nie net in die 'bose' nie, maar ook in die 'bose een'. Die bose is die vyand van God, die duiwel wat aan die werk is. Hy is ook die mens se vyand. Hy probeer ons van God afrokkel, hy verlei ons en hy belieg en bedrieg ons, hy wil die mens aan sy kant kry. Hy wil verhoed dat ons God se wil doen en wil ons dwing om sy pad van haat en afguns te volg. Hy wil nie hê dat ons Jesus leer ken en Hom volg nie – hy wil ons die verderf inlei. Daarom ly ons dikwels onder die mag van die bose. Tog glo en weet ons dat die God van Jesus Christus sterker is as al die bose magte van hierdie wêreld. Solank as wat ons aan Hom vashou, kan ons sonder angs lewe in die vertrouwe op Hom wat die mag het om die kwaad te oorwin. Op die laaste dag sal die Here weer kom en met Hom die nuwe aarde van God, waarin God alles in alles is.

In elke Heilige Mis bid ons:

'ONS BID U, HERE, VERLOS ONS VAN ALLE BOOSHEID,
 EN DEUR DIE KRAG VAN U GENADE VUL ONS DAE MET VREDE;
 SODAT ONS, GESTEUN DEUR U BARMHARTIGHEID,
 VRY KAN WEES VAN SONDE EN BEVEILIG TEEN ALLE ANGS,
 TERWYL ONS WAG OP DIE SALIGE HOOP
 EN DIE WEDERKOMS VAN ONS HEILAND, JESUS CHRISTUS'.

17.9 ONS LOOF U, ONS PRYS U, ONS DANK U

Ons kan God om hulp vra, want Hy het ons lief. Ons kan tot Hom bid, want Hy is almagtig en kan ons gee wat ons nodig het. Hy is die Heer oor sy eie skepping en alles wat lewe is geskep om Hom te verheerlik. Ons glo dat God die vriend van die mens is, dat Hy altyd en oral in die skepping teenwoordig is. Ons weet dat dit goed is om aan God te behoort, dat dit goed is om Hom te dank en sy lof te besing.

'EN ELKE SKEPSEL

WAT IN DIE HEMEL EN OP DIE AARDE EN ONDER DIE AARDE EN WAT IN DIE SEE IS,

EN ALLES WAT IN HULLE IS, HET EK HOOR SÊ:

AAN HOM WAT OP DIE TROON SIT,

EN AAN DIE LAM KOM TOE DIE LOF EN DIE EER EN DIE HEERLIKHEID

EN DIE KRAG TOT IN ALLE EWIGHEID!

OPENBARING 5: 13

Daarom het die Christene vanaf die begin van die Kerk die volgende lofprysing (hoewel dit nie in die Bybel voorkom nie) aan die einde van die Onse Vader-gebed gevoeg:

WANT AAN U

BEHOORT DIE KONINKRYK,

DIE KRAG,

EN DIE HEERLIKHEID;

TOT IN ALLE EWIGHEID!

AMEN